Louise Viljoen tree in gesprek met twee stemme wat aanhou om diep spore in die Afrikaanse letterkunde te trap: **Joan Hambidge** en **Johan Myburg.** *Amberkamer – Gedigte uit die 21ste eeu* is 'n keur uit Hambidge se werk wat saamgestel is deur Karen de Wet. *Steierwerk* is die jongste bundel uit Myburg se pen, en volg op *Narreskip* (2022) en *Uittogboek* (2017) wat in 2020 met die Hertzogprys bekroon is. Die digters lees ook voor uit hulle werk.

4 OKT 13:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

EK IS NIE DANIE: DIE BOEKBESPREKING

Aangebied deur **Flyleaf**

Ek is nie Danie is 'n versamelbundel wat hoogtepunte uit **Danie Marais** se vier vorige digbundels byeenbring: *In die buitenste ruimte* (2006), *Al is die maan 'n misverstand* (2009), *Solank verlange die sweep swaai* (2014) en *Ek en jy bestaan nie* (2024). Die bundel is gebore uit die wegholsukses van die gelyknamige verhoogproduksie met **Albert Pretorius. Bibi Slippers** praat met Marais en Pretorius oor gedigte, musiek, misverstande en verlange – en die fenomeen wat *Ek is nie Danie* geword het.

4 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

THREE PART HARMONY


Aangebied deur **Dryad Press, Jacana, Granta**

Drie digters lees voor uit hulle werk om die onverwagse harmonieë tussen uiteenlopende stemme te belig. **Sarah Uheida** (*Not This Tender*), **Paula Fourie** (*Inked in Bone*) and **Zubayr Charles** (*the sad boy's starter pack and other poems*) bederf die gehoor met 'n keur uit hulle bundels. Die voorlesings is deurdrenk met die lewe en toorkrag wat slegs gebeur wanneer digters hulle eie woorde hardop laat weerklink.

4 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓔ







HOOGSTE BOME

Die hoogste bome vang blykbaar die meeste wind... Maar waar sal hierdie wind vandaan kom? By die fees is dit die digters wat die onaantasbares gaan gas gee. In hierdie voorlesing van nuwe verse word sonder skroom kritiek gelewer op die politieke elite, die magsbepte miljardêrs, tiranne en tegnokrate. Hoogstaande vermaak deur digters soos **Loftus Marais, Herman Wasserman, Anouk Cronjé, Desmond Painter** en **Rentia Weber**.


4 OKT 17:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur
Ⓐ Ⓔ

TOM DREYER: FEESDIGTER EN VRIENDE

Aangebied deur **Queillerie**

Dis nie net rocksterre wat 'n konsert in 'n jol kan omskep nie. Ons feesdigter, **Tom Dreyer,** hark 'n hand vol vriende nader vir 'n aand van digkuns en deuntjies. **The Buckfever Underground** sorg vir die perkussie, en 'n kavalkade van ons beste digters staan reg om saam met Dreyer hulle ding te doen: **Danie Marais, Alfred Schaffer, Bibi Slippers, Alwyn Roux, Jennifer Pape, Charl-Pierre Naudé, Churchill Naudé, Lynthia Julius** en **Toast Coetzer.** Vriende, verhoog en verse oor die mikrofoon. Dís die magiese krag van die woord.

4 OKT 19:00
90 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur
Ⓐ Ⓔ



DIGKUNS




BRIEF OP 25 VOET

Aangebied deur **Kwela** en **Queillerie**

Ons feesdigter, **Tom Dreyer,** se gedigte is nie hoogdrawend of hoogheilig nie. Sy werk maak 'n mens opnuut bewus van die wonderwerke wat gewone dinge dikwels is, en leer jou hoe om met nuwe oë na die wêreld om jou te kyk. Slaan jou nuwe oë op vir dié gratis voorlesing uit Dreyer se twee bundels, *Nou in infrarooi* en *Brief op veertigduisend voet*. Die verhoog is die Erfurthuis se balkon – dis waar jou daaglikse dosis poësie vandaan sal kom.

7 OKT 12:00
30 min | Erfurthuis
Gratis
Ⓐ



HOOG TUSSEN DIE TAKKE: VOËLGEDIGTE

Ons feesdigter, **Tom Dreyer,** is 'n voëlkyker! Die *Roberts-voëlgids* ontmoet *Groot verseboek* in hierdie wandeling deur die botaniese tuin. Kom hoor hoe Dreyer en ander digters die gevleueldes in die fyn net van die woord vasvang en in hulle digkuns laat sing. Van die vrolike vink tot die verhewe valk en daai arme onredbare rooiborsduif waarvan ons almal bly weet: Hierdie is verse met vere en voorlesings met vlerke.

9 OKT 09:00
60 min | US Botaniese Tuin
R65 | R95 by die deur Ⓐ

OGGENDKOFFIE MET TOM DREYER

Kom drink 'n koffie saam met vanjaar se feesdigter. **Marius Swart** vra **Tom Dreyer** uit oor sy jongste bundel, *Brief op veertigduisend voet*. Speel koffie of ander middels 'n rol in sy skryfproses? Skryf hy graag op vliegtuie of in voertuie? Wat is sy grootste inspirasies en irritasies? Kom kyk self wat die verskil is voor en nadat die kafeïen inskop, en bring jou eie vrae saam.

6 OKT 09:00
45 min | Die Khaya-kafee
Gratis Ⓐ

POETRY CRAWL

Aangebied deur **uHlanga, Protea Boekhuis**

Shane van der Hoven (*Kruiper/Crawler*) is die kurator van ons Poetry Crawl. Die gehoor beweeg soos een groot gogga met baie bene na venues binne stapafstand van die Toyota Stellenbosch Woordfees-hoofkwartier. Hulle spits hulle talle ore om na vier digters te luister wat in verrassende ruimtes voorlees. Van der Hoven het vir **Kirsten Deane** (*Disabled, But*), **Fourie Botha** (*Kolam*) en **Paul Kammies** genooi om saam te kruip op hierdie tog, wat op 'n hoë noot met 'n partytjie in 'n parkeerterrein sal eindig – soos dit soms maar gaan.

3 OKT 19:00
180 min | Ontmoet by Erfurthuis
R50 | R80 by die deur Ⓐ Ⓔ

POTE EN POËTE

Vat 'n hond en stap saam terwyl ons langs die pad na hondegedigte luister. Die Diere-welsynsvereniging Stellenbosch (AWSS) bring brakkies fees toe – al kan jy nie nou een aanneem nie, kan jy steeds 'n hond op 'n stappie neem terwyl jy woordkuns en vars lug inneem. Met **Tom Dreyer** en ander.

5 OKT 09:00
60 min | Ontmoet by Die Khaya-kafee
R50 | R80 by die deur Ⓐ Ⓔ










ZINE LAUNCH: HI-FI & ONS KLYNTJI

In samewerking met **Klyntji.com**

Kry 'n oordosis low-fi-leesplesier by die bekendstelling van die tweede uitgawe van die Toyota Stellenbosch Woordfees-zine, *Hi-Fi,* en die spesiale uitgawe van *Ons Klyntji* om hul 130ste bestaansjaar te vier. Suid-Afrika se eerste en oudste tydskrif in Afrikaans en die fees se oudste en enigste handgemaakte publikasie hou dit rou met 'n gesamentlike *open mic* waar medewerkers hulle werk kan voorlees. Bring jou vriende en kom vier twee selfpublikasies met siel.

10 OKT 16:00
60 min | Aandklas
R50 | R80 by die deur (Hi-Fi-zine ingesluit)

Ⓐ Ⓔ



BOEKKLUB



Jou kaartjie sluit 'n gratis glas wyn in.


BOESAK: UNAUTHORISED

Aangebied deur **African Perspectives**

Toe die apartheidsregering gedink het alle teenkanting is stilgemaak, het die uitdagende stem van Allan Boesak uit Kaapstad opgeklink. Die joernalis **Dennis Cruywagen** ondersoek hierdie komplekse nalatenskap in sy boek *Boesak: Unauthorised*. Hy volg Boesak se pad van vreeslose anti-apartheidsleier tot die eerste hoëprofiel-aktivis wat ná 1994 tronk toe gestuur is. Cruywagen en die mediapersoonlikheid **Heindrich Wyngaard** bespreek hoe Boesak die staat se smeerveldtogte oorleef het, sy omstrede sondeval, en die onvervulde droom van 'n Suid-Afrika waar almal werklik gelyk is.

5 OKT 18:45
75 min | Netwerk24-diskoerstent
R75 | R105 by die deur

Ⓐ Ⓔ



DIE HUILENDE BRUID

Aangebied deur **Painted Dog Press**

In *Die huilende bruid en ander versinsels* weef **Dominique Botha** outobiografie en fiksie saam tot 'n lewendige portret van die Suid-Afrikaanse landskap. In hierdie versameling van haar korter skryfwerk reis haar blik tussen die Hoëveld en Europa, familie-argiewe en kroegtoonbanke, humor en rou. **Danie Marais** gesels met Botha oor haar requiem vir Breyten Breytenbach, die legendariese oom Boxer, en die prismas van geheue en morele moegheid. Dis 'n gesprek oor taal, begeerte en die intieme afskeid van groot geeste.

6 OKT 18:45
75 min | Netwerk24-diskoerstent
R75 | R105 by die deur Ⓐ Ⓔ

PUPPET MASTER: THE SECRETS OF MARKUS JOOSTE

Aangebied deur **Jonathan Ball**

James-Brent Styan verklap al die geheime agter die ineenstorting van Steinhoff - Suid-Afrika se grootste korporatiewe bedrogsaak nóg. Danksy toegang tot die volle forensiese verslag van PWC herbesoek Styan die Steinhoff-saak en bring nuwe inligting en bewysstukke na vore rakende Markus Jooste en sy Steinhoff-ryk. Steinhoff se skouspelagtige ineenstorting in 2017 het 'n spoor van gerugte en beskuldigings agtergelaat, maar Jooste se selfdood het talle vrae onbeantwoord gelaat. Wie het wat geweet? Hoe het dit alles eintlik gewerk? Styan vertel vir **Lourensa Eckard** wat hy ontdek het in die middel van hierdie kaartehuis wat soveel mense reg oor die land geraak het.

7 OKT 18:45
75 min | Netwerk24-diskoerstent
R75 | R105 by die deur Ⓐ Ⓔ

TOBIE CRONJÉ: DIE BIOGRAFIE

Aangebied deur **Protea Boekhuis**

"Twee van die grootste lesse wat ek al in my lewe geleer het is om jou naaste lief te hê soos jouself, en om nie te eet terwyl jy nies nie." Dié brokkie wysheid is maar één van die skatte wat **Chris Vorster** uit drie jaar se onderhoude met **Tobie Cronjé** opgediep en tot 'n vermaaklike en insiggewende biografie verwerk het. **Susanne Beyers** gesels met die biograaf én die onderwerp, op dieselfde geselstrant as in dié wonderlike boek.

8 OKT 18:45
75 min | Netwerk24-diskoerstent
R75 | R105 by die deur Ⓐ

KITSIE: MEMOIR OF A BOMB-SQUAD BOK

Aangebied deur **Jonathan Ball**

Van skolerugby-wonderkind tot Stormers-kaptein, van Springbok-glorie tot die lewe weg van die rugbyveld – beleef die verhaal van die formidabele voorspeler wat dalk die mees bekende lid van die Bomb Squad en 'n hoeksteen van die Springbokke se wêreldoorheersing was. **Steven Kitshoff** keer terug na Stellenbosch vir 'n prettige en eerlike gesprek met **Marco Botha.** Die skrywer **Michael Vlismas** deel stories oor hoe hy hierdie groot man agter die Bok-trui op skrif laat leef.

9 OKT 18:45
75 min | Netwerk24-diskoerstent
R75 | R105 by die deur Ⓔ



FIKSIE



FIKSIEFEES

Dis Albert Camus wat gesê het fiksie is die leuen waardeur ons die waarheid vertel. Die Toyota Stellenbosch Woordfees se eerste **Fiksiefees** is 'n oggend waar ons die skrywers van hierdie ware leuens en hulle boeke in die kollig plaas en ons verlekker in hulle stories. Gesprekke, praatjies, aanbiedings en perspektiewe – hier kyk ons uit alle hoeke na storieboeke. Met onder andere **Deon Meyer, Irna van Zyl, Anton Roodt, Allen Grootboom, Michéle Meyer, Zelda Bezuidenhout, Carel van Rooyen, Theolla Langenhoven, Martin Steyn** en **Daniël Lotter**. **Bibi Slippers** en **Susan Booyens** is die aanbieders.

9 OKT 09:30-12:30
180 min | EasyEquities Skrywerskamer
R100 | R130 by die deur Ⓐ

BOEI

Aangebied deur **Protea Boekhuis**

Jean Meiring is al aangeprys as een van ons voorste boekresensente. Hy benader die resensiekuns nie as 'n vinnige oordeel of verbruikersgids nie, maar as 'n vorm van openbare denke. *Boei*, 'n bundel waarin 85 van sy boekresensies oor twee dekades byeengebring is, dien as die vertrekpunt vir 'n breër gesprek oor resensies, en hoe sake in die plaaslike literêre resensietoneel staan. **Deborah Steinmair** en **Kerneels Breytenbach** gesels saam.

10 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

DIE OORKANT

Aangebied deur **Tafelberg-uitgewers**

Annemarié van Niekerk het in 2023 opslae gemaak met haar memoires, *Onder 'n bloedrooi hemel*, wat ook in 'n suksesvolle teaterproduksie verwerk is. Nou is sy terug met 'n roman: *Die oorkant* vertel die verhaal van Ada wat noodgedwonge van haar grootwordplaas moet weggaan, maar dan ná twee dekades terugkeer en deur daaroor te skryf die skimme van haar verlede probeer tem. **Cintaine Schutte** gesels met Van Niekerk oor die boek, stories en die genesende krag van die natuur.

7 OKT 10:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

DIE SERWIËR

Aangebied deur **Queillerie**

Twee Van der Merwes loop by 'n skrywerskamer in… Een van hulle is **Carel van der Merwe,** bekroonde skrywer van boeke soos *Geldwolf, Donker stroom* en *Kansvatter*. Die ander is **Schalk van der Merwe,** historikus, musikant en ywerige leser van spioenasiefiksie. Maar hierdie is nie 'n grap nie: Wat volg, is 'n gesprek oor Carel se jongste boek, *Die Serwiër*. Schalk gaan Carel uitvra oor genrefiksie, die skryfproses, en hoe dié riller die sluier lig op Suid-Afrika se verstrengelde kriminele en politieke onderwêreld.

7 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

DIE VROU MET NEGE LEWENS

Aangebied deur **Queillerie**

Op die drumpel van 60, met haar jongste kind op pad uit die huis, sukkel die hoofkarakter van *Die vrou met nege lewens* om rus in haarself te vind. Die enigste konstante blyk haar versorging van katte te wees wat soos 'n draad deur haar lewe loop. **Debbie Loots** se jongste roman gaan oor die soeke na betekenis en vrae oor die doel van die lewe, en word deur 'n gevreesde siekte op die spits gedryf. **Gretha van der Merwe** vra die vrae.

7 OKT 11:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

DIEREREIM

Aangebied deur **Tafelberg-uitgewers**

Etienne van Heerden se nuwe roman, *Diereriem*, is 'n verrassende wending in sy oeuvre: 'n literêre spioenasieverhaal wat ook oor tragiese liefde handel én 'n reisstorie is. Drie Stellenbosse studente word gewerf as agente vir die geheimsinnige "Diereriem" en word onlosmaaklik aan mekaar verbind deur 'n kampustragedie.
Thys Human ondervra die skrywer.


10 OKT 11:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

'N DUBBELDOSIS KORTKUNS


Aangebied deur **Protea Boekhuis, Turksvy Publikasies**

Anna-Bet Stemmet en **Frederick Botha** gesels oor die kontraste van die menslike ervaring in hul kortkuns. *Goed wat gebeur het met mense op plekke* is 'n emosionele palate cleanser wat die skoonheid en absurditeit van die alledaagse vier. *Seuns weet* verken seksualiteit, geloof, selfaanvaarding en menseverhoudings. Saam ondersoek dié twee alumni van die Toyota Stellenbosch Woordfees-kortverhaalwedstryd die volle spektrum van emosies.

3 OKT 13:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ







GRENSLOOS

Aangebied deur **Tafelberg-uitgewers**

Die wag is uiteindelik verby: Daar is ’n nuwe boek deur **Wilna Adriaanse** op die rak! *Grensloos* is ’n verhaal vol spanning en intrige, maar die meesleurende karakterverhoudings waarvoor Adriaanse so geliefd is, bly nie agterweë nie. In die Adriaanse-familie loop skryf in die bloed. Twee van haar drie seuns is op verskillende maniere professionele storiemans, en albei het ingestem om hulle ma te kom uitvra oor haar jongste “kind”. Die akteur, skrywer en regisseur **Beer Adriaanse** en die skrywer en uitgewer **Jaco Adriaanse** gesels saam.

9 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

JEANNE VERTEL

Aangebied deur **Hemel & See**

Jeanne vertel stel die boekliefhebber bekend aan een van die gewildste skrywer-digters in Afrikaans. Wyle Jeanne Goosen (vertolk deur **Winnie Rust Nel**) gaan, asof sy steeds mét ons is, op haar rusbank lê en gesels oor haar lewe, haar liefdes en haar werk. Daarna sal **Nini Bennett** met **Petrovna Metelerkamp** gesels oor die publikasie van die boeke wat ná Goosen se dood in 2020 verskyn het: *Los gedagtes*, *Het jy geweet ek kan toor*, *’n Lewe vol sinne*, *Sneeu in die Karoo* en die jongste, *Jeanne vertel*, ’n versameling van hoofsaaklik ongepubliseerde prosa.

10 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ






Wilna Adriaanse

LOUIS VILJOEN: SELECTED PLAYS

Aangebied deur **Karavan Press**

As dramaturg is **Louis Viljoen** bekend vir sy fyn, ingewikkelde taalgebruik en die ongemaklike intimiteit in sy dramas wat gehore vasgenael hou. Die versamelbundel *Selected Plays* bring vir die eerste keer tien van Viljoen se kragtigste toneelstukke byeen. Die aktrise **Emma Kotze,** een van Viljoen se gereelde medewerkers, gesels met die dramaturg oor die vakmanskap, chaos en die aard van die Suid-Afrikaanse teater, asook die uitdagings om sy donker werk op te voer.

5 OKT 11:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ Ⓔ



EasyEquities

Belê in jou volgende hoofstuk.

Begin bou aan jou aftrede - of bring dit saam.
Dra 'n aftree-annuïteit oor na EasyEquities en kry 1% terug.

Bepalings en voorwaardes geld.



Lees meer:

https://www.easyequities.co.za/ra-transfer

B's en V's geld. EasyEquities is 'n gemagtigde finansiëledienste-verskaffer (PDP 22588) en gelisensieerde ODP (ODP44).


OGGENDKOFFIE MET JOAN HAMBIDGE

Aangebied deur **Protea Boekhuis, Naledi**



Voor **Joan Hambidge** se 70ste verjaardag in September vanjaar verskyn drie boeke uit haar pen: 'n versamelbundel van uitgesoekte gedigte; haar jongste roman, *Hart sonder hawe*; en 'n huldigingsbundel vir haar ontslape vriend Johann de Lange (met Johann Lodewyk Marais as medesamesteller). **Ronel Foster** gesels met Hambidge oor die roman, die huldigingsbundel, en ander hoogtepunte in haar lang loopbaan as skrywer, akademikus en resensent. ('n Gesprek oor die versamelbundel, *Amberkamer – Gedigte uit die 21ste eeu* vind plaas by die Dag van Poësie.)

5 OKT 09:00
45 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis, koffie te koop Ⓐ



OGGENDKOFFIE: THE DOGS OF VIVO

Aangebied deur **Pan Macmillan**

"You can't win it all. But everything, and I mean everything, can be lost." **Sven Axelrad** keer terug na die fees om lesers weer te neem na Vivo, die ruimte waarin sy romans *Buried Treasure* en *God's Pocket* afspeel. In *The Dogs of Vivo* ontmoet ons vir Art, Maggie en Felix, wat al hulle tyd by die Mean Monsoon verwyl terwyl hulle drink en droom van sukses. **Lou-Marié Kruger,** 'n medehondeliefhebber, gesels met Axelrad, en ná die boekgesprek kry ons almal die kans om die honde van die Eikestad te ontmoet wanneer ons vriende by die Stellenbosse Dierewelsynsvereniging van hulle woefies bekend stel wat 'n huis nodig het.

10 OKT 09:00
90 min | Die Khaya-kafee
Gratis, koffie te koop Ⓔ

REBEKKA VAN KAMEELDOORNPLAAS

Aangebied deur **Penguin Random House**

Die immergewilde **Irma Joubert** is terug by die fees met haar jongste roman. *Rebekka van Kameeldoornplaas* vertel die verhaal van 'n plaaskind wat deur die noodlot in Engeland beland en met groot vrae moet worstel: Waar pas sy in hierdie wye wêreld in? Is sy Boer of Brit? **Elna van der Merwe** gesels met Joubert oor hierdie eerste aflewering van twee beplande boeke en oor die fyn balanseertoertjie tussen navorsing en verbeelding wat historiese fiksie van die skrywer vereis.

9 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

SKRYWERS OOR SKRYWERS: DIE BLOEDHONDE

Aangebied deur **Tafelberg-uitgewers, Jonathan Ball**

Julian Jansen het al verskeie stories oor gruwelike gebeure geskryf. Sy jongste boek fokus op die stasiemoordenaar wat die Kaapse Vlakte in die 1980's en 1990's geterroriseer het. **Nicole Engelbrecht** is die aanbieder van *True Crime South Africa*, Suid-Afrika se gewildste waremisdaad-poduitsending. In *Klipkoud* skryf sy oor misdade waar daar meer vrae as antwoorde in die bloedspore agterbly. Die twee bloedhonde vertel meer oor hulle boeke.


7 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ Ⓔ

WILD THINGS NEVER DIE

Aangebied deur **Penguin Random House**

Al worstel tannie Maria met 'n vrees vir die donker en ly haar hen aan post-traumatiese stresversteuring, is sy steeds op 'n missie: om die vetplantjies te red. Net **Sally Andrew** kan so 'n aweregse wêreld skep. **Sibongile Mafu** gesels met die skrywer oor die navorsing, reise en skryfwerk agter haar betowerende boeke. Verwag insigte oor vetplantstropery, 'n botanis-cowboy en tannie Maria se jongste gewaarwordings.

3 OKT 11:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓔ



WRITERS ON WRITERS: THE YOUNG GUNS

Aangebied deur **Kwela**

Mia Arderne het die literêre wêreld behoorlik laat regop sit met die publikasie van *Mermaid Fillet* in 2020, en nou is sy terug met 'n nuwe roman waarvan die titel reeds die "vibe" aankondig: *How to Stop Being a Naai.* Die digter, romanskrywer en dramaturg **Zubayr Charles** het vanjaar twee boeke op die rakke: 'n digbundel en sy debuutroman, *Haram*. Dié twee jong skrywers gesels oor hulle boeke, skryfwerk en jeugkultuur. En as daar dalk iemand is wat dit moet hoor, sal hulle verduidelik hoe jy ook kan ophou om 'n naai te wees.

3 OKT 17:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓔ

NIEFIKSIE



A DANCER'S REBELLION

jackï job is 'n danser, choreograaf, teatermaker, regisseur, vervaardiger en akademikus aan die Universiteit van Kaapstad. Sedert 1994 het sy al meer as 80 werke geskep en internasionaal saamgewerk oor Afrika, Asië, Europa en die VSA. Sy is dié Afrika-pionier van die Japannese dansteater-vorm, Butoh. **Gillian Mitchell** sal met jackï gesels oor haar monografie, *Choreographing Rebellion*, en die maniere waarop volgehoue kreatiewe werk, en spesifiek dans, betekenis aan ons lewens kan gee.

10 OKT 10:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

AANSTAP BOERE

Aangebied deur **Jonathan Ball**


Hoe maak 'n mens sin van die lewe in 'n ingewikkelde land met 'n betwiste verlede? **Max du Preez** se jongste boek, *Aanstap Boere* (ook in Engels beskikbaar as *The End of Normal*), bied 'n sinvolle ontleding van die kompleksiteite wat Suid-Afrikaners daagliks in die gesig staar. **Pieter du Toit** praat met Du Preez oor wat hy beskryf as "een van 2026 se belangrikste boeke". Met die voordeel van ouderdom en ervaring gee Du Preez weldeurdagte antwoorde op knelvrae.

5 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur
Ⓐ Ⓔ

AGGRESSIEWE WATER

Aangebied deur **Karavan Press**

Erika Viljoen se memoires, *Aggressiewe water,* is gebore uit briewe wat sy aan familie en vriende geskryf het toe die



gesin uitgewyk het na 'n stuk veld in die Klein-Karoo waar niemand anders nog permanent gewoon het nie. Wat vir baie mense net 'n droom is, het vir haar gesin 'n werklikheid geword – met al die swoeg en sweet wat daarmee saamgaan. Erika se kind, **Roland du Preez,** 'n kunstenaar, akteur en skrywer van die toneelstuk *Rescue Remedy*, tree met haar in gesprek.

6 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur
Ⓐ

BETHULIE: MY LEWE IN DIE KAMP

Aangebied deur **Tafelberg-uitgewers**

Die 23-jarige Rensche van der Walt se aangrypende dagboek vertel van die lewe in die Bethulie-konsentrasiekamp tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), of te wel die Suid-Afrikaanse Oorlog. Sy skryf in skokkende detail oor die siektes, wanvoeding en oorbevolking wat Boeregesinne daar moes verduur. Dit word nou vir die eerste keer in 60 jaar weer uitgegee. Van der Walt se dagboek word verryk met hoofstukke deur historici soos **dr. Johan van Zÿl** van die Oorlogsmuseum en die Suid-Afrikaanse oorlogkenner prof. Fransjohan Pretorius. **Esté Kotze** gesels met Van Zÿl.

8 OKT 10:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

CURRO: DIE HELE STORIE

Die sakejoernalis **Ryk van Niekerk** kry die hele storie oor Curro by die man wat die skolegroep begin het en die vrou wat steeds een van die leiersfigure is. **Dr. Chris van der Merwe,** die onderwyser wat 'n sakereus geword het, het Curro in 1998 met sy skeidingspakket begin en uitgebou tot 'n Suid-Afrikaanse suksesverhaal. **Mari Lategan,** adjunk- uitvoerende hoof, gesels saam oor die nuwe boek *Curro: The Art of Creating True Wealth*, wat Van der Merwe saam met Elmari Rautenbach geskryf het.

8 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ Ⓔ

DAVE PEPLER: SMELT

Dave Pepler se jongste boek gaan oor verandering. Komplekse stelsels, selfs eenvoudiges, is stabiel totdat iets dit beïnvloed en die ganse stelsel 'n faseverandering ondergaan. Ys word water, water word stoom. Dit geld ook vir die mens. Die een dag is ons stabiel en gelukkig; die volgende dag verpletter. Een dag is ons gesond en sterk; die volgende dag siek of geestelik gebroke. *Smelt* speel in op hierdie subtiele verskynsel – fases in die natuur en by die mens. **Bibi Slippers** gesels met Pepler.


6 OKT 10:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

DIE GESKIEDENIS VAN BRAAIBROODJIES

Aangebied deur **Flyleaf**

Die geskiedenis van braaibroodjies volg **Frans de Villiers** wat die storie van hierdie klassieke braaikos naspoor. Hy kyk 300 jaar terug in die geskiedenis en bestudeer ou resepteboeke, krap in kerkargiewe rond en vind leidrade en bestanddele in boerekalenders, reisjoernale, VOC-korrespondensie, koerante en tydskrifte. Natuurlik kry hy ook honderde handgeskrewe familieresepte onder oë. Wat hy ontdek, is meer as 'n ontstaansverhaal: Dit is die geskiedenis van Afrikaners, vertel deur vuur, witbrood, kaas, uie, tamaties en – of jy daarvan hou of nie – blatjang.

9 OKT 17:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ





Daniëlla van Heerden

DIE HART VAN 'N MA

Aangebied deur **Naledi**

Die joernalis **Daniëlla van Heerden** se immergewilde poduitsending *'n Ma & 'n mikrofoon* is die inspirasie vir haar boek *Die hart van 'n ma*. Al die fases van ouerskap word in die bundel bespreek en gevier: die onsekerheid van 'n eerste swangerskap, die opwinding van 'n pienkvoet, die uitdagings van die tienerjare en die heimwee van 'n leë nes. Van Heerden neem 'n splinternuwe episode op met **Dominique Olivier,** skrywer van *Lessons from Loss – Life on the Other Side of Grief* as haar spesiale gas.

3 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

Ⓐ Ⓔ



DIE GESKIEDENIS VAN RESEPTEBOEKE

Ontdek die fassinerende geskiedenis van Suid-Afrikaanse resepteboeke in hierdie boeiende praatjie deur die skrywer, entrepreneur en amateur-historikus **Frans de Villiers,** skrywer van *Die geskiedenis van braaibroodjies*. Kom leer meer oor van die oudste plaaslike resepteboeke en manuskripte wat nog bestaan, met spesiale aandag aan publikasies rondom die eeuwisseling, die invloedryke werke van C. Louis Leipoldt, die verskynsel van resepte uit ou tydskrifte soos *Huisgenoot*, en die opkoms van braairesepteboeke as 'n unieke kultuurverskynsel. Die gesprek bied 'n ryk blik op ons kos, kultuur en geskiedenis.

8 OKT 12:30
60 min | Hofmeyrsaal
R50 | R80 by die deur

Ⓐ Ⓔ



HISTORIESE ALMANAK

Aangebied deur **Turksvy Publikasies**

Historiese almanak is 'n keur uit **Albé Grobbelaar** se gewilde radio-praatjies en koerantrubrieke oor gebeure van die verlede. Dit is reeds vroeg in 1982 die eerste keer op die senders van die ou Afrikaanse Radiodiens (die voorloper van RSG) uitgesaai, in 'n era toe internetnavorsing nog nie moontlik was nie. Reg van die begin af was dit die unieke aanslag van hierdie programme en rubrieke wat luisteraars en lesers vasgenael gehou het. Kom luister na dié meesterjoernalis in aksie.

8 OKT 11:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

Ⓐ

IMPERFECT HARMONY

Aangebied deur **Xarra Books**

Die dirigent en tjellis **Kutlwano Masote** besin oor 'n lewe wat tussen musiek en familie afgespeel het. Van die orkesruimte tot in die hart van sy huis deel Masote 'n eerlike, diep persoonlike verhaal van liefde, verlies, verslawing en verlossing. In hierdie gesprek oor sy pragtige, liriese memoir gesels Kutlwano met die boekjoernalis **Elna van der Merwe** oor wanbalans en harmonie in die lewe. Hy bederf ook die gehoor met twee stukke op die tjello: "Die swaan" uit Camille Saint-Saëns se *Karnaval van die diere* en die Prelude uit J.S. Bach se eerste tjellosuite.

8 OKT 12:00
60 min | Fismer
R50 | R80 by die deur (E)

LYFLUISTER

Met **Gretha van der Merwe, Frieda van den Heever** (gespreksleier)

Wat is heilig aan menswees? In hierdie gesprek gesels Gretha van der Merwe, die skrywer van *Lyfluister,* oor hoe spirituele ontwaking en sielkundige ontwikkeling 'n lêplek in die lyf vind. In *Lyfluister* vertel sy hoe haar lyf 'n kompas geword het vir die reis deur die skadukante, polariteite en misterie van die lewe om haar menswees meer volkome te beliggaam. Sy deel ook praktiese wenke om heilsame gewoontes te koester, na jou vrese te luister en dit te oorkom.

6 OKT 17:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (A)



Carla Venter

OGGENDKOFFIE EN GELDSAKE

MONEY WITH CARLA

Aangebied deur **Penguin Random House**

Carla Venter, beter bekend as die internet se geldghoeroe @moneywithcarla, is die skrywer van *Money with Carla – Your No BS Guide to Building Wealth* waarin sy praktiese raad deel om jou te help om rykdom te bou en finansieel onafhanklik te word. Carla maak die basiese beginsels van belegging maklik sodat enigiemand geld kan belê sonder die hulp van duur makelaars of bankiers. **TJ Strydom** sal met Carla gesels.

7 OKT 09:00
45 min | Standard Bank Endler
Gratis (koffie te koop) (A) (E)

OGGENDKOFFIE EN HONDE


DOGGONE DAYS

Aangebied deur
Booktown Richmond Press

Doggone Days is die Afrikaans-dosent **Darryl David** se boek met foto's, kort stories en anekdotes oor die meer as 100 dorpies wat hy en sy gesin al saam met hulle honde besoek het. Kom luister na sy hondestories, en sluit na afloop van die boekgesprek by ons aan vir 'n kort stappie met jou eie hond óf een van dié wat ons vriende by die Dierewelsynsvereniging fees toe bring.

8 OKT 09:00
90 min | Die Khaya-kafee







Gratis (koffie te koop) Ⓐ Ⓔ

OPREISFONTEIN

Hoeveel plekke in Suid-Afrika het fonteinname, dink jy? In hierdie unieke boek teken die kultuurhistorikus **Matilda Burden** 5 630 plekname aan wat eindig met die woord "fontein". Dit het haar agt jaar geneem en sy het 146 000 km gery agter hierdie fonteinplekke aan! Burden vertel die stories agter die name en deel staaltjies oor die reise wat sy moes onderneem om die plekke te vind en die foto's te neem. **Sophia van Taak** lei 'n gesprek wat gaan draai by Beskuitfontein, Voëlroepersfontein en Koesterfontein.

3 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ

RITES OF PASSAGE
THE ART OF HOUGAARD WINTERBACH

Die kunstenaar **Hougaard Winterbach** skep al vyf dekades lank werk wat die grense tussen sogenaamde "hoë kuns" en popkultuur laat vervaag. In sy werk sien 'n mens die invloed van die Westerse kunstradisie, maar ook merkers van strokiesprente, rock-ikonografie ensomeer. Die boek *Rites of Passage – The Art of Hougaard Winterbach* is deels 'n kunstenaarsbiografie en deels 'n bestekopname, 'n dokument wat die kunstenaar se ontwikkeling oor 50 jaar opteken, met afbeeldings van tekeninge, juweliersware en beeldhouwerke. **Anton Kannemeyer,** 'n jare lange vriend van Winterbach, sal met hom gesels oor sy werk en oor hierdie publikasie waarin sy reis as kunstenaar, belangstellings, invloede en hartstogte byeengebring word.

Ondersteun deur **Naledi**


8 OKT 14:30
60 min | Festivalstraat 42, Jamestown
R50 | R80 by die deur Ⓐ Ⓔ


THE SMALLEST ONES

Aangebied deur **Penguin Random House**

Die joernalis en skrywer **Karin Brynard** gesels met **Popina Khumanda** oor haar aangrypende memoires, *The Smallest Ones*. As oorlewende van die bloedige konflik in die Demokratiese Republiek van die Kongo vertel Khumanda van haar gevangenisname deur rebelle, die gruwels van kindersoldate en haar epiese vlug na Suid-Afrika. Hierdie verhaal getuig met onverskrokke eerlikheid van die duisternis van oorlog en die veerkragtigheid van onskuldige lewens. Sluit aan vir 'n kragtige gesprek wat die onstuitbare menslike gees en wil om te oorleef vier.







6 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (E)

TWEE WORD EEN

In *Twee word een* dink **dr. Beryl Botman** na oor haar lewe en verhouding met haar ontslape man. Prof. Russel Botman, 'n voormalige visekanselier en rektor van die US, is 12 jaar gelede oorlede. Haar jongste werk fokus op die eerste 18 maande van hulle verhouding en die laaste 18 maande van sy lewe. **Haidee Muller-Isaacs** gesels met haar.

3 OKT 10:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (A)

UIT DIE SKATKIS VAN DIE 'WAT'

Aangebied deur die **Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)**

Oral waar mense Afrikaans praat, leef daar unieke woorde en uitdrukkings. In die WAT word dié skatte bewaar. Om die 100ste bestaansjaar van die WAT te herdenk is 100 rubrieke deur **Jana Luther** gebundel in *En nog WAT*. Sy en ander WAT-redaksielede gesels oor interessante woorde en uitdrukkings, etimologieë en staaltjies, en deel van die toekomsplanne van die WAT ná Z. **Kabous Meiring** praat met **Luther, Gerhard van Wyk** en **Alet Cloete.**

8 OKT 16:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (A)

WIM: 'N DEKADE SE LEIERSKAP IN VERANDERENDE TYE

Aangebied deur **Flyleaf**

Prof. Willem Johan Simon de Villiers (gebore in 1959) het van 2015 tot 2025 as die twaalfde rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch gedien. *Wim: 'n Dekade se leierskap in veranderende tye* is deel van 'n ou tradisie by die universiteit om te besin oor en boek te hou van sy visekanseliers se ampstermyne. Sluit aan by De Villiers en 'n paneel van medewerkers wat gesels oor hierdie bundel anekdotes, stories en vertellings oor die vreugdes en uitdagings van leierskap in tye van verandering.

5 OKT 10:00
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (A) (E)




WRITERS ON WRITERS: ELECTION EDITION

Aangebied deur **Jonathan Ball**

Vanjaar is 4 November verkiesingsdag in Suid-Afrika, dus ons kan verwag om gebombardeer te word met konstante veldtogte, verwarrende boodskappe van alle kante en oortuigende propaganda. Hoe maak 'n mens sin daarvan, hoe hou jy jou kop te midde van al die geraas, en hoe neem jy sinvolle en verantwoordelike besluite by die stembus? As verteenwoordigers van die nuwe geslag politieke kommentators deel **Tara Roos** (*Where to from Here*) en **Dan Corder** (*The Miseducation of South Africa*) insigte uit hulle boeke – verwag vlymskerp en datagedrewe ontledings.

5 OKT 14:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓔ





WRITERS ON WRITERS: THE MEMOIRISTS

Aangebied deur **Penguin Random House, Tracey McDonald Publishers**

Dominique Olivier en **Lidia Rauch** ondersoek die moed wat nodig is om ingrypende persoonlike en historiese ervarings in prosa te omskep. Olivier se *Lessons from Loss – Life on the Other Side of Grief* navigeer die rou nasleep van ondenkbare tragedie, terwyl Rauch se *Apartheid's Granddaughter* die swaar erfenis van 'n politieke nalatenskap verreken. Saam bespreek hulle die weerloosheid van die memoiresskrywer se werk: Hoe ons mites afbreek, ons diepste ongemak konfronteer en 'n pad na herstel vind. 'n Roerende gesprek oor hoe skryfwerk pyn en herkoms in genesing kan verander.

6 OKT 11:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur Ⓐ Ⓔ





PARTYTJIES

BOEKMENSE, BRAAIBROODJIES EN BUURVROU

'n Easy Equities-skrywerspartytjie

Ons partytjie neem vanjaar 'n ander vorm aan: Kom ontmoet jou gunsteling-boekmense in 'n ontspanne atmosfeer terwyl almal saam vars braaibroodjies geniet en luister na Buurvrou, die Afrikaanse folksangers wat hulleself beskryf as 'n groep "bemindes, familielede en regte bure". Gesels oor boeke of die regte resep vir braaibroodjies en bewonder die beste skrywers van nader. Jou kaartjie verseker toegang – bier en braaibroodjies sal by die venue te koop wees.

9 OKT 19:00
120 min | Die Khaya-kafee
R50 | R80 by die deur

Ⓐ Ⓔ

KLYNTJI-KLUB

Aangebied deur **klyntji.com**

Ons Klyntji is die eerste en oudste Afrikaanse tydskrif wat in 1896 gestig is. Dit herleef in die jare veertig en vyftig, daarna in die 1990's – en sedertdien verskyn die gedrukte *Ons Klyntji*- literêre zine elke jaar. Klyntji.com is 'n onafhanklike webjoernaal wat sedert 2014 bestaan en fokus op diverse en progressiewe kuns en kultuur. Kom vier en bevraagteken 130 jaar sedert die eerste *Ons Klyntji* verskyn het.

In samewerking met **Jaco van der Merwe** (WÊRELD) en die kunstenaars **Die Hotel Henry, Jason B, Gktimo & Chefstibo, Dierbaar, Ultra-Mal,** 'n *surprise* DJ en ander. Laatmiddag tot donkernag. Klyn begin, aanhou win. #klyntjiklub

10 OKT 18:00
300 min | Aandklas
R100 | R130 by die deur

Ⓐ Ⓔ



LEEFSTYLBOEKE

Vir die leesvrate wat ook lekkerbekke is: Daar is vanjaar 'n wonderlike verskeidenheid kookboeke op ons program. Blaai na die LEEFSTYL-afdeling van die feesgids (bl. 208 tot 213), en kies na hartelus uit kosdemonstrasies, kombuispraatjies en ander vermaak vir smulpape met boekwurmneigings.


KLASSIEKE
MUSIEK
V
III



A POET'S SONG

Met **Janel Speelman, Esthea Kruger** (klavier)

In dié aanbieding word die emosionele spektrum ondersoek wat in die kuns-liedgenre vasgevang word. Die verband tussen poësie en musiek word ook beklemtoon. Sodoende word die kreatiewe verhouding tussen komponis en digter volledig ondersoek: Mahler en Rückert, Debussy en Verlaine, Calvocoressi en Ravel.

9 OKT 15:30
50 min | Fismer
R195-R250 | R225-R280 by die deur
Geen o.16



AMICI PLAYS AMICI

Met **Suzanne Martens** (viool), **Philip Martens** (viool), **Karin Gaertner** (altviool), **Peter Martens** (tjello)

Die Amici-strykkwartet gee 'n uitvoering van drie 21ste eeuse Suid-Afrikaanse strykkwartette. Deel daarvan is die wêreldpremière van nuwe werke deur Jonathan Blair en John Simon, en dan die nasionale première van Shane Woodborne se eerste strykkwartet. Kom, laat jou meesleur deur onvergeetlike, betowerende musiek wat jou altyd sal bybly.

8 OKT 16:00
70 min | Standard Bank Endler
R190-R270 | R220-R300 by die deur



AN ITALIAN SONGBOOK

Met **EuiHyun Park** (bas-bariton), **Pieter Grobler** (klavier), **Salon Music-strykorkes**

'n Betowerende huldeblyk aan die goue era van sang in Italië. Die Koreaanse bas-bariton **EuiHyun Park** tree op saam met die Salon Music-strykorkes onder leiding van Suzanne Martens. Dit is 'n ryk program vol hartstog en elegansie, en strek van Antonio Vivaldi tot Ruggero Leoncavallo. Kom luister gerus na hierdie boeiende konsert met die fluweelklanke van 'n wêreld-klas stem en uitgesoekte jong Stellenbosse strykers.

Orkestrasie en musiekverwerking **Willem Vogel**

Ondersteun deur die **Rupert-musiekstigting, Koreaanse Kultuursentrum, Fine Music Radio**

4 OKT 11:00
75 min | Standard Bank Endler
R195-R290 | R225-R320 by die deur

BEFORE TEXTING RUINED EVERYTHING

Met **Bronwen Forbay** (sopraan), **Christiaan Bester** (bas), **Jose Dias** (klavier)

In die opera *The Telephone* verander die komponis Gian Carlo Menotti 'n eenvoudige sitkamer in 'n komiese slagveld waar intimiteit voortdurend onderbreek word. Gesprekke ontspoor, tydsberekening misluk en verbinding glip net buite bereik. Onder die humor skuil die vraag: Wie luister werklik in 'n wêreld van eindelose geraas?

8 OKT 11:00
30 min | Fismer
R140-R200 | R170-R230 by die deur

CANTABILE

Met **William Berger** (bariton), **Magdalene Minnaar** (sopraan), **Schalk Joubert** (baskitaar), **Malané Hofmeyr-Burger** (fluit), **Elna van der Merwe** (klavier) en agt strykers

'n Verskeidenheid musiekstyle – van ligte klassieke werke tot moderne liedere en bekende rolprentmusiek – kan in dié program gehoor word. Ervaar die tydlose elegansie van *Suite Antique* en die hartstog van Caruso. Plaaslike gunstelinge soos "Kinders van die wind" en "Hier by my" kan ook gehoor word.

Komposisie en musiekverwerking **Antoni Schonken, Arthur Feder**

8 OKT 19:00
70 min | Standard Bank Endler
R205-R290 | R235-R320 by die deur


Magdalene Minnaar


Peter Martens

CELLISSIMO: KFO-TJELLOSEKSTET

Met **Peter Martens, Eddie McLean, Rosamund Roth, Matthias Remley-Ender, Dane Coetzee, Ashlin Grobelaar**

Tjello-ensembles is wêreldwyd gewild danksy die skoonheid van die klank en omvang van dié instrument. Die tjello-ensemble van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes is ongeëwenaar in Suid-Afrika en bied 'n wye repertorium aan – van oorspronklike komposisies en verwerkings van die groot klassieke werke tot musiek vir die silwerdoek.

6 OKT 11:00
60 min | Standard Bank Endler
R195-R290 | R225-R320 by die deur

CHARL DU PLESSIS-TRIO: BACH & BEATLES

Met **Charl du Plessis** (klavier), **Werner Spies** (bas), **Peter Auret** (tromme)

Die Charl du Plessis-trio is altyd aan 't vernuwe en verfyn aan hulle kuns van crossover. In *Bach & Beatles* word treffers soos "Yesterday", "Hey Jude" en "A Hard Day's Night" gestel teenoor die Tokkate in D en Air on a G-string van J.S. Bach. In die hande van die Charl du Plessis-trio word ooreenkomste en kontraste in hierdie uiteenlopende style beklemtoon in nuwe verwerkings van swing, blues en bossa nova. *Bach & Beatles* is met die Kanna-toekenning as beste musiekproduksie bekroon by die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees.

9 OKT 09:00 & 11:00
75 min | Standard Bank Endler
R195-R290 | R225-R320 by die deur
Geen o.14

CLAUDE BOLLING
SUITE VIR FLUIT EN JAZZ-TRIO

Met **Charl du Plessis** (klavier), **Peter Auret** (tromme), **Werner Spies** (baskitaar), **Malané Hofmeyr-Burger** (fluit)

Ervaar die klankwêreld van jazz-entoesiaste én klassiekemusiekliefhebbers met Claude Bolling se Suite vir Fluit en Jazz-trio. Hierdie meesterstuk is 'n meesleurende ervaring van twee wêrelde wat saamsmelt en jou voete behoorlik laat jeuk. Geniet daarmee saam die meesterlike verwerkings van Charl du Plessis.

Regisseur en musiekverwerking
Charl du Plessis

10 OKT 19:30
55 min | Standard Bank Endler
R195-R290 | R225-R320 by die deur

EGGO'S VAN LATYNS-AMERIKA

Met **Valentina Koleva-Vorster** (viool), **Reneé van der Westhuizen** (viool), **Karin Gaertner** (altviool), **Dane Coetzee** (tjello), **Nina Fourie-Gouws** (kitaar)

Die Da Cape'O-strykkwartet bied 'n opwindende program aan wat die ryk en diverse klankwêreld van Latyns-Amerikaanse komponiste ten toon stel. In hierdie konsert sluit die bekroonde kitaarspeler Nina Fourie-Gouws haar by die kwartet aan, wat 'n bykomende dimensie aan die musiek verleen. Die program beklemtoon die ritmiese lewenskragtigheid, liriese kwaliteit en ekspressiewe diepte wat kenmerkend is van Latyns-Amerikaanse klassieke musiek.

10 OKT 16:00
60 min | Fismer
R205-R260 | R235-R290 by die deur


Maya Egashira

GIOIOSO PIANO QUARTET

HOFMEYR, MOZART & SCHUMANN

Met **Suzanne Martens** (viool), **Maya Egashira** (altviool), **Peter Martens** (tjello), **José Dias** (klavier)

In hierdie konsert word die wêreldpremière van Hendrik Hofmeyr se nuwe Klavierkwartet aangebied. Dis geskryf op versoek van die tjellis Peter Martens. Ook op die program is W.A. Mozart se geliefde Klavierkwartet in G mineur (K478) en Robert Schumann se Romantiese meesterstuk, die Klavierkwartet in E-mol majeur, Op. 47.

11 OKT 19:00
95 min | Standard Bank Endler
R195-R290 | R225-R320 by die deur




Vanessa Phillips

IN THE BLINK OF AN EYE

Met **Die Odeion-strykkwartet: Samantha Durrant** (viool), **Sharon de Kock** (viool), **Jeanne-Louise Moolman** (altviool), **Anmari van der Westhuizen** (tjello), asook **Danré Strydom** (klarinet), **Cezarre Strydom** (klavier), **Jeannette Ziady** (danser), **Vanessa Phillips** (verteller)

In the Blink of an Eye is 'n multidissiplinêre produksie vir strykkwartet, klavier, klarinet, 'n verteller, danser en video. Musiek, beweging en gesproke teks word saamgespan tot 'n kragtige verkenning van klimaatsverandering. Die werk beweeg tussen die stadige polsslag van die oeraarde tot menslike ingryping wat dringend noodsaaklik is.

Regisseur, musiek en teks **Arthur Feder**
Choreografie **Jeannette Ziady**

6 OKT 20:00 | **7 OKT** 15:00
60 min | Fismer
R195-R250 | R225-R280 by die deur


Juliet String Quartet

JULIET STRING QUARTET: PLAYLIST

Met **Annien Shaw** (viool), **Matthew Campbell-Stead** (viool), **Azra Isaacs** (altviool), **Babette Roosenschoon** (tjello)

Wat sou die resultaat wees as die Juliet-strykkwartet 'n speellys saamstel uit hulle musikale hoogtepunte? *Playlist* is presies dit: 'n sorgvuldig saamgestelde keur van werke waarvoor die ensemble lief is, gespeel het, tans verken of wat spesifiek vir hulle geskryf is. Saam vorm dié stukke 'n helder weerspieëling van hulle unieke musikale identiteit. Die kwartet, wat in 2014 gestig is, bevorder nie net die strykkwartet-kanon nie, maar ook Suid-Afrikaanse komposisies.

7 OKT 11:00
60 min | Fismer
R195-R250 | R225-R280 by die deur

KANTATE

'N PROGRAM VAN EIETYDSE AFRIKAANSE KOORMUSIEK

Met **Aurum Cantores** (gemengde koor), **Winfried Lüdemann** (dirigent), **Marina Erasmus** (sopraan), **Van Wyk Venter** (tenoor), **Theresa van der Merwe** (klavier), **Emma Stiff** (eerste viool), **Vialli Mocke** (tweede viool)**, Rudolf Smit** (altviool), **Christiaan Naudé** (tjello)

Die werke in hierdie aanbieding beloof om 'n opwindendende koormusiekervaring te bied. Pieter van der Westhuizen se "Loof, loof, loof die Here" bekoor met melodiese ingewings, terwyl Chris Lamprecht se "Verbly jul in die Here" (1975) 'n vroeë bydrae tot die kantate-genre in Afrikaans is. "Genesing" (1991) deur Henk Temmingh is 'n uitdagende dog uitdrukkingsvolle werk vir koor, tenoor en strykers, en dan is daar "Geloofsbelydenis" (2025) van Ben van Niekerk, 'n belowende nuwe komponis. Die eerste uitvoering van Winfried Lüdemann se grootse "Kerfeeskantate" (2025) verruim die Afrikaanse kantate-genre op verbeeldingryke wyse.

10 OKT 18:30
65 min | Fismer
R195-R250 | R225-R280 by die deur


Jan Hugo

KLAVIER-ARIA: VAN HUMMEL TOT LISZT

Met **Jan Hugo** (klavier)

Laat die klavier sing! Hierdie program bring die liriese en dramatiese wêreld van die opera na die klavier, met werke van Johann Nepomuk Hummel, Sigismond Thalberg, Frédéric Chopin en Franz Liszt. Met enigiets van elegante salonstukke tot virtuose, operageïnspireerde klankwêrelde vang die program die passie, drama en poësie van die Romantiek vas. Dis 'n intieme musikale reis vol emosie, verbeelding en briljante klaviermeesterskap.

8 OKT 19:30
70 min | Fismer
R215-R270 | R245-R300 by die deur

KLAVIER-EXTRAVAGANZA III

Met **Francois du Toit, Esthea Kruger, Pieter Grobler, Susan Paterson-Jones, Megan-Geoffrey Prins** en ander

Klavier-extravaganza III gaan vir die derde agtereenvolgende jaar gehore trakteer op opwindende en geliefde klassieke werke. Kyk hoe die klaviere stelselmatig meer word... tot daar 'n allemintige 10 vleuelklaviere, 20 pianiste en selfs 'n orrel ingespan word!

Regisseur en dirigent **Nina Schumann**

Ondersteun deur **Johann Brink-trust**

5 OKT 16:00 & 19:30
100 min | Standard Bank Endler
R195-R290 | R225-R320 by die deur

LITTLE MAESTROS
CLASSICAL CONCERTS FOR FAMILIES

Met **Magdalene Minnaar**

Kom luister na nog 'n interaktiewe *Little Maestros*-konsert – dié slag luister ons na die blaasinstrumente! Klassieke musiek is 'n wonderlike ontwikkelingshulpmiddel vir kinders onder die ouderdom van sewe en dra by tot beter breinontwikkeling en konsentrasie. Dié pasgemaakte konsert is spesifiek op jong luisteraars gemik wat in 'n ontspanne atmosfeer musiek van W.A. Mozart, J.S. Bach en ander bekende klassieke meesters kan leer ken. Verwag heelwat interaktiewe oomblikke en verduidelikings, en deelname aan die bewegings op die maat van musiek.

Vervaardiger **Biblioteek-produksies**

3 OKT 09:30 & 11:30
50 min | US Konservatorium-voorportaal
R110 | R140 by die deur

MAURICE RAVEL
L'ENFANT ET LES SORTILÈGES

Met **José Dias** (klavier),
sangstudente van die US

Maurice Ravel se *L'Enfant et les sortilèges* is 'n musikale towerkas wat oopklap die oomblik wanneer 'n stout kind besluit


José Dias

dissipline is vir die voëls. Stoele begin praat, teekoppies kla oor slegte maniere en diere én somme eis die respek wat hulle verdien. Hierdie mini-opera is half sprokie, half droom, met musiek wat aan elke karakter sy eie klankwêreld gee. Opgevoer deur die talentvolle jong sangstudente van die US is dit kort, kleurryk en absoluut onvergeetlik!

Regisseur en choreografie **jackï job**
Musiekverwerking en -regie **José Dias, Minette du Toit-Pearce**
Ontwerp **Minette du Toit-Pearce**

3 OKT 19:00 | **4 OKT** 15:00 & 18:00
50 min | Fismer
R140-R200 | R170-R230 by die deur

MET WOORD EN LIED

Met die **Kaapstadse Kamerkoor**
o.l.v. **Antoinette Huyssen**

Met woord en lied is 'n volledige Afrikaanse a cappella-program. Verwag bekende en nuwe toonsettings wat verder verryk word deur **Frieda van den Heever** wat van die berymings voorlees. Komposisies en verwerkings deur onder andere S. Le Roux Marais, H. Pieter van der Westhuizen, Chris Lamprecht, Niel van der Watt en Renette Bouwer is ingesluit. Hans Huyssen se "Spelend in tuine", 'n toonsetting van een van vier kwatryne deur Ina Rousseau, sal ook vir die eerste keer uitgevoer word.

9 OKT 18:30
60 min | Fismer
R195-R250 | R225-R280 by die deur



Guido Rumstadt

MOZART TO VERDI: TWO FACES OF OPERA

Met **Conroy Cupido** (bariton), **Thembinkosi Magagula** (sopraan), **Musik Hochschule Nürnberg** (kamerorkes), **NWU Opera-ensemble** (koor)

Die NWU Opera-ensemble tree saam met die kamerorkes van die Neurenbergse musiekskool op in 'n konsertweergawe van opera se mees dinamiese oomblikke. Mozart se *Die huwelik van Figaro* (bedryf II, finaal) bruis van humor en chaos, terwyl Verdi se *La Traviata* (bedryf I) skitter met verleiding en 'n onderliggende broosheid.

Bekroonde jong kunstenaars onder leiding van Guido Rumstadt bring skoonheid en teaterintensiteit na teatergangers, 'n uitvoering waarin elke noot saak maak.

Vervaardiger en musiekregisseur
Conroy Cupido
Dirigent **Guido Rumstadt**
Verhoogbestuur en regie **Chris Steyn**

Ondersteun deur die
Universiteit van Noordwes

4 OKT 20:00
70 min | Standard Bank Endler
R170-R270 | R200-R300 by die deur

OPERAGUNSTELINGE III

Met **Magdalene Minnaar** (sopraan), **William Berger** (bariton), **Chloe Loggerenberg** (sopraan), **Ryan Hurst** (bariton), **Schalk Joubert** (baskitaar), **Elna van der Merwe** (klavier) en agt strykers

Hierdie operageïnspireerde program bring 'n aand van passie, drama en liriese skoonheid na die verhoog. Bekende werke vir sopraan en bariton sluit in "Granada" van Agustín Lara, asook geliefde arias soos "Quando me'n vo'" en "O mio babbino caro" deur Giacomo Puccini. Musiek van Jules Massenet word afgewissel met twee virtuose vioolsolo's op temas uit *La Traviata* en die immerroerende "Meditation" uit *Thaïs*.

Regisseur **Elna van der Merwe**
Komposisie en musiekverwerking **Antoni Schonken, Arthur Feder, US-komposisiestudente**

9 OKT 18:00
80 min | Standard Bank Endler
R205-R290 | R235-R320 by die deur


William Berger

PIAZZOLLA TANGOS OF ANGELS AND DEMONS

Met **Stanislav Angelov** (akkordeon & bandoneón), **Petrus de Beer** (viool), **Albert Combrink** (klavier), **Donat Pellet** (kontrabas)

Die Kaapstadse Tango-ensemble bied nog 'n musikaal stemmingsvolle vertoning aan waarin die musiek van die Argentynse komponis en virtuoos-bandoneón-speler Astor Piazzolla verken word. Piazzolla het 'n hele nuwe musikale genre geskep wat gegrond is op Argentinië se nasionale dans – die sterk en uiters onweerstaanbare tango. Ontdek die man wie se lewe in sy eie woorde "een van engele én duiwels" was.

8 OKT 13:00
60 min | Standard Bank Endler
R185-R275 | R215-R305 by die deur


Stanislav Angelov

PIETER EN DIE WOLF: OP ORREL

Met **Winand Grundling** (orrelis), **Susanne Beyers** (verteller)

Sergei Prokofiëf se geliefde musikale sprokie *Pieter en die wolf* kry nuwe lewe in 'n unieke pyporrelverwerking deur die bekroonde orrelis Winand Grundling. Die gewilde aktrise en stemkunstenaar Susanne Beyers is die verteller van die Afrikaanse teks deur Philip de Vos. Elke karakter word deur die ryk klankpalet van die orrel uitgebeeld, wat die verhaal se humor, spanning en warmte op 'n vars en verbeeldingryke wyse laat ontvou. 'n Konsert vir jonk én oud.

Vervaardiger **Erns Grundling**

3 OKT 11:00 | **10 OKT** 10:00
50 min | Standard Bank Endler
R120-R215 | R150-R245 by die deur

RAPSODIE VIR 'N NUWE WÊRELD

Met **Charl du Plessis** (klavier), **Kaapstadse Filharmoniese Orkes**

Sluit by ons aan vir 'n opwindende aand van orkestrale meesterwerke onder leiding van **Jason Atherton** met die bekroonde pianis Charl du Plessis voor die klavier. Dmitri Sjostakowitsj se sprankelende "Feesouverture" open die program, gevolg deur George Gershwin se ikoniese "Rhapsody in Blue". Ná pouse word die aand op indrukwekkende wyse afgesluit met Antonín Dvořák se geliefde Simfonie Nr. 9, *Uit die nuwe wêreld.*

3 OKT 20:00
100 min | Standard Bank Endler
R275-R375 | R305-R405 by die deur

SHADES OF BLUE

Met **Liesl Stoltz** (dwarsfluit), **Dylan Tabisher** (marimba), **David Cyster** (klarinet), **Roxanne Steffen** (kontrabas), **Elna van der Merwe** (klavier)

Shades of Blue neem die gehoor op 'n kleurryke musikale reis waar klassieke finesse en jazzinvloede ontmoet. Die program sluit in twee energieke werke vir fluit en jazz-trio deur Claude Bolling en Mike Mower. Die kragtige virtuose marimbakonsert van Emmanuel Séjourné word aangevul deur die elegante klarinetsonate van Joseph Horovitz, met sprankelende oomblikke uit die musiek van George Gershwin.

9 OKT 15:00
80 min | Standard Bank Endler
R205-R290 | R235-R320 by die deur


Reghardt Kühn

SON | SKADU

Met **Winelands Philharmonic Orchestra**, **Reghardt Kühn** (dirigent), **Féroll-Jon Davids** (klarinet)

The Noon Witch deur Antonín Dvořák is 'n dramatiese verhaal wat gegrond is op folklore, terwyl Kristi Boonzaaier se Klarinet Concertino die ontwaking van 'n woud van die vroeë oggend tot in volle lig uitbeeld. Die program sluit af met Simfonie Nr. 1 deur Jean Sibelius, 'n werk van intensiteit en liriese diepte wat die konsert op 'n kragtige noot afsluit. Die drie kontrasterende werke kry lewe in hierdie spel tussen lig en skadu.

Ondersteun deur die **Fynbos-trust, Mzansi Nasionale Filharmoniese Orkes**

4 OKT 15:00
100 min | Standard Bank Endler
R245-R295 | R275-R325 by die deur

SPAANSE LIED

Met **Zanne Stapelberg** (sang),
James Grace (kitaar)

Hierdie intieme Spaanse klassiekemusiek-produksie bring twee meesterlike vertolkers byeen wie se musikale vennootskap oor meer as twee dekades strek. Hulle is bekend vir hulle buitengewone musikale band en hulle vermoë om stories te vertel deur musiek. In hierdie musiekproduksie, hulle derde Spaanse een, verken hulle interessante repertoriums uit Suid-Amerika en Spanje – liedsiklusse deur Manuel de Falla en Enrique Granados, asook Europese klassieke werke, waaronder stukke deur John Dowland wat in Spaans vertaal is. Stapelberg en Grace skep oomblikke wat gehore betower en diep ontroer.

8 OKT 15:30 | **11 OKT** 15:30
65 min | Fismer
R195-R250 | R225-R280 by die deur


Paulina Malefane

SPIRITUAL SONGS

Met **Niël Rademan** (bariton), **Paulina Malefane** (sopraan), **Stadskoor** en **HS Bellville Koor** o.l.v. Pieter Bezuidenhout, **Treble Clefs** o.l.v. **Elaine Johnson**, **Elna van der Merwe** (klavier)

Gehore word uitgenooi na 'n aangrypende vokale musiekuitvoering waarin tydlose werke van geloof en kuns saamgebring word. Die program neem jou op 'n reis van eerbied en passie waar 'n ligte klassieke repertorium verweef word met die diepgaande resonansie van heilige musiek. *Spiritual Songs* beloof om 'n onvergeetlike aand van vokale en instrumentale uitnemendheid te wees.

3 OKT 15:00
60 min | Fismer
R200-R320 | R230-R350 by die deur


Yin-Zhe Ma

STELLENBOSCH STARRY NIGHTS

Yin-Zhe Ma gesels oor ses belangrike evolusionêre tydperke van die heelal, **Catherine du Toit** lees gedigte voor, met agtergrondmusiek wat gekomponeer is deur **Zurab Janelidze** en **Hans Roosenschoon.** Dit word gevolg deur 'n dialoog tussen wetenskaplikes en kunstenaars, en afgesluit met 'n verkenning van die naghemel deur draagbare teleskope.

4 OKT 19:00
150 min | Drostdy-teater
R180-R220 | R210-R250 by die deur

STELLENBOSCH-EISTEDDFOD 90

Die Stellenbosch-eisteddfod vier 90 jaar van kreatiewe uitnemendheid op luisterryke wyse met 'n glansryke feeskonsert waarin voormalige pryswenners hulle talent opnuut sal ten toon stel.

6 OKT 16:00
80 min | Standard Bank Endler
R170-R270 | R200-R300 by die deur

Standard Bank
Private



Om te reis, verryk jou lewe.

Kry tot 40%* afslag op vlugte vir jou en jou gesin.

Standardbank.co.za/private

*Bepalings en voorwaardes geld. The Standard Bank of South Africa Limited (Reg. No. 1962/000738/06) is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (FSP 11287) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15).

STEMME EN VERSE: ’N SCHUBERTIADE

Met **Jan Hugo** (klavier), **Clara Hugo** (sopraan), **Pieter Hugo** (voorleser)

Die kunsliedduo Jan en Clara Hugo bied ’n Schubertiade aan met die geliefde lieder van Franz Schubert. Hierdie intieme program verken die emosionele diepte en verfynde woord-toon-verhouding van die kunslied. Die duo, met uitgebreide Europese ervaring, is bekend vir hulle stylgevoeligheid en hegte musikale band. Saam met die Afrikaanse digter Pieter Hugo skep hulle ’n unieke wisselwerking tussen Duitse lieder en Afrikaanse poësie, en nooi die gehoor vir ’n aand van introspeksie en verbeelding.

7 OKT 19:00
60 min | Fismer
R215-R270 | R245-R300 by die deur

TRIO AÉROCLAVE

Met **Louisa Theart** (fluit), **Férrol-Jon Davids** (klarinet), **Elizabeth Retief** (klavier)

Al die klankkleure van Claude Debussy, Mel Bonis, Camille Saint-Saëns, Guillaume Connesson en meer uit die Franse Romantiese era in ’n program met klarinet, fluit en klavier. Dié kombinasie is ongewoon en bied iets buite die hoofstroom. Die musiek is egter heeltemal toeganklik.

9 OKT 11:00
60 min | Fismer
R215-R270 | R245-R300 by die deur

TYGERBERG KINDERKOOR: ’N ODE

Met **Karina Erasmus** (dirigent), **Elizca Mulder** (begeleier), **Marlene Cerfontyne** (viool), **Lize Jansen van Vuuren** (dwarsfluit), **Schalk Joubert** (baskitaar), **Schalk Wasserman** (perkussie)

Die internasionaal bekroonde Tygerberg Kinderkoor bring ’n program vol intieme en gewyde werke tot uitbundige, vreugdevolle liedere. Die program is ’n ode aan ons voorste Suid-Afrikaanse komponiste, onder andere Pieter Bezuidenhout, Franco Prinsloo, Anton Esterhuyse, Michael Barrett en Marthie Driessen. Die hele program vier die Suid-Afrikaanse musiekskat.

11 OKT 16:00
70 min | Standard Bank Endler
R170-R270 | R200-R300 by die deur

UNIVERSITEITSKOOR STELLENBOSCH

Met **André van der Merwe** (dirigent)

Die US-koor vier vanjaar hulle 90ste bestaansjaar en vier dié mylpaal met ’n skouspelagtige konsert by die fees. Met hulle kenmerkende energie, ryk koorklank en vars repertorium wag ’n onvergeetlike musiekervaring. Kom beleef ’n viering van vreugde en uitnemendheid.

6 OKT 19:30 | **7 OKT** 16:00 & 19:30
11 OKT 12:00
80 min | Standard Bank Endler
R205-R290 | R235-R320 by die deur

VOCES CORDIS

Met **André van der Merwe** (dirigent)

Voces Cordis (“Stemme van die hart”) keer terug na die Toyota Stellenbosch Woordfees met koormusiek vol diepte, verbondenheid en gedeelde geskiedenis. Die koor, onder leiding van André van der Merwe, het in 2025 ’n Woordtrofee-toekenning vir uitsonderlike bydrae tot klassieke musiek (vokaal) verower.

10 OKT 14:00 & 16:30
70 min | Standard Bank Endler
R195-R290 | R225-R320 by die deur




lift
Vang 'n LIFT!
DAAGLIKSE VLUGTE TUSSEN
JNB - CPT - DUR
www.lift.co.za



WIND, EARTH & FIRE

Met **Ralitza Macheva** (viool), **Shannon Cook** (viool), **Azra Isaacs** (altviool), **Rosamund Roth** (tjello), **Féroll-Jon Davids** (klarinet)

Hierdie konsert, wat handel oor drie elementêre kragte – die wind, aarde en vuur – is 'n lewendige dog intieme program vir klarinet en strykkwartet. Dis 'n musikale reis wat musiek verbind met die wind (asem en storms), die aarde (volksmelodieë en landskappe), en vuur (passie en virtuositeit). Die program bestaan uit 'n heerlike verskeidenheid van genres – van klezmer en tango tot opera, jazz en klassieke musiek wat musiek insluit van Mozart, Weber, Tsjaikofski, Satie, Ravel, Kovács, Gade, Piazzolla.

11 OKT 11:00
60 min | Fismer
R215-R270 | R245-R300 by die deur

MOEDERKERK-ORRELWEEK: HOOG TYD VIR HOOGTRAP



Met **Arnold Miller, Winand Grundling, Mario Nell, Isabelle van Rensburg** en **Andrea Kayser-Mitas, Zorada Temmingh**

Van die gewildste orrelwerke is marse, sekerlik vanweë die aansteeklike ritme en die feit dat marse meestal die krag van die orrel feestelik ten toon stel. Elke orrelis se program bevat minstens twee oorspronklike marse vir orrel. Danse word ook ingesluit, veral dié wat hoogtrappassies vereis! Die besonderse Moederkerk-orrel se verskeidenheid van klankkleure word ten toon gestel, en nabybeelde van die orrelis se hande en voete word op die skerms vertoon. Vanjaar se orreliste is van Stellenbosch, Kaapstad en Pretoria.

Koördineerder **Zorada Temmingh**
Ondersteun deur die **Moederkerk Stellenbosch**

5 tot 9 OKT 13:15-13:45



ARNOLD MILLER

Opwindende 19de eeuse marse van Jacques Nicolas Lemmens en Alexandre Guilmant, saam met 'n 20ste eeuse mars van William Matthias, word gebalanseer deur 'n rustige cantilena van Josef Rheinberger en 'n vrolike chaconne van Pachelbel. Miller is orrelis van die Nuwe Apostoliese kerk De Kuilen.

5 OKT 13:15
30 min | Moederkerk
R115 | R145 by die deur

WINAND GRUNDLING

Drie bekende en indrukwekkende marse van Bruce Steane, Alexandre Guilmant en René-Louis Becker word gehoor, en dit word afgewissel met 'n Bach-fuga in die styl van 'n prettige gigue en een van Grundling se eie koraalverwerkings ("Alle volke, klap jul hande"). Grundling is orrelis van die NG kerk Stellenbosch-Welgelegen.

6 OKT 13:15
30 min | Moederkerk
R115 | R145 by die deur

MARIO NELL

Triomfantelike marse uit die Franse orreltradisie deur Alfred Lefébure-Wély en Théodore Dubois word gekontrasteer met Handel se grootse *Passacaglia* en Alexandre Guilmant se rustige *Berceuse*. Nell is orrelis van die Toringkerk in die Paarl en orreldosent aan die Konservatorium op Stellenbosch.

7 OKT 13:15
30 min | Moederkerk
R115 | R145 by die deur

ROOI4-ORRELDUO

Rooi4: Isabelle van Rensburg
en **Andrea Kayser-Mitas**
Albei lede van Rooi4 is konsert-orreliste wat reeds as individue opgetree het by die Orrelweek. Hulle bied marsduette van drie Amerikaanse komponiste – Charles Callahan, Phil B. Perry en Martin Ellis – aan, asook 'n danssuite van die Suid-Afrikaanse komponis Jacobus Kloppers. Verder debuteer hulle 'n werk vir vier voete wat spesiaal vir hulle geskryf is deur Edwin Mitas. Kayser-Mitas is verbonde aan die Universiteit van Pretoria en Van Rensburg is die orrelis van die NG kerk Universiteitsoord, Pretoria.

8 OKT 13:15
30 min | Moederkerk
R115 | R145 by die deur



ZORADA TEMMINGH

Temmingh se 40ste jaar as orrelis van die Moederkerk word gevier met marse uit die verlede en hede. Sy herroep twee marse uit haar CD's ("Vader, Seun, Heil'ge Gees" en "Abide with me"), doen nuwe improvisasies op Halleluja-liedere – van "... die ou, ou tyding" tot "Voorwaarts..." – en sluit af met 'n improvisasie op 'n versoek uit die gehoor. Temmingh is sedert 2015 die vervaardiger van die Orrelweek.

9 OKT 13:15
30 min | Moederkerk
R115 | R145 by die deur


Zorada Temmingh



HOE SPEEL DIE ORREL SIT-SIT SO?

Met **Zorada Temmingh**

"Die koning van instrumente" of "die magtige dreuning". Óf, soos Temmingh se klavierdosent fronsend daarna verwys het, "box of whistles". Die orrel is die onderwerp van amper net soveel grappe as die altviool. Klawerbord- of blaasinstrument? Meganiese, lug-, elektriese of digitale instrument? Praat, sing of skree 'n orrelpyp? Watter pyp maak watter klank? En hoe speel die ding nou eintlik? Temmingh gesels en wys hoe.

Ondersteun deur **Moederkerk Stellenbosch**

5, 6, 7, 8 OKT 12:15
45 min | Moederkerk
R80 | R110 by die deur

CAPE PIANO

PIANO GRAVEYARD REVIVAL

gee ongebruikte klaviere 'n tweede lewe deur hulle te herstel en te plaas waar hulle weer gespeel, gehoor en waardeer kan word – in skole, gemeenskapsruimtes en organisasies wat hulle die nodigste het.

Skenk 'n klavier. Help om dit 'n tweede lewe te gee.



By vanjaar se Woordfees gaan ons buite die Endler saal **klaviere verf**, waarna hierdie instrumente deur die dorp sal beweeg vir 'n reeks **pop-up-konserte** – wees op die uitkyk daarvoor!

capepiano.com

Volg @pianograveyardrevival op Instagram
Kontak Cape Piano om te skenk of meer uit te vind

KINDERFEES



BOEKWURM-SAFARI

Bring die kleinspan na hierdie prettige lees-en-leer-sessie, aangebied deur drie kinderboekskrywers en handwerk-boffins. Dit is ideaal vir jong boekwurms met 'n kort aandagspan – ons skuif tussen drie stasies, elkeen met 'n oulike aktiwiteit: Leer hoe om jou eie slym-konkoksie te maak saam met **Engela Duvenage** (*Die grillerigste, stinkste en slymerigste goeters in Suid-Afrika*). Speel met diereplakkers saam met **Heléne Booyens** (*Safari-aktiwiteitsboek);* en woeker met wol saam met **Rita Trafford** van die Originals-wolwinkel (*Sakkie die skapie en die wilde, wollerige dag).* Ons kweek 'n liefde vir lees terwyl ons plak, bou en gril. (Die sessie is geskik vir kinders onder 10, en hulle moet deur 'n ouer vergesel word.)

3 OKT 10:00 & 11:30
60 min | Rupert-museum
R50

Ⓐ Ⓔ



KASKENADES!

Met **Heinrich Wentzel, Angelique Filter, Jeanne-Marié Koekemoer, Zara West, Frances van Rooyen, Caeli Aggenbach, Zoë Oosthuizen**

Wat word van al jou verlore sokkies? Vir elke liewe kas in die hele wye wêreld is daar 'n Kasmannetjie wat jou kas mooi netjies hou. Kasper, 'n trotse kaskadet, en die 7½-jarige, rolskaatsende Blommie waag dit om haar kas binne te gaan. Kan Blommie en haar dapper hart die gierige Monsokster verslaan en die ware monster – ons onblusbare dors na nóg en nóg en *nog* – ontmasker? Hou vas aan jou sokkies en duik saam in hierdie borrelende onderstebo reis deur Kraakburg-kaswêreld wat oud en jonk sal betower!

Vervaardigers **Jeanne-Marié Koekemoer, Caeli Aggenbach, Zoë Oosthuizen**
Regisseur, ontwerp en skrywer **Jeanne-Marié Koekemoer**
Skrywers **Caeli Aggenbach, Mikayla Klerck, Zoë Oosthuizen**
Choreografie **Frances van Rooyen**
Verhoogbestuur **Jean Retief**
Ondersteun deur die **US se drama-departement**


Kaskenades!

9 OKT 15:00 | **10 OKT** 09:30 & 11:00
50 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R80 | R110 by die deur

Ⓐ

KATTEKWAAD EN KOEKELOER

Met **Mia Groenewald, Ané Lourens**

Dis heeltyd speeltyd in 'n wêreld van kattekwaad en koekeloer. Woeps en Waps is onwaarskynlike maats. Waps kruip weg in haar verbeeldingswêreld en Woeps is 'n beterweterige babbelbekkie. Terg en pret om elke hoek en draai ontwikkel tot 'n eindelose verbeeldingsreis vol speel, deel en verken. Met brabbeltaal, koddige gebare en dans herinner hierdie bewegingsteaterstuk ons aan die kosbare hart van 'n kind. Oud en jonk se voete gaan jeuk om saam met Woeps en Waps te baljaar in hulle wêreld van kattekwaad en koekeloer.

Regisseur en choreografie **Estelle Olivier**
Skrywers **Mia Groenewald, Ané Lourens, Estelle Olivier**
Verhoogbestuur **Jana du Pisani**

Ondersteun deur die **US se dramadepartement**

3 OKT 09:00 | **10 OKT** 14:30
30 min | Adam Small-laboratorium
R60 | R90 by die deur
Ⓐ Ⓔ

KOM TOER SAAM DEUR DIE ALFABET!

Met **Daniëlla van Heerden**

In hierdie prettige, eg Suid-Afrikaanse voorlesing uit *'n Leeu in 'n lugballon – Alfabetrympies vir aapsterte* ontmoet kinders karakters van oral in Suid-Afrika. Kom op 'n avontuur saam met Alex in Adelaide tot by Zandile in Zeerust en kyk wat hulle daar aanvang. Die joernalis, ouerskap-poduitsender en skrywer **Daniëlla van Heerden** lees voor uit haar splinternuwe kinderboek en betrek kinders om saam nuwe lawwe alfabetrympies uit te dink met name, plekke, diere... en hope verbeelding. 'n Speelse, interaktiewe ervaring vol humor, ritme en taalpret vir jong kinders en hulle ouers.

4 OKT 10:00 & 11:30
40 min | Rupert-museum
R50 | R80 by die deur
Ⓐ

LAPA-LEKKERLEESMINUUT

Kom kuier saam by die LAPA-lekkerlees-minuut! Bekendes in die vermaakbedryf lees voor uit van LAPA se bekendste en mees geliefde kinderboeke, én lekker boekpryse kan gewen word.

3, 4, 5 OKT 11:00
10 & 11 OKT 11:00
15 min | Die Khaya-kafee
Gratis
Ⓐ

LIEWE HEKSIE WORD GESCAM

Met **Eldon van der Merwe, Mia van der Merwe**

Liewe Heksie het 'n prys in 'n talent-kompetisie gewen en Karel Kat wil haar leer om mooi na haar prysgeld te kyk. Haai oe, maar groot woorde soos finansies, rente en begrotings (of is dit nou bekleinings?) laat Levinia se kop draai. Karel gee vir Levinia 'n spaarvarkie, maar die nare Geelheks wil haar kloutjies op die geld lê. Karel besluit 'n bankrekening met 'n bankkaart sal veiliger wees, maar dalk nie vir Liewe Heksie nie, want o wee, Levinia kan nie altyd so mooi onthou nie... Tel en syfers het nog nooit onder haar talente getel nie en laat haar uitgelewer aan die nare bedrieërs.

Vervaardigers **Start the Conversation, Arena Produksiehuis**

Regisseur en skrywer **Margit Meyer-Rödenbeck,** na die karakters van **Verna Vels**
Musiek **Luca Human**
Ontwerp **Gerrit Snyman** (stel), **Karon Botes** (kostuums), **Michay Winter** (maskers)
Verhoogbestuur **Erynn Troup**

Met die ondersteuning van **Start the Conversation**

10 OKT 10:00 | **11 OKT** 10:00
60 min | Drostdy-teater
R130-R170 | R160-R200 by die deur
Ⓐ





LITTLE MAESTROS

CLASSICAL CONCERTS FOR FAMILIES

Met **Magdalene Minnaar**

Kom luister na nog 'n interaktiewe *Little Maestros*-konsert – dié slag luister ons na blaasinstrumente! Klassieke musiek is 'n wonderlike ontwikkelingshulpmiddel vir kinders onder die ouderdom van sewe en dra by tot beter breinontwikkeling en konsentrasie. Dié pasgemaakte konsert is spesifiek op jong luisteraars gemik wat in 'n ontspanne atmosfeer musiek van W.A. Mozart, J.S. Bach en ander bekende klassieke meesters kan leer ken. Verwag heelwat interaktiewe oomblikke en verduidelikings en deelname aan die bewegings op die maat van musiek.

Vervaardiger **Biblioteek-produksies**

3 OKT 09:30 & 11:30
50 min | US Konservatorium-voorportaal
R110 | R140 by die deur

Ⓐ Ⓔ

MIDDEL: NOORD & SUID

Met **Aidan Davies, Lukhona Mkunyana**

Deur die gebruik van nieverbale kommunikasie, veral brabbeltaal en beweging, illustreer *Middel/Middle* hoe verhoudings gevorm kan word wanneer woorde misluk. Die stuk verken temas van 'n magstryd, verhoudings en konflik, aangevuur deur liefde wat ongesê bly. Noord (die Wonderlike) en Suid (die Dankbare) maak vir die eerste keer kontak met mekaar se wêreld. Dit lei tot chaos, verwarring en belaglike pogings om mekaar te saboteer. Noord probeer om sy oorheersing af te dwing, maar Suid kelder sy pogings met 'n dwase probeerslag om hom te beïndruk. Die twee karakters moet leer om mekaar se verskille te verstaan en te respekteer, terwyl hulle getrou bly aan hulself. Die stuk fokus daarop om dikwels moeilike konflikte tussen individue op 'n verstaanbare manier vir jonger gehore uit te beeld.

Regisseur **Amelda Brand**
Skrywers **Aidan Davies, Lukhona Mkunyana**
Choreografie **Estelle Olivier**

Ondersteun deur die **US se dramadepartement**

7 OKT 16:00 | **8 OKT** 16:00
30 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R60 | R90 by die deur

Ⓐ Ⓔ



Liewe Heksie word gescam

PIETER EN DIE WOLF: OP ORREL

Met **Winand Grundling** (orrel), **Philip de Vos** (verteller)

Sergei Prokofiëf se geliefde musikale sprokie *Pieter en die wolf* kry nuwe lewe in 'n unieke pyporrelverwerking deur die bekroonde orrelis **Winand Grundling.** Die gewilde skrywer en digter **Philip de Vos,** wat die teks in Afrikaans verwerk het, is die verteller. Elke karakter word deur die ryk klankpalet van die orrel uitgebeeld, wat die verhaal se humor, spanning en warmte op 'n vars en verbeeldingryke wyse laat ontvou. 'n Konsert vir jonk én oud.

Vervaardiger **Erns Grundling**

3 OKT 11:00 | **10 OKT** 10:00
50 min | Standard Bank Endler
R120-R215 | R150-R245 by die deur Ⓐ



SILAS EN DIE YSBEER OP TAFELBERG

Silas en die ysbeer op Tafelberg is 'n pragtige prenteboek deur **Zandré Coetzer** en **Annie Klopper,** met illustrasies deur die befaamde Studio Muti. Dit is gegrond op die gelyknamige rolprent wat einde Oktober vrygestel word en deels gaan oor hoe kinders groot verliese soos die dood verstaan en verwerk. Kom luister hoe die akteur **Beer Adriaanse,** wat die rol van Brommel vertolk in die rolprent, die prenteboek voorlees – en beleef self Silas se droomwêreld.

10 OKT 09:00
30 min | RSG/ATKV-vierkant
Gratis Ⓐ

STINKIE, LOS UIT!

Met **Sjaka S. Septembir**

Stinkie, los uit! is 'n lewendige visuele komedie. Met fisieke humor, absurde situasies en speelse interaksie neem Stinkie jong gehore op 'n prettige avontuur waar alles skeef loop. Hierdie Fiësta-benoemde nar skep 'n wêreld van verbeelding, chaos en groot pret. Ideaal vir gesinne, skole en enigeen wat saam wil lag. Dis slim, snaaks en vol verrassings – 'n ervaring wat kinders geniet en grootmense nie gou sal vergeet nie.

Vervaardiger **Skebenga-produksies**
Regisseur en skrywer **Sjaka S. Septembir**
Ontwerp **Isabelle Grobler**

3 OKT 10:00 | **4 OKT** 12:00
10 OKT 09:30
40 min | Paul Roos-teater
R100 | R130 by die deur

STORIE-SPEEL

Met **Estelle Olivier, Angelique Filter, Devonecia Swartz, Mila Sobolewski**

Storie-speel is 'n vrolike, verbeeldingryke teaterervaring waar stories nie net gehoor word nie, maar lééf. Jong teatergangers word genooi om saam te speel, karakters lewe te gee en te help dink aan oplossings vir die kinkels in die verhale. Met lag,

verbeelding en interaksie sorg ons saam dat die son in die lug bly en die diere se sterte reg uitgedeel word! Perfek vir jong feesgangers en almal wat daarvan hou om na stories te luister – en soms self deel te word daarvan.

Koördineerders en fasiliteerders
Amelda Brand, Estelle Olivier

'n Produksie van die
US se dramadepartement
in samewerking met **LAPA** en
die **Suidoosterfees**

4 OKT 09:00 | **10 OKT** 09:00
35 min | Adam Small-laboratorium
R60 | R90 by die deur Ⓐ

WONDER IN WOORDE/WORDS

Met **Aidan Davies, Matthew Gray, Lihle Ngcawe, Amy Olivier, Lea Steenkamp, Torden van Rensburg**

Wonder in woorde/words is 'n spranke-lende woordkunsavontuur waarin mites, sprokies, gedigte en stories die verbeelding behoorlik aangryp. Die produksie is saamgestel uit Afrikaanse en Engelse kortverhale, poësie en selfs 'n drama of twee om leerders op 'n verbeeldingsvlug vol humor en betowering te neem. *Wonder in woorde/words* is gemik op graad 6- tot graad 9-eerlinge, wat genooi word om te kom kyk, luister en saam te lag in die magiese wêreld van die geskrewe woord.

Regisseur **Amelda Brand**
Samesteller **Mareli Hattingh Pretorius**
Verhoogbestuurder **Adilah Angel Siboya**

'n Produksie van die **US se dramadepartement**
in samewerking met **LAPA** en
die **Suidoosterfees**

7 OKT 13:30 | **8 OKT** 13:30
50 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R90 | R120 by die deur Ⓐ Ⓔ Ⓧ

ZONKIE EN DIE LAASTE BOOMHUIS

Met **Cindy Swanepoel**

Wanneer die eens pragtige Stad van Groen in die Stad van Grys verander, plaas 'n jong meisie en haar vriende Knetter (die eek-horing), Uilbertus (die uil) en Madame Skadu (die straatkat) alles op die spel om 'n enkele saadjie aan die groei te kry omdat hulle weer plante en suurstof in die stad wil terugkry. In 'n tweede verhaal vertel La-dee-da (die hadeda) van 'n dapper voëltjie se vlug ondanks al die gevare in die lug, en in 'n derde verhaal vertel Knopie Satyn (die spinnekop) van haar soektog na 'n veilige plekkie in iemand se huis om haar web te spin. Sal sy oorleef? Die verhale prikkel die lagspiere, die verbeelding én die hartsnare terwyl fabelagtige handgemaakte karakters en meesterlike poppespel die gehoor betower.

Vervaardiger **Swan Dive Collective**
Regisseur en skrywer **Anèl Wood**
Musiek **Lucinda Bosch**
Choreografie **Cindy Swanepoel**
Ontwerp **Imile Wepener**
Verhoogbestuur **Zonika van Zyl**

Ondersteun deur **ATKV** en **Ontbytsake**

5 OKT 10:00 | **8 OKT** 15:00
11 OKT 09:30
40 min | Paul Roos-teater
R110 | R140 by die deur Ⓐ


Zonkie en die laaste boomhuis


SPIER
TONEEL
XI



A GIRL CALLED OWL

Met **Larissa Crafford-Lazarus**

Olivia trek na 'n dorpie in die Overberg waar haar stil nuuskierigheid die aandag trek van 'n ondeunde vriendin: Kay, die meisie met die litteken, wat vir haar die bynaam Owl gee. Olivia se geneigdheid om altyd die rebel te volg lei tot onbekende terreine en gebeure wat die lewenskoers van 'n belowende kind soos sy onherroeplik kan verander. 'n Onverskrokke grootwordverhaal oor verlore onskuld, onderdrukte kreatiwiteit en misverstane liefde.

Vervaardiger **Calaringe-produksies**
Regisseur **Inge Crafford-Lazarus**
Skrywer **Jon Keevy**
Choreografie **Calista Crafford-Lazarus**
Ontwerp **Jak J. Brits** (beligting), **Calista Crafford-Lazarus** (klank)
Verhoogbestuur **Jeanellé Strydom**

6 OKT 10:00 | **7 OKT** 20:30
75 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R180-R250 | R210-R280 by die deur
Geen o.16 (D, G, S, T)

Ⓔ

A WOMAN ALONE

Met **Kim Engelbrecht**

Dié eenvroustuk wat in 1977 die eerste keer opgevoer is, is 'n kragtige en diepsinnige monoloog wat die lewe van 'n huisvrou ondersoek en temas van onderdrukking, bevryding en sosiale kommentaar aanraak. Deur elemente van satire, klug en drama te kombineer, en met die gebruik van humor, ironie en emosionele intensiteit, vertel die huisvrou van haar daaglikse bestaan, haar stryd en frustrasies. Sy beskryf haar verhouding met haar man, gesin en die samelewing, en belig die beperkende rolle en verwagtinge wat op moderne vroue geplaas word.

Regisseur **Quanita Adams, Charlton George** (assistent)
Skrywers **Franca Rame, Dario Fo**

'n Koproduksie van die **Suidoosterfees** en **Toyota Stellenbosch Woordfees,** moontlik gemaak deur die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** en **The Jobs Fund**

3 OKT 12:00 | **4 OKT** 19:00 | **6 OKT** 17:30
65 min | Adam Small-laboratorium
R210-R260 | R240-R290 by die deur

Ⓔ



AN ILIAD

Met **Alan Committie, Charl-Johan Lingenfelder**

An Iliad bring weer Homerus se legendariese verhaal na die hede. In hierdie verhoogwerk roep 'n digter en 'n musikant (Muse) die Trojaanse Oorlog op en vra: Hoekom bly ons hierdie storie vertel; hoekom bly ons dit leef? Vergeet van die afstandelike epiese gedig, want *An Iliad* is onmiddellik, menslik, donkersnaaks, brutaal en teer. Jy hoef nie Homerus te ken of van epiese gedigte te hou nie – wees net menslik.

Vervaardiger **Gloucester-produksies**
Regisseur en stelontwerp **Geoffrey Hyland**
Skrywers **Lisa Peterson, Denis O'Hare**
Bewegingskonsultant **Sylvaine Strike**
Musiek **Charl-Johan Lingenfelder**
Beligtingsontwerp **Luke Ellenbogen**
Kostuumontwerp **Michaeline Wessels**

3 OKT 20:00 | **5 OKT** 15:00 | **8 OKT** 16:00
90 min | Open Window-kampus
R220-R320 | R250-R350 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓔ



ATROPA

Met o.a. **Anna-Mart van der Merwe, Antoinette Kellermann, Rolanda Marais, Carla Smith, Geon Nel**

In 'n wêreld verskeur deur oorlog, ongelykheid en die nalatenskap van kolonialisme, tref *Atropa – Die wraak van vrede* soos 'n pyl. Hierdie herbesinning oor die Trojaanse oorlog deur die Vlaamse skrywer Tom Lanoye is nie net 'n hervertelling nie, maar 'n radikale aanklag teen hedendaagse magsug, patriargie en die politiek van geweld. Teen die agtergrond van globale konflik en 'n eeue oue stryd teen geslagsgebaseerde geweld, staatsmag en historiese trauma word *Atropa* 'n spieël vir ons tyd. (Griekse en Trojaanse) Vroue – moeders, minnaresse, vegters – staan vas teen die vernietiging wat deur mans gedryf word. Hulle stemme, eeue lank stilgemaak, weerklink nou luid en duidelik. *Atropa* is 'n wekroep om vrede in 'n wêreld verslaaf aan oorlog.

Regisseur en ontwerp
Marthinus Basson
Skrywer en vertaling **Tom Lanoye**
Stel- en beligtingsontwerp
Nicolaas de Jongh
Kostuumontwerp **Phyllis Midlane**
Verhoogbestuur **Nicolaas de Jongh, Jean du Plessis** (assistent)

'n **KKNK**-produksie, in samewerking met die **Staatsteater,** moontlik gemaak deur **NATi** en ondersteun deur die **Toyota Stellenbosch Woordfees** met 'n bydrae deur **Literatuur Vlaanderen**

7 OKT 10:00 | **8 OKT** 19:30
9 OKT 10:00 | **11 OKT** 18:00
150 min (pouse ingesluit)
Open Window-kampus
R235-R350 | R265-R380 by die deur
Geen o.18 (T, N) Ⓐ

REGISSEURSNOTA: ATROPA

Marthinus Basson

In 414 v.C. skryf die Griekse digter-dramaturg Euripides *Die vroue van Troje* waarin hy die nadraai van die liefdesverhouding tussen die Griekse Helena (Rolanda Marais) en Paris, prins van Troje, ontgin as aanklag teen die mens se oorlogsugtigheid en die gepaardgaande vernietiging van die mensdom, ekonomie en kultuur.

Helena verlaat haar man, Menelaus, broer van die veldheer Agamemnon (Geon Nel), wat met Helena se suster Klutaimnestra (Anna-Mart van der Merwe) getroud is. Sy vlug saam met Paris na Troje. Gekrenk in hulle familie-eer besluit die twee broers om Helena se "ontvoering" te wreek deur die grootste vloot nóg byeen te bring – duisend skepe en derduisende manskappe – om op te vaar in die stryd teen Troje. Maar die wind wil nie waai nie, die seile hang pap en die manskappe raak opstandig.

Die gode eis 'n slagoffer om die wind te laat waai. Ifigeneia (Carla Smith), die jongste dogter van Agamemnon en Klutaimnestra, is die prys wat betaal moet word vir die wind om te waai. Dié bloedoffer lei tot tien jaar van onophoudelike oorlog en die algehele vernietiging van Troje en sy kultuur.

Die mans van die Trojaanse koningshuis word uitgewis en die vroue gevange geneem. Hekabe (Antoinette Kellermann), die koningin van Troje, haar skoondogter Andromache en Kassandra, sy met die gawe om die toekoms te sien, word as slawe na Griekeland geneem as buit.

Sowat 2 500 jaar later ontketen die aanval op die Twin Towers in New York George Bush se vernietigende oorlog tussen Irak en Amerika en word dit die voerbron vir die internasionaal befaamde Belgiese dramaturg Tom Lanoye om *Atropa*, sy meditasie oor die aard van die mens en die impak van oorlog op die individu, die gemeenskap en geskiedenis, te skryf. Hy lê die impak van hierdie gegewe bloot deur te fokus op die gesin, die grense van liefde, volkstrots, ideologie, propaganda en die waarde van die mens.

In die lig van die huidge stand van die politiek sover dit Oekraïne en Iran, Amerika, Rusland en China betref, lê die skaduwee van Euripides weer laag oor ons as waarskuwing en rigtingwyser. Lanoye se spierkragtige vertaling is sy eerste vertaling in Afrikaans.



AKRASIA
FRINGE

Met **Heinrich Wentzel, Ancois Bodenstein**

Dit is die eerste herdenking van die dood van Reuben se ma. Hy bied 'n kuns-uitstalling aan met die titel *Rou Moeder*. 'n Huldeblyk, of eerder 'n finale totsiens, met sy ma die middelpunt van alles. Totdat sy nie is nie. Die uitstalling ontaard in 'n aand met 'n snaakse jong vrou, 'n Weense worsie en 'n ma wat nog nie heeltemal gereed is om aan te beweeg nie.

Vervaardiger **Wow Bonn Collective**
Regisseur **Kristen Fichardt**
Skrywers en ontwerp **Kristen Fichardt, Shannon Hendry**
Verhoogbestuur **Shannon Hendry**
Assistentverhoogbestuurder **Sonja Louw**

Oorspronklik ontwikkel vir die **Première-teaterfees**

5 OKT 14:00 | **8 OKT** 19:30
55 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R120 | R150 by die deur
Geen o.14 (T)

Ⓐ Ⓔ


Akrasia


Marc Lottering

ANKLE MARC
STANDUP

Met **Marc Lottering**

Marc Lottering is 'n geliefde komediant wat veral bekend is vir sy bekroonde standup-komedievertonings en musiekblyspele. In sy nuwe standup, *Ankle Marc*, vertel hy onder meer waarom hy 2026 hinkepink binnegegaan het met 'n gebreekte enkel en 'n *moonboot*. Lottering het oor die jare verskeie gesogte teatertoekennings ontvang en is onlangs opgeneem in die SA Comics Choice Hall of Fame.

Vervaardiger en regisseur **Anwar Mc Kay**
Skrywer **Marc Lottering**

3 OKT 15:00
70 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R280 | R210-R310 by die deur
Geen o.16 (T)

Ⓐ Ⓔ

ATKV-TIENERTONEEL SE NASIONALE WENPRODUKSIE

Die 62ste wenner van die ATKV-Tienertoneelkompetisie maak vanjaar 'n buiging by die Toyota Stellenbosch Woordfees. Dit is die ATKV se oudste projek. Slegs agt produksies het vir die naelbyt-eindronde gekwalifiseer. Kom vier vanjaar se wenner en Suid-Afrika se volgende geslag jong talent saam met ons.

10 OKT 10:00 | **11 OKT** 14:00
60 min | Open Window-kampus
R80-R120 | R110-R150 by die deur Ⓐ

BOERLESQUE

Met **Roland du Preez, Celeste Loots, Dawn Fisher**

Boerlesque is Afrikaans se verjaardagpartytjie. Afrikaans het verlede jaar amptelik 100 jaar geword, en ons vier dit met 'n kabaret! *Boerlesque* is beïnvloed deur *drag* en kabaret, en gevul met sang, choreografie en spitsvondige koorkomedie. Dit is 'n vertoning vir gemarginaliseerde Afrikaners, 'n viering van Afrikaans deur mense wat soms sukkel om tuis te voel in die taal: queers, femmes en mense van kleur, onder andere.

Boerlesque is vir diegene wat lief is vir Afrikaanse kultuur en mense wat dink Afrikaans is 'n bietjie beknop. Aan wie behoort Afrikaans?

Vervaardiger **Remedy-produksies**
Regisseur **Bianca Flanders**
Skrywer **Roland du Preez**
Choreografie, ontwerp **Bianca Flanders, Roland du Preez**

5 OKT 19:30 | **9 OKT** 17:00
50 min | Drostdy-teater
R180-R250 | R210-R280 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ Ⓔ



BESTE VAN ALLE TYE

FRINGE


Met **Christie van Niekerk, Ané Koegelenberg**

'n Satiriese blik op Afrikaner-wees in die 21ste eeu. Die stuk ontleed die politieke, maatskaplike, kulturele en absurde landskappe waarin Afrikaners/"Afrikaners"/ Afrikaanssprekendes hulle bevind en uitleef. Van popmusiek tot piramideskemas, tafelgebede en 'n voorliefde vir die akuut – niks hier is heilig (of veilig) nie. 'n Karatewater-konkoksie van sketse, musiek, dans en parodieë. *Beste van alle tye* is met die Kanna vir beste komedie bekroon by vanjaar se KKNK.

Vervaardiger en verhoogbestuur **Jeandré Charl Hammond**
Regisseurs en skrywers **Christie van Niekerk, Ané Koegelenberg**

3 OKT 13:00 | **5 OKT** 20:30
9 OKT 10:00 | **7 OKT** 10:00
60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R140 | R170 by die deur
Geen o.16 (T) Ⓐ





BIETJIE KOFFIE MET JOU STAATSGREEP

STANDUP

Met **Marianne Thamm**

Die ondersoekende joernalis en satirikus Marianne Thamm keer terug na die verhoog met 'n splinternuwe stuk *performance journalism*. In 'n land waarin staatsgrepe, korrupsie, blou ligte, die Zillenator en *Brazilian butt lifts* die nuus oorheers, ontleed Thamm Suid-Afrika se absurde politieke werklikheid met skerp humor, insig en bytende satire. Van opspraakwekkende nuuskonferensies tot verkiesingskoors vra hierdie tragikomedie: Wat op dees aarde is werklik aan die gang?

4 OKT 15:00 | **5 OKT** 19:30 | **9 OKT** 17:30
65 min | Paul Roos-teater
R180-R210 | R210-R240 by die deur

Ⓐ Ⓔ



BOESMAN EN LENA

Met **Veronique Jephtas, Brendon Daniels, Tshamano Sebe**

Boesman en Lena is twee hawelose randfigure – uitgelewer aan mekaar, die elemente en 'n politieke bestel wat hulle nie ag nie. Athol Fugard se ikoniese stuk bied 'n boeiende blik op die kompleksiteit van verhoudings en maatskaplike ongeregtigheid. Dit is ook 'n viering van die krag en veerkragtigheid van die menslike psige, en ons universele behoefte aan hoop, deernis en begrip. 'n Gepaste huldiging aan Suid-Afrika se grootste dramaturg wat in 2025 oorlede is.

Regisseur en verwerking **Christo Davids**
Skrywer **Athol Fugard**
Vertaling **Vinette Ebrahim**
Klankontwerp **Gideon Lombard**
Verhoogbestuur **Kaylin Khan**

'n Koproduksie van **Momentum Aardklop-** en die **Toyota Stellenbosch Woordfees.** Moontlik gemaak deur **NATi,** die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** en **The Jobs Fund**

8 OKT 13:00 | **9 OKT** 16:30
10 OKT 20:00 | **11 OKT** 09:30
70 min | kykNET Idasvallei Primêr
R200-R290 | R230-R320 by die deur
Geen o.14 (T, G) Ⓐ

COTTONWOOL KID

Met **Toni Morkel**

Ons volg CK, 'n dogtertjie, op haar komplekse reis deur die patologie van obsessief-kompulsiewe versteuring. Sy word vergesel deur haar lojale hond, Luigi. Die stuk is losweg gegrond op Toni Morkel se outobiografiese materiaal en onder Sylvaine Strike se skerp kreatiewe oog geskep. Strike se kenmerkende benadering, gekombineer met Morkel se unieke fisieke aanslag, het 'n aangrypende en skreeusnaakse stuk teater tot gevolg.

Vervaardiger **Toni Morkel**
Regisseur **Sylvaine Strike**
Skrywers en ontwerp **Toni Morkel, Sylvaine Strike**

8 OKT 11:00 | **10 OKT** 19:30 | **11 OKT** 10:00
60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R180 | R210 by die deur
Geen o.14 Ⓔ



CRYBABY

Met **Frank Opperman, Nicole Holm, Wian Taljaard, René Cloete, Gantane Kusch**

Op 'n doodgewone oggend, by 'n doodgewone dagsorg, beleef die driejarige Samuel die onkeerbare verwoester van onskuld – die nuus. Hy verander in 'n oogwink: van 'n dolgelukkige kind na 'n moeë volwassene, dekades verouder deur haglike hoofopskrifte, tragiese gebeure en die lot van die mensdom wat hopeloos te swaar is vir sy skouers om te dra. *CRYBABY* is 'n absurde tragikomedie wat handel oor die tol wat dit eis om te lewe in 'n geldgierige wêreld waar alles in duie stort. Dit is terselfdertyd 'n liefdesbrief aan 'n mens se kinderjare en 'n onuitwisbare herinnering aan die een waarheid wat elke volwassene weet: Grootword is nie kinderspeletjies nie.

Regisseur en skrywer **Carla Smith**
Ontwerp **Wolf Britz**
Verhoogbestuur **Jean du Plessis**

'n **Feesteforum**-produksie, moontlik gemaak deur **NATi,** ondersteun deur die **Festival Enterprise Catalyst (FEC),** in samewerking met **The Jobs Fund**

8 OKT 12:00 | **9 OKT** 15:00
10 OKT 19:30 | **11 OKT** 10:00
80 min | Open Window-kampus
R220-R340 | R250-R370 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ

Nuut op die program!

EVITA@91

Met **Pieter-Dirk Uys**

Die land se bekendste wit vrou is 91. Sedert 1981 verteenwoordig sy Suid-Afrika se ambassadeur in Bapetikosweti, vasgevang tussen publieke oor en oog. Van NP tot ANC,, Luthilihuis se kombuis … Sy het nie 'n kristalbal nodig om te sien wat aan die gebeur is nie. Die toekoms is seker, dis die verlede wat onvoorspelbaar is. En soos altyd sal Evita lag-lag sinmaak van ons demokratiese Wilde Weste.

10 OKT 19:30
60 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R290 | R210-R320 by die deur



WEERKLINK VAN 'N WANKLANK / THE ECHO OF A NOISE

Met **Pieter-Dirk Uys**

Sedert dit die eeste keer in 2016 opgevoer is, het *Weerklink van 'n wanklank* aanhou verras. Gehore oor die wêreld heen sit vasgevang wanneer Pieter-Dirk Uys sy storie deel. Soos hy geleer het is elke optrede die eerste en laaste - want elke gehoor vereis en kry 'n ander energie, relevansie en opwinding. Op 81-jaringe ouderdom is dit nie die suksesse wat hom aanspoor nie, maar die klein wegwysers wat onderbewustelik nog altyd die regte en oorspronklike rigting aangewys het: sy pa Hannes Uys, sy ma Helga Bassel, sy oumas, sy onderwysers, sy passies - Sophia Loren, sensuur, vals ooghare en om ''n geraas te maak wanneer ander aandring op stilte.

10 OKT 10:00
90 min | kykNET Idasvallei Primêr
R190-R230 | R220-R250 by die deur



"Hierdie foto is op Bloubergstrand geneem, 11 Februarie 1990 - die dag toe Nelson Mandela vrygelaat is. Nie ek of Suid-Afrika lyk meer dieselfde nie."

-Pieter-Dirk Uys

EERSTE VIR ALLES

Met **Frank Opperman, Margit Meyer-Rödenbeck**

Eeue nadat hulle uit die paradys gesmyt is, besin Adam en Eva oor die huwelik. Dit was glad nie maklik om die proto-paartjie te wees nie, gehoor? Alles moes vir die eerste keer uitgepluis word: liefde, kinders en huishou. Noudat die laatlammetjie die huis gaan verlaat, het Adam en Eva binnekort weer net mekaar as geselskap. Sien hulle kans vir nog 'n honderd jaar saam en sal hulle sondes hulle ontsien? Ná baie goed en kwaad het hulle vir oulaas 'n appeltjie met mekaar te skil. 'n Komedie oor saam ou bene maak, veral as een die ander 'n ribbebeen skuld.

Vervaardiger **Arena-produksiehuis**
Regisseur en skrywer **Wessel Pretorius**
Ontwerp **Nell van der Merwe**
Verhoogbestuur **Wicus Louw**

'n Koproduksie van die **Suidoosterfees** en **Vrystaat Kunstefees**

7 OKT 10:00 | **9 OKT** 11:00 | **11 OKT** 14:00
75 min | Adam Small-ouditorium
R180-R295 | R210-R325 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ





Sandra Prinsloo

DIE ANDER DOGTER

Met **Sandra Prinsloo**

'n Tienjarige meisie vind toevallig uit van 'n suster wat twee jaar voor haar geboorte oorlede is. Dié dogter was die Franse skrywer Annie Ernaux, wat in 2022 met die Nobelprys vir letterkunde bekroon is. Skielik was Annie nie meer 'n enigste kind nie, maar die plaasvervanger vir 'n groot afwesigheid wat voortleef in haar ouers se woordelose verdrietigheid. 'n Ragfyn stuk oor skuld, familie en verlies.

Regisseur **Lara Foot**
Skrywer **Annie Ernaux,** verwerk deur **Saartjie Botha**
Vertaling **Naòmi Morgan**
Ontwerp **Wolf Britz**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie

3 OKT 10:00 | **4 OKT** 14:30
6 OKT 10:00 & 13:30 | **8 OKT** 15:30
10 OKT 09:30 | **11 OKT** 17:00
70 min | Adam Small-ouditorium
R210-R350 | R240-R380 by die deur
Geen o.14 Ⓐ

FEDA-WENNER: THE DESERT STATION

In samewerking met **redDRAMA, Redhill School, FEDA**

The Desert Station is 'n fisieke teaterproduksie wat op 'n verlate treinstasie afspeel. Dit ondersoek hoe jongmense die gewig van hul voorgeslagte se verlede hanteer terwyl hul vir die toekoms wag. Die Festival of Excellence in Dramatic Arts (FEDA) is meer as twintig jaar oud en dien as toonvenster vir die beste hoërskool-dramadepartemente reg oor Gauteng.

3 OKT 16:00 | **4 OKT** 13:30
35 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R120 | R150 by die deur Ⓔ



EK IS NIE DANIE

Met **Albert Pretorius, Schalk Joubert**

In dié keur uit die digter Danie Marais se vier digbundels trek Albert Pretorius die skrapnel van 'n vreesaanjaende gewone lewe skerf vir skerf uit mislukte huwelike in die buitenste ruimte van Duitsland en die bevoorregte gemors van middelklas-Suid-Afrika. 'n Storie oor ouerskap en die soeke na behoort en sin maak van 'n verlede wat die hede wurg deur 'n wit ou wat saam met sy dogter en 'n progressiewe wêreld net een ding vir Kersfees wil hê: "Om nie meer altyd te moet weet hoe 'n middeljarige wit man voel oor alles nie." *Ek is nie Danie* is bekroon met Woordtrofees, Kanna-toekennings en het ses Fiëstas ontvang vir onder meer die beste produksie, beste akteur en produksie van die jaar.

Regisseur **Nico Scheepers**
Skrywer **Danie Marais**
Musiekregisseur **Schalk Joubert**
Konsep **Niel van Deventer**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie

5 OKT 15:00 | **7 OKT** 14:00
9 OKT 14:30 | **10 OKT** 13:00
75 min | Adam Small-ouditorium
R250-R320 | R280-R350 by die deur Ⓐ

ELKE BRILJANTE DING
DEBUUT

Met **Albert Pretorius**

In Nico Scheepers se nuwe Afrikaanse vertaling van *Every Brilliant Thing*, Duncan Macmillan se wêreldbekende teaterervaring, vertolk Albert Pretorius 'n kind wat probeer om sy ma se hartseer te verstaan en dan 'n lys begin maak van alles wat die lewe die moeite werd maak. Wat begin as 'n eenvoudige inventaris, groei oor jare tot 'n ontroerende, skreeusnaakse en diep menslike verhaal oor liefde, verlies, familie en die klein dinge wat ons aan die lewe hou. Dis 'n intieme, hartroerende en bittersnaakse produksie oor hoop, geheue en alles waaraan ons kies om vas te hou.

Vervaardiger **Jeff Brooker-produksies**
Regisseur en vertaling **Nico Scheepers**
Skrywers **Duncan Macmillan** met **Jonny Donahoe**

7 OKT 11:30 | **8 OKT** 18:00
9 OKT 18:30 | **10 OKT** 18:30 | **11 OKT** 18:30
80 min | Adam Small-laboratorium
R200-R350 | R230-R380 by die deur Ⓐ
OB | PG


Albert Pretorius

EUGENE

Met **Carlo Daniels, Lynette du Plessis, Kirby van der Merwe**

Eugene, gegrond op Kirby van der Merwe se veelbekroonde roman, is 'n rou en poëtiese portret van 'n man wat tussen wêrelde leef. Streetwise maar skynbaar upper middle class is Eugene 'n flaneur, soeker, minnaar en verlore seun – 'n hardegat randfiguur wat die kuns bemeester het om werklik te sien. Die produksie ondersoek gemarginaliseerde manlikheid, geestesgesondheid en trauma, en belig temas soos liefde, haat, vertroue, verraad en vergifnis. Met Brechtiaanse vervreemding as ondertoon word sy reis 'n soektog na integriteit en menslikheid te midde van onreg en wanhoop. *Eugene* is aangrypend, stylvol en onvergeetlik.

Regisseur **Nico Scheepers**
Skrywer **Saartjie Botha** na die roman deur **Kirby van der Merwe**

'n Koproduksie van die **Suidoosterfees, Vrystaat Kunstefees** en **Toyota Stellenbosch Woordfees,** ondersteun deur **NATi,** die **Festival Enterprise Catalyst (FEC), The Jobs Fund** en **Het Jan Marais Nationale Fonds**

5 OKT 12:30 | **6 OKT** 20:30
7 OKT 18:30 | **8 OKT** 15:00
75 min | Adam Small-laboratorium
R210-R260 | R240-R290 by die deur Ⓐ



FAUSTX

Met **Darion Adams, Liezl de Kock, Iman Isaacs, Sophie Joans, Siphenathi Mayekiso, Toni Morkel**

'n Ontstellende, surrealistiese drama oor menslike strewe, versoeking en onbeheerste ambisie. Hierdie 21ste eeuse dr. Faustus, gedryf deur 'n onversadigbare honger om 'n innerlike leegte met betekenis te vul, sluit 'n ooreenkoms met Mefistofeles en bevind hom op 'n pad van uitbreiding, innovasie en beheer: Hy karring in die ekonomieë van die Globale Suide, orkestreer oorlogspeletjies en droom daaroor om baas te speel oor die natuur, die samelewing en selfs verre planete. Die produksie is gegrond op die tweede deel van Goethe se meesterwerk en is weer in Suid-Afrika op die planke ná 'n baie suksesvolle wêreldtoer.

Regisseur, skrywer en ontwerp **Brett Bailey**
Dramaturg **ChatGPT**
Beligtingsontwerp en tegniese bestuurder **Nicolaas de Jongh**

Choreografiese assistent **Natalie Fisher**
Maskers **Jayne Batzofin**
Verhoogbestuur **Yusuf Abrahams, Fundiswa Mrali**
Musiek met die vergunning van **BNF, Denovali Records, Esoteric Antennae Records, Deutsche Grammophon, Pelagic Records, Smalltown Supersound, Naxos Music, Kompakt, One Media Publishing, Naïve Records, Zefir Records, Universal Music, Biophon Records, Celestial Harmonies**

Vervaardigers **Barbara Mathers vir Third World Bunfight** en **Kunstfest Weimar 2025**

'n Koproduksie met **Les Théâtres de la Ville de Luxembourg, Théâtre Nanterre-Amandiers-CDN, Kleist Forum Frankfurt (Oder),** geskep met ondersteuning van **Spier**

3 OKT 20:00 | **4 OKT** 10:00 | **5 OKT** 19:30
90 min | Adam Small-ouditorium
R210-R350 | R240-R380 by die deur
Geen o.14
Ⓐ Ⓔ



GE-GEBERGTES

Met **Carel Trichardt, Daneel van der Walt, Jayden Dickson, Ntombi Makhutshi, Miché van Wyk**

'n Paar dae ná sy 90ste verjaarsdag word 'n emeritus professor oorweldig deur die lewe. Sy rekenaar, foon, niks wil werk nie – alles raak te veel. *ge-gebergtes* is 'n poging om sin te maak van sy konfrontasie met tegnologie. Van oudword tot oudwees – 'n toestand van stadige aftakeling en toenemende hulpeloosheid en afhanklikheid. Die agteruitgang van liggaamlike en kognitiewe vermoëns kan deur almal waargeneem word. Kinders wat ver is. Die wêreld wat voortsnel op 'n ander trajek. En jy wat wag. Van der Walt is met 'n Kanna-toekenning bekroon vir haar rol in *ge-gebergtes*.

Regisseur **Wessel Pretorius**
Skrywer **Saartjie Botha**
Choreografie **Sylvaine Strike**
Komposisie en musiekverwerking **Charl-Johan Lingenfelder**
Stel- en kostuumontwerp **Birrie le Roux**
Beligtingsontwerp **Luke Ellenbogen**
Verhoogbestuur **Lulu Heleen Kieser**

'n **KKNK**-produksie

3 OKT 10:00 | **4 OKT** 10:00
5 OKT 19:30 | **6 OKT** 10:00
70 min | Open Window-kampus
R210-R350 | R240-R380 by die deur
Geen o.14 Ⓐ

GROOTMEISIE

DEBUUT

Met **Daneel van der Walt, Jefferson J. Dirks-Korkee, Wian Taljaard, René Cloete**

'n Horingdroë menopouse dwing Daneel Merwe (Van der Walt) om terug te stap na kindwees met 'n ma wat verslaaf is aan suiker en 'n bankbestuurder-pa wat soms in die tuinhuisie wegkruip. Reeds as kleuter voel sy aan iets in hulle huis is nie lekker nie. As puber wéét sy dit, en opstand, woede en haat gooi die ruite van haar oënskynlik veilige grootwordhuis stukkend. Geleidelik gaan haar oë oop vir die geneigheid tot depressie en verslawing in haarself en haar familie. Verwerping, vervreemding en godsverlatenheid volg haar soos haar skaduwee. Maar eers in haar middeljare besef Danny dit is noodsaaklik om diegene wat haar seergemaak en teleurgestel het met empatie te vergewe. Rachelle Greeff se *Grootmeisie* is die wenner van vanjaar se **Reinet Nagtegaal-teksprys**. Haar drama *Die naaimasjien* is in 2009 ook met dié gesogte prys bekroon. Sy is ook bekend vir haar wenteks *Rondomskrik*.

Regisseur **Lee-Ann van Rooi**
Skrywer **Rachelle Greeff**
Verhoogbestuur **Charlene Colling**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie, ondersteun deur **NATi**

5 OKT 10:00 | **6 OKT** 17:00
9 OKT 20:00 | **10 OKT** 13:00 & 16:00
85 min | Open Window-kampus
R210-R350 | R240-R380 by die deur
Geen o.14 Ⓐ


Daneel van der Walt

GRYP ELKE GRASHOLM

Met **Marion Holm**

Gryp elke grasHolm gaan oor die silwer randjie van elke donker wolk. Elke stukkie sleg het 'n stukkie snaaks. Holm wil vir die gehoor gee wat almal nodig het: hoop, humor en harmonie. Die wêreld is tans deurmekaar; ons moet maar self die komedie maak en die lag skep. *Gryp elke grasHolm* kan jou dalk net help in hierdie soektog na snaaks, sagtheid en sin. In dié nuwe eenvrouvertoning doen Marion Holm wat sy altyd doen: komedie met 'n groot hart.

Vervaardiger **Handyminds**
Regisseur **Chris Vorster**
Skrywers **Marion Holm, Chris Vorster**
Beligtingsontwerp **Thys Heydenrych, Chris Vorster**

10 OKT 10:00 & 13:00
75 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R280 | R210-R310 by die deur
Geen o.14 Ⓐ


Marion Holm


Stephanie Baartman

HOORT

Met **Stephanie Baartman** (stem), **Janine Neethling** (klavier)

'n Semi-outobiografiese kabaret wat jou laat lag, huil en met nuwe oë na jou eie storie laat kyk. Dit vertel die verhaal van Stephanie, die dogter van twee pastore, wat haar plek in die wêreld soek te midde van haar gemengde agtergrond en ons komplekse geskiedenis. Met humor, patos en 'n mengsel van koortjies, ghoema, jazz en oorspronklike Afrikaanse komposisies besef sy: Om in te pas is een ding, maar om te behoort is iets heeltemal anders.

Wenner van die 2025 Woordtrofee vir uitsonderlike bydrae tot kontemporêre musiek.

Regisseur **Elzabé Zietsman**
Skrywers **Stephanie Baartman, Johann Slabbert**
Musiekregisseur **Janine Neethling**

8 OKT 20:00 | **9 OKT** 14:00
10 OKT 19:00
80 min | Paul Roos-teater
R240 | R270 by die deur Ⓐ Ⓔ


Carlo Daniels

I LORD HAMLET
DEBUUT

Met **Carlo Daniels**

Een akteur op die verhoog, maar vele rolle. Ons leer Hamlet intiem verstaan en kan persoonlik – op 'n praktiese en geestelike vlak – met hom identifiseer. Hierdie nuwe eenman-collage, geïnspireer deur die werk van Robin Malan, herverbeel Hamlet se geestelike en praktiese stryd as 'n reeks rou, intieme vignettes. Dit speel af in die hedendaagse Kaapse Vlakte en dele van Kaapstad waarin die trauma van ons kollektiewe koloniale nalatenskap direk gekonfronteer word. *I Lord Hamlet* belig die verpletterende identiteitskrisis van 'n steeds gemarginaliseerde gemeenskap en transformeer Hamlet se persoonlike soeke in 'n kollektiewe reis na genesing.

Vervaardiger **Teaterboem**
Regisseur **Jason Jacobs**
Skrywer **Carlo Daniels**
Choreografie **Darion Adams**
Musiek **Jannous Aukema**
Verhoogbestuur **Asamkela Katelo**

Ondersteun deur die **Toyota Stellenbosch Woordfees** en **NATi**

4 OKT 10:00 | **9 OKT** 18:30
11 OKT 13:30
70 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R240 | R270 by die deur
Geen o.14 (T)

Ⓐ Ⓔ

HAAR PAD HUIS TOE

Met **Lynette du Plessis, Miché van Wyk**

Hierdie instellasiekunswerk beeld vroue se reise van tuiskoms uit – 'n terugkeer na grond en water, 'n reis van herinneringe. Die kunstenaars "stap" saam met hulle voormoeders – óns voormoeders – en só verander beweging in 'n daad van herinnering. Die optrede huldig die arbeid en veerkragtigheid wat deur geslagte vroue gedra is wanneer hulle, deur die aarde, terugkeer na hulself, en sodoende vind ons onsself.

Vervaardiger **Working Title Multimedia Curatio**
Regisseur **Carin Bester**

Ondersteun deur die **Suidoosterfees**

Verrassingsoptredes voor die US Konservatorium

KARAMONK

Met **Bianca Flanders**

Dié kabaret is 'n smulbord van teater-happies. Dis speels, uitdagend en hef die grense tussen genres op. Met 'n ryk aanbod van kontemporêre skryfwerk, skerp humor, visuele sprankel en *kamishi-bai* (tradisionele papierteater), gaan dié produksie feesgangers se hart verower.

Vervaardiger **Bianca Flanders**
Regisseur **Jemma Kahn**
Skrywers **Mikayla Brown, Tertius Kapp, Jemma Kahn, Megan Choritz, Bianca Flanders, Ronelda Kamfer, Lebogang Mogashoa**
Musiek **Ramon Alexander, Bianca Flanders**
Verhoogbestuur **Dian Harcovecchio**

Ondersteun deur **Suidoosterfees**

6 OKT 15:00 | **10 OKT** 13:00
11 OKT 13:00
60 min | Paul Roos-teater
R180 | R210 by die deur
Geen o.16 (T)

Ⓐ Ⓔ



KRAPP SE LAASTE BAND
DEBUUT

Met **Carel Nel**


Dis 'n laataand in die toekoms. Alleen op sy verjaardag sit Krapp tussen bokse vol herinneringe en die brose oorblyfsels van 'n lewe wat verbygegly het. Terwyl hy luister na 'n opname van sy jonger self – 'n stem vol ambisie, begeerte en selfvertroue – word hy gedwing om die afstand tussen wie hy was en wie hy geword het in die oë te kyk. Met humor, hartseer en genadelose eerlikheid word dié vertaling van *Krapp's Last Tape* 'n diep ontroerende meditasie oor identiteit, liefde, verlies, tyd en die verhale wat ons vir onsself agterlaat. Carel Nel lewer 'n priemende vertolking van Samuel Beckett se ikoniese karakter.

Vervaardiger en regisseur
Stefan Benadé
Skrywer **Samuel Beckett**
Vertaler, ontwerp, choreografie, musiek en verhoogbestuur
Stefan Benadé

Ondersteun deur die **Toyota Stellenbosch Woordfees**

3 OKT 20:00 | **4 OKT** 19:00
5 OKT 20:00
50 min | kykNET Idasvallei Primêr
R210-R260 | R240-R290 by die deur

Ⓐ



aramex
delivery unlimited

Ons is daar vir elke oomblik.

Jy skryf jou storie; ons lewer dit af.



Aramex bied al die afgelope 40 jaar logistieke dienste in meer as 70 lande.

- Plaaslike en Internasionale Koerier
- Aanbodkettingbestuur
- Pakhuisdienste
- Vragvervoer
- E-handelbestuur

Kontak ons vandag: **ALL_JNB_STBSales@aramex.com**

Skandeer die QR-kode.

LEMOENE, LEMOENE, LEMOENE, LEMOENE, LEMOENE


Met **Dean John Smith, Mienke Ehlers**

In 'n Suid-Afrika waar mense net 140 woorde per dag mag gebruik, moet twee jong geliefdes leer om met stilte te leef en om met woorde te baklei. Hoe sê jy "Ek's lief vir jou" as taal self gevaarlik geword het? Hierdie ontroerende stuk ondersoek wat liefde, vryheid en die krag van 'n mens se stem binne beperkinge beteken.

Vervaardiger **Unusual Bones**
Regisseur, teksverwerking en ontwerp **Kanya Viljoen**
Skrywer **Sam Steiner**
Musiek **Rynhardt van Blerk**
Verhoogbestuur **Natalie Fraser**

'n Koproduksie van die **Suidoosterfees** en **KKNK,** moontlik gemaak deur **NATi,** die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** en **The Jobs Fund**

7 OKT 13:00
9 OKT 13:00
10 OKT 17:00
11 OKT 19:30
75 min | kykNET
Idasvallei Primêr
R180-R220 | R210-R250
by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ




Vihann van Rooyen

MARKUS (EN DIE BRANDBLUSSER OP DIE DERDE VERDIEPING)

FRINGE

Met **Vihann van Rooyen**

Op die derde verdieping van die Koek-museum sit Markus met 'n sigaret in die hand. Hy het pas sy angsmedikasie gelos en verwerk die afgelope drie jaar van sy universiteitsloopbaan met behulp van 'n brandblusser. Hierdie produksie belig temas van identiteit, verlies, liefde en aanvaarding. Dit ontbloot die flitsbeelde van Markus se bestaan, die niks-en-niemands wat hy langs die pad ontmoet het en dít wat nog van hom oor is.

Vervaardiger **Blusser-produksies**
Regisseur, skrywer en musiek **Vihann van Rooyen**
Verhoogbestuur **Jurie Boshoff**

3 OKT 20:00 | **6 OKT** 18:30
60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R120 | R150 by die deur
Geen o.16 (S, T, V, D)

'N MIDDEL

DEBUUT

Met **Tinarie van Wyk Loots, Stian Bam**

'n Middel is 'n rou, intieme blik op 'n paartjie vasgevang tussen wat was en wat nooit geword het nie. Ná jare saam begin die stilte harder praat as die woorde: onvervulde begeertes, gemiste kanse, liefde wat gelyktydig bestaan en verbrokkel. In 'n enkele ruimte ontvou 'n gesprek wat lankal moes gebeur – skerp, eerlik, soms wreed, soms onverwags teer. Eldridge se teks sny tot by die kern van die middeljare: die konfrontasie met tyd, keuses en die brose hoop op verandering.

Regisseur **Cintaine Schutte**
Skrywer **David Eldridge**
Vertaler **Wessel Pretorius**
Ontwerp **Nell van der Merwe**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie, speelvak ondersteun deur **NATi**

5 OKT 10:00 | **6 OKT** 19:30
7 OKT 19:00 | **8 OKT** 16:30
11 OKT 16:30
90 min | kykNET Idasvallei Primêr
R230-R290 | R260-R320 by die deur
Geen o.16 (T)


Stian Bam

MOFFIE

Met **David Viviers**

Moffie se wêreldpremière was in 2024 in Londen. Lofryke resensies het gevolg, insluitend 'n vyfstergradering van *The Guardian.* Dit is 'n aangrypende verkenning van identiteit, manlikheid, onderdrukking, verbode begeerte en die blywende littekens van geïnstitusionaliseerde geweld. Gesetel in die brutale wêreld van die Suid-Afrikaanse Weermag in die 1980's, delf hierdie verhoogaanpassing van André Carl van der Merwe se roman in die eise van militêre diensplig, waar konformiteit wet is en verskil met geweld beantwoord word.

Regisseur **Greg Karvellas**
Skrywer **Philip Rademeyer,** gegrond op die boek van **André Carl van der Merwe**
Beligting **Kieran McGregor**
Klankontwerp **Charl-Johan Lingenfelder**

Moontlik gemaak deur **The Common Humanity Arts Trust (CHAT)**

3 OKT 15:00 | **4 OKT** 19:00
5 OKT 10:00 | **6 OKT** 18:00
10 OKT 20:00 | **11 OKT** 10:00
85 min | Adam Small-ouditorium
R210-R350 | R240-R380 by die deur
Geen o.14 (V, T, G) Ⓔ



MS B-HAVED


Met **Sue Diepeveen**

Die geliefde onderwyser Sally Burkett is geskors, en ja, dis net so skandalig soos dit klink. Nadat sy jare lank oorleef het ondanks gedurig veranderende beleide, nuwerwetse leerstyle en berugte nuwe-era-ouers, wonder almal: Wat het sy nou eintlik aangevang om só diep in die moeilikheid te beland? Kom lag saam terwyl Sally haar lot afwag in dié skreeusnaakse blik op 'n onderwyseres wat net probeer oorleef.

Vervaardiger **The Drama Factory**
Regisseur **Natasha Sutherland**
Skrywer **Sue Diepeveen**
Klankontwerp **Wicus Louw**

4 OKT 19:00 | **5 OKT** 13:30
6 OKT 18:00
60 min | Paul Roos-teater
R150 | R180 by die deur
Geen o.14 (T)

Ⓔ



MY KIND DRUIP

DEBUUT

Met **Shimmy Isaacs, Joshwin Dyson**

Niemand het dit sien kom nie. Hoe kon ons? Uit 'n lang bloedlyn van onderwysers het die onmoontlike gebeur: My kind het gedruip. Wat doen jy as 'n ma – huil jy, lag jy, bid jy? Hy moet net klaa' maak, dis al wat saak maak. Hy gaat net klaa' maak! *My kind druip* is 'n humoristiese ware verhaal van terugslae en triomf, van 'n ma en haar seun wie se bloed dikker as peanutbotter is.

Regisseur **Mongi Mthombeni**
Teksverwerking **Shimmy Isaacs**
Verhoogbestuur **Gershwin Mias**

'n Ko-produksie van **Toyota Stellenbosch Woordfees** en **KKNK**

3 OKT 13:30 | **4 OKT** 12:30
5 OKT 17:30 | **8 OKT** 19:30
70 min | kykNET Idasvallei Primêr
R170-R220 | R200-R250 by die deur

Ⓐ



NETPHLIX
FRINGE

Met **Sophie Joans**

Netphlix is 'n vinnige, hoogs energieke satire waarin die bekroonde teatermaker en komediant Sophie Joans dié aanlyn stroomreus aanvat en vra: Wat is 'n goeie storie? Kan jy *Squid Game* oortref? Is oranje die nuwe swart? Moet ons vir Saul roep? Wie weet. Dalk kry jy antwoorde in *Nephlix* – 'n rou, intense uur van improvisasie, fisieke teater, komedie en sketse wat in 2025 by die Nasionale Kunstefees op Grahamstad met 'n Standard Bank Ovation-toekenning bekroon is.

Vervaardiger **Spark in the Dark**
Skrywer en regisseur **Sophie Joans**
Musiek **Ryan Stopforth**
Verhoogbestuur **Cailyb Prinsloo**

Ondersteun deur die **Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport**

6 OKT 13:00 | **10 OKT** 13:30
55 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R180 | R210 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓔ

NIK RABINOWITZ: MOUNTAIN JEW
STANDUP

Die komediant en Joodse plaasseun **Nik Rabinowitz** is gebore in 'n opgeknapte skuur teen die hange van Constantiaberg. As kind het hy boom geklim, in drie amptelike tale kommentaar gelewer op sy rugbywedstryde en 'n Waldorfskool bygewoon waar hy geleer het om met sy gevoelens te hekel en met 'n vyftoonfluit en 'n waterverfskildery van 'n kabouter die presiese spirituele frekwensie van organiese sybokhaar te bepaal. Half natuurkind, half gawe Joodse seun, half mislukte wiskundige – in *Mountain Jew* vertel hy sy storie van stal tot stand-up!

8 OKT 19:30
90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R320 | R210-R350 by die deur
Geen o.14 Ⓔ


Sophie Joans

ONS IS NOG HIER
FRINGE

Met **Franka Kirby, Adri-Jo Waterboer, Cara Rossouw**

Shanice, Simone en Layla beland in 'n geheimsinnige vertrek waar speletjies vinnig 'n onheilspellende toon aanneem. 'n Skokkende onthulling bring skuld, wantroue en woede na die oppervlak, terwyl simbole en geheime die werklikheid al hoe donkerder maak. Vasgevang tussen hoop en wanhoop word hulle soeke na uitkoms 'n reis van herinnering en oorlewing. Wie ontsnap en wie bly agter? *Ons is nog hier* is een van vyf produksies wat vir die NATi Jong Sterre-projek gekeur is.

Regisseur **Tamia Thompson**
Skrywer **Matthew Smith**

Moontlik gemaak deur die **Suidoosterfees, NATi, Jakes Gerwel-stigting, Kunstekaap**

3 OKT 10:00 | **5 OKT** 17:30 | **10 OKT** 17:00
60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R120 | R150 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ

OUMA EN DIE OU KOEIE

Met **Margit Meyer-Rödenbeck**, **Coenraad Rall** (klavier)

Soos ons ouer word, is die meeste mense geneig om (gerieflikheidshalwe) sekere dinge te vergeet. En dié wat ons wel wil onthou, kry mos mettertyd allerhande "versierinkies" by. 'n Halwe waarheid in die 50's word 50 jaar later 'n voldwonge feit; 'n wolhaarstorie word ge-blow-dry tot 'n manjifieke beehive; en 'n besope one-night stand verander jare later in 'n pragtige kortstondige romanse. Hierdie komedie-kabaret gaan jou een oomblik laat skaterlag en die volgende oomblik saggies laat snak na jou asem wanneer jy dalk net jouself herken.

Vervaardiger **Arena-produksiehuis**
Regisseur en skrywer **Jurgen Human**

7 OKT 13:00 | **9 OKT** 20:30
80 min | Standard Bank Endler
R180-R280 | R210-R310 by die deur
Geen o.14 (T)

Ⓐ

PREMIÈRE-WENNER: VIOLETS, IN BLOOM

Met **Hafeez Arendse, Greta Marie Mascke, Shayne Justin Joseph, Torden Van Rensburg, Cate Storm**

James en Charlotte Ashford is deel van Kaapstadse Engelse elite in die 1960's en dit blyk asof hulle floreer: welvarend, word bejeen met aansien en op die drumpel van politieke sukses. Maar agter die mooi masker skuil 'n laventelhuwelik. Wanneer gerugte oor James se seksualiteit begin versprei, word hy gedwing om te kies tussen nalatenskap, identiteit en die mense vir wie hy die liefste is.

Skrywer en regisseur **Skyla Cookson**
Verhoogbestuurder **Siyasanga Njobe**

3 OKT 17:30 | **5 OKT** 21:00
60 min | Adam Small-laboratorium
R150-R210 | R180-R240 by die deur

Ⓐ Ⓔ

PLAY THINGS

Met **Verskeie kunstenaars**

'n Opwindende vertoonvenster vir nuwe werk: monoloë, sketse, towerkuns, komedie, teksvoorlesings, narrespel en meer. Kyk hoe jou gunstelingkunstenaars hulle nuwe idees en onafgeronde werke toets voordat dit volwaardige produksies word, of ontdek nuwe talent nog voordat hulle die aandag trek. *Play Things* is nét die ding om jou aand af te sluit met 'n heerlike, kleurryke mengelmoes van variété-optredes.

Vervaardiger **Spark in the Dark**

10 OKT 21:00
60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R100 | R130 by die deur
Geen o.14 (T)

Ⓐ Ⓔ



SCHALK BEZUIDENHOUT: HEY HEY EK IS GESKEI

STANDUP

Het jy al ooit deur 'n egskeiding gegaan? Wel, Schalk het. En gelukkig vir jou móét hy daaroor praat. Eintlik... hy moet daaroor praat. Hoekom? Omdat dit goedkoper is as terapie. Rou, eerlike *stand-up* op sy allerbeste – met miskien selfs 'n enkele traan wat teen die linkerwang afrol. Dit is hopelik – in die naam van alles wat goed en lekker is – die eerste én laaste *show* oor 'n egskeiding wat Schalk ooit sal doen. Moenie dit misloop nie.

Vervaardiger **Erns Grundling**

10 OKT 16:30 | **11 OKT** 11:00
70 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R320 | R210-R350 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ



SKANSE

DEBUUT

Met **Dawid Minnaar, Edrien Erasmus, Deon Lotz, Marisa Drummond, Rushney Ferguson**

Skanse is 'n nuwe drama deur die Hertzogprys-bekroonde dramaturg **Deon Opperman.** Wanneer Daniël ná sewe jaar as digitale nomade onverwags aan sy broer Simon se deur klop, breek hy meer as net die alarmbeam. Tussen lamsboud en chardonnay, omring deur mure en kameras wat belowe om die kwaad buite te hou, ontvou 'n aand waarin ou wonde oopgeskeur word en die skanse verbrokkel wat twee broers teen mekaar – en teen die lewe self – opgerig het. In 'n wêreld waar almal desperaat probeer vasklou aan sekerheid, bring Daniël se terugkeer die vraag: Is dit moontlik om te leef sonder om vas te klou? En as die alarms uiteindelik stil word, wat bly oor van die mense wat agter die mure skuil? 'n Intense familiedrama met baie humor, oor rou, verwerping en die illusie van veiligheid.

Regisseur en skrywer **Deon Opperman**

'n Ko-produksie van die **Toyota Stellenbosch Woordfees, KKNK** en die **Suidoosterfees**

3 OKT 15:00 | **4 OKT** 13:30 & 17:00
6 OKT 13:30 | **7 OKT** 15:30
90 min | Open Window-kampus
R235-R350 | R265-R380 by die deur Ⓐ



TANDEPASTA EN SIGARETTE
FRINGE

Met **Nichola Viviers, Conradie van Heerden**

Wallis en Chantry ontmoet by 'n vriend van 'n vriend se partytjie en voel oombliklik 'n konneksie, maar Chantry se kêrel is nog op die toneel. Wallis sal tevrede wees met 'n vriendskap, want al is Chantry die regte mens vir hom, is dit beslis nie die regte tyd nie. Maar wat gebeur wanneer die grense tussen vriendskap en liefde vervaag en die vrees jou oorval dat jy 'n eenkeer-in-'n-leeftyd-konneksie gaan misloop?

Vervaardigers **Nichola Viviers, Conradie van Heerden**
Regisseurs **Jeanne-Marié Koekemoer, Angelique Filter**
Skrywer **TJ Dawe**
Vertaler **Nichola Viviers**

6 OKT 16:00 | **9 OKT** 21:00 | **11 OKT** 17:00
65 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R120 | R150 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ



THE FOOL'S GUIDE
... to living and dying...

Met **Andrew Buckland**

Hierdie stuk is 'n skreeusnaakse en hoogs fisieke reis deur die wêreld van die hedendaagse tegnologie, uitgebeeld met die virtuose vernuf van 'n akteur wat op die kruin van sy vermoëns is. Dié eenman-kragtoer vra ernstige vrae oor die menslike toestand, veral in verhouding tot die sosiale media en kunsmatige intelligensie, en bied unieke en prikkelende antwoorde deur uitbundige komedie en aangrypende storievertelling.

Vervaardiger **Mouthpeace**
Regisseur **Janet Buckland**
Skrywers **Andrew Buckland, Janet Buckland**

Moontlik gemaak deur die **KKNK**

3 OKT 17:00 | **4 OKT** 09:30 | **6 OKT** 16:00
60 min | kykNET Idasvallei Primêr
R180-R240 | R210-R270 by die deur Ⓔ



THE PERFECT PITCH

Met **Saartjie Botha, Pieter Toerien, Carel Nolte, Cornelia Faasen** en ander

Het jy al ooit gewonder wat sal gebeur as jy die haaie van *Shark Tank* tussen 'n klomp dramatiese teatermakers loslaat? Die antwoord is *The Perfect Pitch*, 'n unieke geleentheid vir die land se voorste teatermakers om sake uit te spook om die groot prys: 'n volle R1 miljoen in ontwikkelingsfinansiering. 'n Uitgesoekte groep finaliste gaan hulle droomproduksies op die verhoog aan 'n meedoënlose paneel van bedryfsleiers en beleggers voorlê. Dit is rou en spontaan, en die paneel se reguit terugvoering en skerp vrae waarborg 'n vermaaklike en unieke ervaring.

Jy kyk nie net hoe die drama ontvou nie; jy het die teks in jou hand. Stem vir jou gunstelingkonsep, dra by tot die Audience Favourite-fonds, of ondersteun die projek wat jou hart steel as individuele donateur. Of jy nou 'n teaterliefhebber is op soek na 'n opwindende aand uit, of 'n kunstenaar wat wil beleef hoe daar geskiedenis gemaak word, jy wil nié hierdie nuutjie misloop nie.

In samewerking met **EasyEquities**

8 OKT 19:30
120 min | Adam Small-ouditorium
R150 | R180 by die deur

Ⓐ Ⓔ

THE SECOND COMING

FRINGE

Met **Taylor Ackermann, Kimi de Beer, Matthew Gray, Kgahlisho Matloga, Lutho Ndyalvane, Mateo Komlosy, Lea Steenkamp**

Die einde is op hande! Vyf vreemdelinge skuil in 'n bouvallige klooster en wag op die eindtyd terwyl hulle die heilige visioene van Pous Onskuld volg. Die opperste gebod? Die kerk se deure mag nooit oopgaan nie. Vir niemand nie. Nooit, ooit nie! Dan is daar 'n klop aan die kerkdeur en iemand pleit om in te kom. Uit die verwronge gedagtes van sewe gefrustreerde



jong mense groei 'n gewelddadige satire wat reeds 2 000 jaar aan die ontwikkel is. Die stuk is oorspronklik by die Universiteit Stellenbosch se dramadepartement ontwikkel.

Regie **Matthew Gray, Kimi de Beer**
Skrywers **Mateo Komlosy, Kimi de Beer**
Ontwerp **Taylor Ackermann**
Verhoogbestuur **Heila Hugo**
Fasiliteerder **André Gerber**

5 OKT 11:00 | **6 OKT** 21:00
45 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R120 | R150 by die deur
Geen o.16 (D, G, T, S)

Ⓐ Ⓔ

THE STRANGER

Met **Nkosenathi Koela** en ander

The Stranger is 'n poëtiese rituele drama oor liefde en die verlies aan liefde, die onderlinge verbondenheid van alle lewensvorme en die transformerende krag van die kunste. Orpheus, 'n vreemdeling, kom op Stellenbosch aan en speel musiek wat so betowerend is dat dit vrede bring vir almal wat dit hoor. Die vrou wat op hom verlief raak, word egter op hulle troudag vermoor en Orpheus moet na die Onderwêreld reis om haar terug te bring. Dié meditasie, wat op 'n antieke Griekse mite gegrond is, bly by 'n mens spook lank nadat jy die teater verlaat het.


Vervaardiger **Barbara Mathers** vir **Third World Bunfight**
Regisseur, skrywer en ontwerp **Brett Bailey**
Musiek **Nkosenathi Koela**
Verhoogbestuur **Yusuf Abrahams**
Ondersteun deur die **Nasionale Loterykommissie, Spier**

9, 10 en 11 OKT 19:30
80 min | Die Boekklub, Johannesdal
R180 | R210 by die deur
Geen o.14

Ⓔ

SPIER
1692

A new vintage of Spier.



Our family-owned wine farm and hotel. A sense of place, gently evolved.
Art, land, people and time, all in balance. Food and wine, honest and beautiful.

www.spier.co.za

TOLLIE PARTON: TOTTIE EN NIE VERDER NIE

STANDUP

Met **Wynand Kotze**

Tollie Parton was nog altyd die té eerlike vriendin wat mense dikwels kwaad maak. Sy vertel al vir jare hoe sy vir niks en niemand bang is nie, maar is dit regtig die waarheid? Is sy nes die dapper muis van ou[reid] om te sê dat sy ook vir niks [...]l, tottie en nie verder nie[...]te vertoning kan sy ongeluk[...] waarheid te laat uitglip nie[...]eslose fopdosser is soms [...] natuur. Die liefde het ha[...]g maak, maar hoe lank gaan dit hou? [...]wie is die man wat haar hart gesteel het? Baie mense dink dis Steve. Is dit te goed om waar te wees? Is Tollie werklik net hier om goeie nuus te bring? Daar is immers niks wat die liefde en 'n skaaptjop nie kan fix nie. Sensitiewe kykers en o.18's moet verbyhou!

Gekanselleer

Vervaardiger, regisseur en ontwerp **Wynand Kotze**
Skrywers **Anne Hirsch, Wynand Kotze**
Musiek **Loki Rothman**
Verhoogbestuur **Karl Hildebrandt**

10 OKT 20:00
80 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R320 | R210-R350 by die deur
Geen o.18 (T, V) Ⓐ

VIVALDI EN DIE VONDELING

Met **Lynelle Kenned, Mario Nell** (klawesimbel), **Johanna Roos** (viool)

Anna Maria della Pietà was 'n wonderkind van Venesië. Op 8-jarige ouderdom was sy 'n vermaarde violis en komponis, en op 12 was sy die jongste konsertmeester van die beroemde Ospedale della Pietà-orkes. Sy was 'n weggooikind, die dogter van 'n prostituut. Haar musiekmeester was niemand anders nie as die briljante Antonio Vivaldi, wat 28 van sy vioolkonserte aan haar opgedra het. Sommige bespiegel selfs dat sy dele daarvan gekomponeer het. In hierdie intieme stuk word die merkwaardige lewe van Vivaldi se sukesvolste leerling uitgebeeld en wys Anna Maria se transformasie van weerlose weeskind tot gevierde Maestra di violino én Maestra di coro.

Vervaardiger **Niël Rademan-produksies**
Regisseur **Niël Rademan**
Skrywer **Riana Scheepers**
Ontwerp en verhoogbestuur **Lindi Heila Smit**

Ondersteun deur **Toyota Stellenbosch Woordfees, Suidoosterfees, Hessequa Harmonie, Vrystaat Kunstefees** en **NATi**

4 OKT 12:00
50 min | Drostdy-teater
R195-R280 | R225-R310 by die deur Ⓐ




Lynelle Kenned

VLINDERVRY
DEBUUT

Met **Cindy Swanepoel, Heinrich Wentzel, Jeanne-Marié Koekemoer, Geon Nel**

Vlindervry is 'n vertaling van Leonard Gershe se trefferkomedie *Butterflies are Free*. Daan Bekker is 'n blinde 19-jarige wat pas Kaapstad toe getrek het, deels om 'n sangloopbaan na te streef, maar hoofsaaklik om hom uit sy beheersugtige ma se greep los te wikkel. Sy nuwe buur–vrou is die loslit en vrygeestige Griet Marais op wie hy kort voor lank smoorverlief raak. Daan se ma verbreek egter haar belofte wanneer sy uit bekommernis besoek aflê en glad nie beïndruk is met haar seun se nuwe leefstyl óf die nuwe blonde invloed in sy lewe nie. Daan sit 'n stryd voort teen sy ma om sy onafhanklikeid en sy liefde vir Griet te beskerm.

Regisseur, vertaling en verwerking
Wessel Pretorius
Skrywer **Leonard Gershe**

'n Ko-produksie van **Momentum Aardklop** en **Toyota Stellenbosch Woordfees**. Moontlik gemaak deur **AK21** en ondersteun deur **NATi**

6 OKT 13:00 | **7 OKT** 16:00
9 OKT 19:30 | **10 OKT** 13:00
11 OKT 13:00
90 min | kykNET Idasvallei Primêr
R250-R320 | R280-R350 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ



WAT OM TE DOEN AS DIE WÊRELD BRAND

Met **Elzabé Zietsman, Jody Jason Peterson** (klavier)

Die wêreld is aan die brand, maar die engel/orakel/demi-godin wat eiehandig die kliëntedienssentrum van die kosmos beman, is afgeboek weens uitbranding. Die groot opsigter van die heelal het heeltemal genoeg gehad. Wie gaan nou na die mensdom se gesanik luister, raad gee oor verhoudings en vure doodslaan waar hulle dreig om verwoesting te saai? In hierdie kabaret vertolk Elzabé Zietsman die rol van 'n "Vra dr. Adri"-troostante vir alles en almal in die universum, met vurige vertolkings van bekende treffers en 'n pragmatiese benadering tot oorlewing in tye wat voel soos die einde.

Dis benoem vir drie Kanna-toekennings by die 2026 KKNK.

Vervaardiger **Drama Drama-produksies**
Regisseur en skrywer
Bibi Slippers

6 OKT 12:00 | **7 OKT** 19:30
70 min | Drostdy-teater
R195-R280 | R225-R310 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ Ⓔ



WIE CALL DIE SHOTS?
DEBUUT

Met **Jeswaan Boneparte, Kyle Farmer, Janru Steenkamp, Thakgalo Sello, Nurudien Wyngaard, Edwardo Kok**

Danger. Gevaar. Ingozi. Bly weg. Lê plat. Ons is nie veilig nie. Die strate bloei van Gwa! Ba! Ba! Snellers word getrek, maar wie call die shots? Koeëls vlie deur 'n rugsak tot in die hart van 'n droom. Asems word opgehou, angs opgebou. Dis normaal. *Wie call die shots?* plaas die kollig op wapengeweld in Suid-Afrika en hoe dit ons gemeenskappe en kinders raak.

Regisseur **Byron Klassen**
Skrywer **Miché van Wyk**

Moontlik gemaak deur die **Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans (SBA)** met ondersteuning van die **Tribuo en Proscenium-dramakompetisie, Toyota Stellenbosch Woordfees** en die **Suidoosterfees**

3 OKT 10:00 | **4 OKT** 15:30
5 OKT 14:00
60 min | kykNET Idasvallei Primêr
R150-R220 | R180-R250 by die deur Ⓐ



WOORDFEES

kykNET

Daar is 'n magiese gevoel aan die energie wat elke jaar deur Stellenbosch bruis wanneer die Woordfees begin.

Want wanneer mense met 'n gedeelde liefde vir stories, musiek, teater en gesprekke bymekaarkom, gebeur daar iets wat lánk na die laaste applous nog by 'n mens bly.

Dis vir ons 'n voorreg om jaar ná jaar saam met die storievertellers, dromers, skeppers en gehore die volgende hoofstuk van Afrikaanse kuns en kultuur te help skryf.

WAAR ONS WOORDE VLERKE KRY

kykNET

TOYOTA STELLENBOSCH WOORDFEES


DANS
III
VI



AUTOPLAY

Met **Darkroom Contemporary** met o.a. **Gemma Trehearn, Rian Jansen, Tamsyn Pretorius, Inge Beckmann, Gala Winkler, Phelo Ngxukuma, Wayne Simpson**

autoplay is 'n meesleurende, surrealistiese ontmoeting tussen mens en masjien. Hierdie hibriede uitvoering ondersoek identiteit en outonomie in 'n wêreld wat deur digitale stelsels gevorm word. Aangedryf deur kunsmatige intelligensie, vra dit vrae oor selfstandigheid, invloed en beheer. Deur absurditeit en satire met kragtige fisikaliteit te vermeng, ondersoek *autoplay* ons stille aanvaarding van 'n distopiese hede, terwyl dit ons terselfdertyd leer om 'n nuwe wêreld te navigeer.

Regisseur en choreografie **Louise Coetzer**
Musiek **Brydon Bolton, Njabulo Phungula, Inge Beckman**

Ondersteun deur die **Nasionale Loterykommissie, Nasionale Kunsteraad van Suid-Afrika,** die **Christian Ludolph Marais-trust**

7 OKT 20:00 | **8 OKT** 10:00
75 min | Adam Small-ouditorium
R180-R310 | R210-R340 by die deur
Geen o.14

REACH FOR THE STARS

Reach for the Stars is 'n inklusiewe dansplatform waar rou talent, kragtige stories en kulturele uitdrukking op een verhoog saamkom. Hierdie produksie bevat dansers van tussen 8 en 35 jaar oud wat van reg oor die land kom en elke denkbare dansstyl verteenwoordig op 'n uniek Suid-Afrikaanse manier. Gehore kan uitsien na opwindende vertonings, emosionele reise en die transformasie van jong dansers beleef wat hul doel ontdek en na iets groters reik.

Choreografie **Desiree Angus**

3 OKT 11:00
30 min | HMS Bloemhof-sentrum
R90-R240 | R120-R270 by die deur

GLIMPSE

FRINGE

Met **Alyssa Jacobs, Kalene Sybil Botha, Mila Sobolewski, Nolwandle Makombe, Anlia Marais**

Januarie 2026. Brandstigting was vermoedelik die rede waarom verskeie brande in Stanford in die Overberg uitgebreek het. Die vlamme het meer as 4 000 hektaar grond vernietig, waarvan die grootste gedeelte fynbos is. *Glimpse* bied 'n blik op die verhouding tussen die menslike wêreld en die ekostelsels buite.

Regisseur **Sonja Louw**
Komposisie en musikale verwerking **Kalene Sybil Botha**
Ontwerp **Sonja Louw**
Verhoogbestuur **Jurie Boshoff**

4 OKT 20:00 | **7 OKT** 17:30
40 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R120 | R150 by die deur


OUR BODIES REMEMBER

Our Bodies Remember is twee eiesoortige werke wat geskep is deur **Jazzart Dance Theatre** se residensiële kunstenaars vir 2026, Lihle Mfene en Chesney Stanfield. Die choreografie vermeng stedelike Afrika- en kontemporêre dans met vloeiende beweging wat geanker is in die ritmes van beide Afrika- en Westerse kulturele invloede. Jazzart se dansers is bekend vir hulle energie, passie en uitsonderlike vertonings.

Choreografie **Lihle Mfene, Chesney Stanfield**

9 OKT 13:00 | **11 OKT** 13:00
70 min | Adam Small-laboratorium
R180-R250 | R210-R280 by die deur


Glimpse


Our bodies remember

PEOPLE ON THE MOVE

Met **Litha Makanda, Lusindiso Dibela, Sinazo Mxeli, Sonwabile Mhlonyane, Vuyolwethu Mdluli, Wanie Johannes, Asemahle Dayimani, Asive Mrauzeli, Akhona Mpoza, Bartholomew Pietersen, Clayton Jannike, Davidine Diamond, Inam Dyonasi Lathitha Nomgca, Sinalo Vakala**

People on the Move is 'n kragtige ervaring wat jou meesleur met aangrypende Suid-Afrikaanse verhale van die soeke na geleenthede en geborgenheid. Met treffende fisieke storievertelling, musiek en drama volg dit reise van vroeë migrasie tot gedwonge verskuiwings en ballingskap. Dit bereik 'n hoogtepunt in die werklikhede van hedendaagse vlugtelinge en asielsoekers wat steeds oor grense heen vlug van gevaar. Die stuk nooi gehore om migrasie te erken as 'n gedeelde menslike ervaring wat diep verweef is met die land se verlede en hede.



Choreografie & regisseur
Sbonakaliso Ndaba
Komposisie en musikale verwerking
Zinziswa Nogavu
Ontwerp **Leopold Senekal**

Ondersteun deur die **Nasionale Lotterykommissie, Dance for All** (Switserland), **The Dokoda Fine Bursary**

4 OKT 16:00 | **8 OKT** 12:00
60 min | Adam Small-laboratorium

THE RESERVATION

Met **Figure of 8 Dance Theatre: Shaun Oelf, Marang Gwatyu, Jenna Wilkinson, Damian Jacobs, Thalia Alberts, Liam Frantz, Sasha Nkonyana, Kirsten Messias, Irshaad Essack, Natasha Tsanwani, Lukhanyo Anta**

The Reservation is 'n meesleurende dansteaterproduksie wat 'n spieël ophou vir ons sosiale gewoontes en begeertes. Dié gesinsvriendelike opvoering gaan beslis die eetlus prikkel, aangesien dit afspeel in 'n bedrywige stadsrestaurant waar borde en politiek gedurig bots en 'n à la carte-spyskaart van beweging en betekenis voorgesit word. Dit is 'n ruimte waar vreemdelinge ontmoet, geliefdes stry en families herenig, terwyl kelners tussen werklikhede wals – 'n plek waar die kliënt altyd reg is... en die sjef altyd omgekrap.

Vervaardiger **Figure of 8 Theatre**
Regisseurs **Grant van Ster, Buhle Ngaba**
Skrywers **Wilken Calitz, Buhle Ngaba en geselskap**
Klankontwerp **Shaun Oelf**
Produksiebestuur **Marie Vogts**

6 OKT 13:00 | **7 OKT** 15:30 | **9 OKT** 15:30
90 min | Adam Small-laboratorium
R180-R250 | R210-R280 by die deur



THE SLEEPING BEAUTY

Met dansers van die
Stellenbosch Balletvereniging

Die Stellenbosch Balletvereniging bied 'n klassieke produksie van *The Sleeping Beauty* aan met 'n geselskap van professionele en ontluikende dansers van skole reg oor die dorp. Dit is 'n storie van hoop, veerkragtigheid, die krag van die liefde maar ook kontraste: lig en donker, onskuld en gevaar. Kom ervaar die vreugde van dans in hierdie tydlose produksie.

Choreografie **Ethne Daniels, Chante Daniels** (na Marius Petipa)
Komposisie **Tsjaikofski**
Ontwerp **Backdrop South Africa**

Ondersteun deur **The Glen Stud Farm, Swellendam**

9 OKT 20:00 | **10 OKT** 16:00
120 min | Adam Small-ouditorium
R150-R265 | R180-R295 by die deur



The Sleeping Beauty



Twee siele, een omhelsing

TWEE SIELE, EEN OMHELSING

Met **Shaun Oelf, Ramsey Devin Lewis, Craig Katts**

Tango gaan nie daaroor om spesifieke stappe te vervolmaak nie, maar oor die ontwaking van teenwoordigheid. In die omhelsing van die tango ontdek jy hoe om vas te hou én vasgehou te word, hoe om stilte te vertrou, hoe om anderkant woorde 'n konneksie te vorm. Dit word 'n oefening in menswees wat die manier waarop jy voel en asemhaal, herbedraad.

Regisseur en choreografie **Ina Wichterich**

Ondersteun deur die **KKNK** & **Toyota Stellenbosch Woordfees**

7 OKT 19:30 | **8 OKT** 19:30 | **9 OKT** 19:30
60 min | Ou Konservatorium
R250 | R280 by die deur
Geen o.14



WONDE

Met **Garage-dansensemble**

Die Garage-dansensemble het internasionaal lof verwerf vir die sterk gevoel van identiteit waarmee hulle Suid-Afrikaanse stories vertel. In dié kragtige dansproduksie gebruik hulle beweging en stem om lig te werp op die uitwerking wat dit op families en gemeenskappe het wanneer kinders spoorloos verdwyn. Hierdie aangrypende uitbeelding van die diep letsels van verlies is ook 'n wekroep om ons kinders te beskerm.

Choreografie **Byron Klassen**

4 OKT 12:30 | **5 OKT** 17:00
35 min | Adam Small-laboratorium
R150-R220 | R180-R250 by die deur Ⓔ


Wonde



SUID-AFRIKA | NAMIBIË | BOTSWANA
Op koers na kuns
PREMIUM MOTORHUUR | HERTZ.CO.ZA
Hertz

TOYOTA MUSIEKFEES



AFTERPAARTIE



Elke feesdag het daardie oomblik wanneer die laaste verhooglig uitdoof en die skare huis toe gaan, maar jy, jý is nog lank nie reg om te gaan slaap nie. Moenie vrees nie: Die Toyota Stellenbosch Woordfees het vanjaar die perfekte kuierplek vir siele wat nie maklik rus vind nie. Kom kuier van Maandag tot Saterdag om 22:00 by die Afterpaartie – 'n laatnaggeleentheid waar die musiek aanhou lank nadat die formele program klaar is. Van Suid-Afrika se voorste blues-, rock- en jazzkunstenaars gaan sorg vir vonke.
5 tot 10 OKT 22:00 | Weekkaartjie R150 | R180 by die deur

ALBERT FROST-TRIO

Die blues-rock-virtuoos Albert Frost en sy trio laat die verhoog behoorlik vlamvat met hulle rou energie en wêreldklas musiek wat 'n laataandvertoning in 'n besonderse ervaring omskep.

5 OKT 22:00
120 min | US Konservatorium-amfiteater
R30 | R60 by die deur

WORLD PEACE ENSEMBLE

Die World Peace Ensemble lewer 'n vreeslose opvoering waarin diep grooves, jazzimprovisasie en wêreldritmes saamsmelt tot 'n kragtige viering van musikale eenheid.

8 OKT 22:00
120 min | US Konservatorium-amfiteater
R30 | R60 by die deur

PAPIER FAMILY BAND

Met **Papier Family Band**

Die Papier Family Band bring geslagte van musikale storievertelling bymekaar in 'n warm, sielvolle viering van familie, erfenis en die tydlose gees van Suid-Afrikaanse musiek.

6 OKT 22:00
120 min | US Konservatorium-amfiteater
R30 | R60 by die deur

NICK TURNER & VRIENDE

Nick Turner, bekroonde kitaarspeler en liedjieskrywer wat bekend is vir sy werk met Sons of Trout en die Solms-Delta-projek, bring 'n groep uitsonderlike musikante bymekaar vir 'n aand van meesterlike spel, spontaneïteit en onvergeetlike musiek.

9 OKT 22:00
120 min | US Konservatorium-amfiteater
R30 | R60 by die deur

ROBIN AULD-TRIO

Onder leiding van die legendariese liedjieskrywer Robin Auld vermeng hierdie trio folk, rock, blues en Afrika-invloede in 'n versameling liedjies wat getuig van hulle groot hart, swerflus en uitstaande musikale vernuf.


7 OKT 22:00
120 min | US Konservatorium-amfiteater
R30 | R60 by die deur

AFTERPAARTIE ALL STARS

'n Eenmalige byeenkoms van fees-gunstelinge en 'n klomp verrassende gaste wat sorg vir 'n plesierige, genre-oorskrydende finale waar enigiets kan gebeur en niemand lus is om huis toe te gaan nie.

10 OKT 22:00
120 min | US Konservatorium-amfiteater
R30 | R60 by die deur

TOYOTA MUSIEKFEES





7 OKTOBER

ZAAN SONNEKUS & TASCHÉ

met SOSSI



9 OKTOBER

BOOSHLE G

met TATUM TIDES

OPELUG-KONSERTE



8 OKTOBER

SPOEGWOLF

met VAN DER AVEN



10 OKTOBER

JEREMY LOOPS

HEKKE OPEN 17:00 | JAN MARAIS-PARK

A NICK CAVE AFFAIR

Met **James Smith** (klavier en sang), **Anjulie Nock** (tjello), **Jake Gunn** (klavier en sang), **Andra** (gaskunstenaar)

Conrad Jamneck se huldeblyk aan Nick Cave, sanger van The Bad Seeds, laat 'n mens nie net luister nie, maar ook voel. In plaas van 'n blote weergawe van Cave se musiek word die liedjies hervertolk – rou, intens en eerlik – soos daardie eerste keer toe jy Cave gehoor het. Dit is 'n huldeblyk wat die musiek-ikoon se temas oor dood, godsdiens, liefde en geweld omskep in 'n meesleurende ervaring.

Vervaardiger **Conrad Jamneck**

6 OKT 20:00 | **8 OKT** 16:00
90 min | The Daisy Jones Bar
R220 | R250 by die deur





ANDRÉ SCHWARTZ: DIE KRONIEKE VAN BUKS

Met **André Schwartz, JJ Petersen** (klavier)

In hierdie komiese kabaret kraai Buks – 'n klein wit chihuahua wat dink hy is so groot soos 'n renoster – koning in die stofstrate van Paul Roux. Buks trip-trap van huis tot huis, hoor die geskinder en geheime, en word bederf met brokkies nuus en lekkernye. Buks is die toegangspoort tot die lewens van die dorpsmense. Die dorp val uitmekaar en almal lewe op die rand van chaos. Tussen die seer en die humor lê die gestroopte musiek van onder andere Billy Joel, André Schwartz, Charles Aznavour en vele meer, alles naatloos verweef in die narratief van hierdie dorpie wat 'n mikrokosmos is van die wêreld waarin ons leef.

Regisseur **Lihan Pretorius**

7 OKT 13:00 | **8 OKT** 19:30
70 min | Drostdy-teater
R180–R260 | R210–R290 by die deur

AMANDA STRYDOM: SEWENTIG, NOG LEWENDIG

Met **Kaapstadse Filharmoniese Orkes** o.l.v. **Jason Atherton**

Amanda Strydom, akteur, sanger, skrywer en doyenne van kabaret en musiekteater, vier vanjaar haar sewentigste verjaarsdag en sewe en veertig jaar in die vermaaklikheidsbedryf. Amanda se pad was nie altyd maklik nie, maar haar kunstenaarskap en haar sonderlinge vertolkingsvermoë laat haar uitstyg en maak haar 'n baken van hoop. Sy's nog hier, nog driftig, nog springlewendig! Die suiwer klanke van die **Kaapstadse Filharmoniese Orkes** is die perfekte pasmaat vir Strydom se stem: balsem vir die siel wat die gehoor gaan bekoor. Kom hoor wat gebeur as mens sewe dekades se sielvolle lewe tot musiek distilleer.

Musiekale regisseur
Janine Neethling

6 OKT 19:00
120 min | HMS Bloemhof-sentrum
R250-R370
R280-R400 by die deur



ANTON GOOSEN: MAGTIG, KYK WIE'S 80!

Met **Anton Goosen, David Kramer, Zolani Mahola, Dozi, Deon Meyer, Gian Groen, Koos Kombuis, Loukmaan Adams, Schalk Joubert, Lise Swart, Nick Turner, Churchil Naudé, Mauritz Lotz, Albert Frost, Akkedis, Coenie de Villiers, Luna Paige, Laurinda Hofmeyr, Kristi Steyn, Kevin Gibson, Ilimar Neitz, Robin Auld**


Ons vier die Liedjieboer se tagtigste verjaardag in hierdie besonderse huldeblyk aan 'n lewende nalatenskap, aan liedjies wat oor geslagte heen bly spreek, en aan 'n ware Suid-Afrikaanse legende. Anton Goosen is een van Suid-Afrika se mees geliefde en invloedryke liedjieskrywers nóg. Meer as 50 jaar al help sy liedjies ons om die taal en musikale landskap van hierdie land te vorm. In hierdie eenmalige produksie kom ou en nuwe vriende bymekaar om Anton te eer met hulle eie vertolkings van sy liedjies, terwyl Anton self ook van die ikoniese werke uit sy buitengewone loopbaan uitvoer. Dit is is nie 'n aand van nostalgie nie, maar 'n viering van die tydloosheid van 'n oeuvre wat vandag steeds diep aanklank vind.


Regisseur **Schalk Joubert**

7 OKT 19:00
130 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R310 | R210-R340 by die deur Ⓐ










BOOSHLE G

TOYOTA BUITELUGKONSERT


Booshle G

Booshle G was in sy vroeë twintigs 'n jeugpastoor in Kariega (Uitenhage) in die Oos-Kaap voordat hy 'n internasionale hip hop-sensasie geword het met optredes in onder meer Bristol, München, Zürich en Amsterdam. Sy musiek is 'n mengsel van pop, indie, hip hop en gospel. Hy sing oor identiteit en selfontdekking en sy musiek dra 'n boodskap van volharding oor – selfs in sy liedjies oor pyn is daar 'n sterk element van hoop en herstel. Dié spirituele dimensie in sy musiek in kombinasie met sy energieke optredes is 'n ervaring wat jou lank sal bybly.
Die Suid-Afrikaanse sangeres **Tatum Tides** het Booshle G vroeër vanjaar op sy Europese toer vergesel en tree om 18:00 in die voorprogram op.

9 OKT 18:00
150 min | Jan Marais-natuurreservaat (hekke maak 17:00 oop)
R180-R280 | R210-R310 by die hek (E)

COFFEE SNOBS: VOËLVRY

Met **Vernette Wessels** (sang en kitaar), **Marius Wessels** (baskitaar), **Gavin Young** (tromme), **Charlie Botha** (sang en kitaar)

Voëlvry is 'n kragtige musikale huldeblyk aan 'n geslag baanbreker-Afrikaanse liedjieskrywers soos Johannes Kerkorrel, Koos Kombuis en Anton Goosen wie se woorde en klanke steeds op verhoë, in harte en deur nuwe stemme weerklink. Die Coffee Snobs blaas nuwe lewe in hierdie ikoniese era sonder om die onmiskenbare siel daarvan te verloën. Dis liedjies wat diep sny, troos, uitdaag en jou laat vóél – rou, eerlike musiek wat nie bang is nie en met iets om te sê. Onbeskaamd in Afrikaans.

3 OKT 19:00
70 min | Drostdy-teater
R180-R260 | R210-R290 by die deur (A)



DIVA: AMANDA STRYDOM

Met **Amanda Strydom,**
Chanie Jonker (klavier)

Tussen die hoë kantoorblokke in 'n groot stad staan die Diva – eens 'n glansryke teater, maar vandag 'n tragiese skaduwee van wat dit toentertyd was. In die kleedkamer sit 'n ou chanteuse voor die spieël. Beatrice le Seur (eens Bets le Roux van Fordsburg) onthou die ou dae en die glorie van 'n tyd toe mense nog opgetof het vir die teater. Die tyd stap aan en die Diva is in die mark, maar solank Beatrice haar woorde kan onthou, sal sy sing. Strydom kyk met nostalgie, deernis en humor na grepies uit die Afrikaanse teatergeskiedenis en verganklikheid.

Regisseur **Christo Davids**
Musiekregisseur **Coenraad Rall**

3 & 4 OKT 15:30
70 min | Drostdy-teater
R220-R295 | R250-R325 by die deur Ⓐ


Amanda Strydom


Philip Southey

DOKTOR SOUTIE: LIVE IN CONCERT

Met **Philip Southey**

Wat gebeur wanneer 'n mens klavier, elektriese én Spaanse kitare, Ierse fluit, sintetiseerder, djembe, Afrikaanse rap en doedelsak kombineer? Kom laat die Doktor jou wys! Hierdie naatlose kaleidoskopiese reis deur Keltiese klaagliedere, jazzklavier, 80's-synthpop, 90's-rock, Afrika-ritmes en Spaanse kitaar is 'n musikale fees. Alle klanke word intyds geskep en niks is vooraf opgeneem nie. Doktor Soutie gebruik 'n *looping*-stelsel om sy komposisies op te bou (en af te breek), en weef asem, snaar, en tromvel saam tot 'n besonderse groovy tapisserie.

9 OKT 20:00 | **11 OKT** 16:00
70 min | Paul Roos-teater
R180 | R210 by die deur Ⓐ Ⓔ Ⓧ

DRAAI DIE LIGTE NA MÔRE

Met **Lelanie van der Berg** (sang), **Philip Vermeulen** (kitaar), **Melisizwe Plaatjie** (klavier)

Draai die ligte na môre is 'n unieke, intieme musiekervaring wat gehore nooi om nie net te luister nie, maar werklik te vóél. Hierdie produksie verweef jazz, ghoema en kontemporêre wêreldklanke tot oorspronklike liedere wat vars, eerlik en diep roerend is. Die musikante word verenig deur 'n gedeelde passie vir musiek en neem die gehoor op 'n emosionele reis deur lig en skadu, herinneringe, verlies en nuwe beginne.

3 OKT 14:00 | **6 OKT** 20:00
60 min | Paul Roos-teater
R180 | R210 by die deur

Ⓐ Ⓔ Ⓧ

DRIE VAN DIE BESTES

Met **Danie Niehaus**, **Mathys Roets**, **Germandt Geldenhuys**, **Winand Grundling** (klavier)

Drie kunstenaars, drie uiteenlopende stemme, drie persoonlikhede – drie van die bestes! Ten spyte van elkeen se uiteenlopende musiekstyl skep hierdie ensemble, wat bekend is vir hulle a cappella- en ensemblesang, 'n naatlose klankmosaïek – van pop en ballades tot ligte klassieke musiek – wat die gehoor by elke vertoning op hulle voete het.

4 OKT 11:00
70 min | HMS Bloemhof-sentrum
R220-R295 | R250-R325 by die deur

Ⓐ Ⓔ



ELVIS BLUE: TOE, NOU, MÔRE

Met **Elvis Blue**, **Juan Floors Oosthuizen** (kitaar), **Thinus Odendaal** (tromme)

Toe, nou, môre is 'n musikale reis deur die stories, herinneringe en oomblikke wat ons vorm. Met bekende liedjies, persoonlike stories en nuwe perspektiewe kyk Elvis Blue terug na waar ons was, waar ons nou is, en die hoop waarmee ons vorentoe leef. Dis 'n vertoning vol nostalgie, lag, eerlikheid en musiek wat soos huis voel.

11 OKT 14:00
90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R250-R310
R280-R340 by die deur

Ⓐ

GERT VLOK NEL

Die woord- en klankgenie van die Groot-Karoo is terug op die verhoog met ‘n unieke vertoning wat aanhangers soos altyd aan sy lippe sal laat hang. Danksy ‘n lewe wat al ontelbare draaie gegooi het, asook sy unieke poësie, aweregse humor en droë maniërismes, sorg Nel se optrede vir uitsonderlike oomblikke.

10 OKT 13:00
50 min | The Daisy Jones Bar
R200 | R230 by die deur Ⓐ

GLASKAS: 20 JAAR

Met **Deon Meiring, Johan Viljoen, Lolke-Louis Claassen, Francois Kleynhans**

Glaskas is vanjaar 20 jaar oud en die groep vier hierdie mylpaal met al die gunstelinge sedert 2006 – van die liedjies waarmee dit alles begin het tot vanjaar se nuwe uitreikings. Dis pop-punk én dis bekfluitjie, en die lirieke tong-in-die-kies én diepsinnig.

9 OKT 20:00
90 min | The Daisy Jones Bar
R250 | R280 by die deur Ⓐ

HARTSBRIEWE

Met **Hannes van Wyk** (storieverteller), **Coenraad Rall** (klavier)

Maak jou gereed vir ‘n besoek aan die verlede met *Hartsbriewe,* ‘n vertoning deurdrenk met nostalgie, warmte en die sagte fluisteringe van liefde in al sy gedaantes. Laat die klanke van Coenraad Rall se klavier jou dra na vervloë oomblikke, terwyl Hannes van Wyk, geliefde TV-aanbieder en akteur, jou op reis neem met ‘n keur van briewe wat soos geheime in ‘n ou laai gebêre was. Hierdie briewe uit die hart – soms snaaks, soms hartseer, altyd opreg – vertel van verlore liefdes, tydlose familieherinneringe en daardie eenvoudige, kosbare vreugdes van die lewe.

Moontlik gemaak deur **Curro**

7 OKT 17:00 | **10 OKT** 13:30
60 min | Drostdy-teater
R180-R240 | R210-R270 by die deur
Geen o.14 (T) Ⓐ


Glaskas

HONKY TONK HOEDOWN
THE DAISY JONES BAR

Honky Tonk is meer as net 'n lyndansklas. Die aand begin met 'n beginnersdansklas sodat almal kan deelneem en saamkuier. Daarna volg 'n aand van country- en pop-country-musiek en natuurlik 'n meganiese bul-rit. Daar is hope geleenthede vir foto's, en ons moedig almal aan om behoorlik uitgedos te kom en hul innerlike cowgirl en cowboy uit te leef. Deure open om 17:30.

10 OCT 18:15
240 min | The Daisy Jones Bar
Gates open at 17:30
R250-R270 | R290 at the gate

JEREMY LOOPS
TOYOTA BUITELUGKONSERT

Jeremy Loops word allerweë beskou as een van die mees dinamiese verhoogkunstenaars in Suid-Afrika. Deur middel van *loops* skep dié talentvolle sanger sy eie orkes met onder meer bekfluitjie, ukulele en kitaar. Met albums soos *Trading Change*, *Critical as Water* en *Heard You Got Love* het hy ook 'n internasionale aanhang opgebou. Moenie hierdie buitengewone musikale belewenis misloop nie! **Tessi Nandi** sal die gehoor in die regte stemming kry.

10 OKT 18:00
150 min | Jan Marais-natuurreservaat (Hekke maak 17:00 oop)
R210-R280 | R240-R310 by die hek (E)



HOFMEYRS IN KONSERT: VAN LIEFDE EN DIE NAG

Met **Hendrik Hofmeyr** (klavier), **Zanta Hofmeyr** (viool), **Malané Hofmeyr-Burger** (fluit), **Laurinda Hofmeyr** (sang, klavier), **Schalk Joubert** (baskitaar)

Die musiek in hierdie uitvoering is geïnspireer deur die vele gedaantes van die liefde en die nag. Daar's alles – van vreugde tot die tragiese, van koestering tot erotika, van mymeringe tot die magiese. Die konsert word aangebied deur vier befaamde Hofmeyr-musici wat saam vele pryse en toekennings op hulle kerfstok het, op nasionale én internasionale vlak. Hulle word bygestaan deur Schalk Joubert, een van ons voorste baskitaarspelers.

Ondersteun deur die **Toyota Stellenbosch Woordfees** en **Momentum Aardklop**

6 OKT 16:00 | **11 OKT** 19:00
75 min | Drostdy-teater
R180-R260 | R210-R290 by die deur
Geen o.14 (A)

JAK DE PRIESTER: VAN SALLY TOT SOMERSET-WES

Met **Jak de Priester** en die **Kaapse Lawaaimakers**

In 2001 skryf Jak de Priester sy eerste groot treffer, "Sally Williams Nougat", die liedjie wat 'n merkwaardige loopbaan sou inlui. 'n Jaar later wen hy die ATKV Crescendo-kompetisie en stel sy debuutalbum bekend. Vyf-en-twintig jaar later kyk Jak terug op 'n ryk lewe vol musiek en stories – 'n mylpaal wat hy vier met 'n konsert vol geliefde liedjies en die bekendstelling van sy boek, *Jak de Priester – Van Sally tot Somerset-Wes*, wat hulde bring aan sy indrukwekkende Afrikaanse musiekloopbaan.

5 OKT 15:30 | **9 OKT** 14:00
90 min | Drostdy-teater
R180-R260 | R210-R290 by die deur (A)

JAZZ AT THE KONSERVE



Die kontemporêre klanke van die Kaap en die ryk tradisie van Suid-Afrikaanse jazz word gevier met 'n reeks musiekkonserte in die opwindende buitelug-amfiteater van die US Konservarorium. Lede van die **Maties Jazz Society** sal die konserte afskop. Bring jou eie instrument saam, want elke aand word afgesluit met 'n lewendige *jam*-sessie saam met die kunstenaars.

In samewerking met die
US Departement van Musiek

Samestellers **Ramon Alexander, Vicky Davis**

7 tot 10 OKT 21:00
80 min | US Konservatorium-amfiteater
R140 | R170 by die deur

RAMON ALEXANDER-TRIO & BUDDY WELLS


Met **Buddy Wells** (saxofoon), **Ramon Alexander** (klavier), **Adam Fredericks** (baskitaar), **Annemie Nel** (tromme)

Alexander is weer saam met die vermaarde Suid-Afrikaanse saxofoonkunstenaar Buddy Wells op die verhoog – dit volg op hulle vertoning vroeër vanjaar by die Montreux-jazzfees op Franschhoek. Wells bring vars interpretasies van Alexander se komposisies, terwyl gehore hulle tande kan slyp vir musiek van die pianis se nuwe album wat na verwagting vroeg in 2027 uitgereik word.

Saamgestel deur
Ramon Alexander, Vicky Davis
Ondersteun deur die
Endler-konsertreeks,
US Departement van Musiek

7 OKT 21:00

Ramon Alexander



CAMISSA KNIGHTS

Met **Muneeb Hermans** (trompet), **George Werner** (klavier), **Peter Ndlala** (baskitaar), **Carlo Fabe** (tromme)

Camissa Knights is 'n Suid-Afrikaanse jazzkwartet wat plaaslike erfenis kombineer met wêreldstyle. Die groep meng jazz met afrobeat, funk en rock. Hulle energieke vertonings lok jazzaanhangers én diegene wat lewendige ritmes kan waardeer.

8 OKT 21:00

KIP MOORE

REASON TO BELIEVE

WORLD TOUR



GET TICKETS!

SOUTH AFRICA LEG

OCT 17 PRETORIA, ZA
SUPERSPORT PARK

OCT 23 CAPE TOWN, ZA
GRAND ARENA, GRANDWEST

OCT 24 CAPE TOWN, ZA
GRAND ARENA, GRANDWEST

BOK RADIO 98.9FM

HEROES EVENTS

SuperSport Park

iTICKETS

Sun GrandWest


Awaken Jazz Project

AWAKEN & SIBA GYSMAN PROJECT

Met **Sibabalwe Gobe-Gysman** (sang & fluit), **Melisizwe Plaatjie** (klavier), **Malibongwe "Pizzo" Magatyana** (elektriese kitaar & kontrabas), **Ezra Smuts** (tromme), **Esihle Valela**, **Jayden Harebottle**, **Henco Beste**r (saxofoon), en sangers **Athule Tshiwula, Julia Madison Theron** en **Sinelizwi Miza**

Ervaar 'n aand van plaaslike jazz, ge geïnspireer deur meesters soos Afrika Mkhize, Bheki Mseleku, Nomfundo Zaluva en Mandisi Dyantyis. Sibabalwe & vriende bring hulde aan die pioniers se groot musikale nalatenskap. Hulle bring ook hul eie vars artistieke interpretasie na die verhoog met oorspronklike musiek.

9 OKT 21:00

ABIGAIL PETERSEN & ANDREW FORD TRIO

Met **Abigail Petersen, Andrew Ford Trio**

Die bekroonde jazzsangeres en pianis, Abigail Petersen, tree saam met die Andrew Ford-trio op - 'n jarelange samewerking tussen van Kaapstad se voorste jazzmusikante. Met internasionale ervaring in Suid-Afrika, New York, Las Vegas en Europa, insluitend in die bekroonde musiekblyspel *Kat and the Kings*, beloof Abigail saam met Andrew en kie, 'n aand van sielvolle jazz.

10 OKT 21:00


Abigail Petersen

JOSHUA NA DIE REËN: NOORDERLIG

Met **Jacques de Villiers** (klavier, akoestiek, stem), **Stephen Kosterman** (elektriese kitaar), **Raziela Kosterman** (viool), **Lardo de Beer** (tromme), **Stanley June** (baskitaar), **Jacques Scorgie** (klankingenieur)

Soos wat sonstof die aarde se atmosfeer binnedring, word daar in die wrywing lig geskep. Die Noorderligte is 'n natuurverskynsel wat 'n "anderwêreldse" ervaring uitgiet oor diegene wat dit aanskou. Daar was 'n dag toe jý hierdie aarde se atmosfeer binnegedring het. Kom saam met ons op 'n musiekavontuur.



8 OKT 16:00
90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R200-R320 | R230-R350 by die deur

KARIN HOUGAARD: KAALVOET

Met **Luke van der Merwe** (kitaar, oed, mandolien), **Leon Ecroignard** (kontrabas, bas, perkussie)

Karin Hougaard is 'n dramatiese en vreeslose kunstenaar wat nie net sing nie, maar elke noot, woord en stilte beliggaam. In hierdie intens persoonlike vertoning vertel en sing sy meesleurend oor verlange, liefde, vervreemding, vrouwees, sensualiteit en oudword. Kom beleef Hougaard op haar beste.

Regisseur **Michèle Nigrini**
Komposisies en musikale verwerking **Karin Hougaard**
Beligtingsontwerp **Jak J. Brits**

Ondersteun deur **Dr. Lize Booysen Management Consultants**

11 OKT 15:00
75 min | Drostdy-teater
R180-R260 | R210-R290 by die deur
Geen o.14

KRISTI STEYN: AS DIE MOOI AAN ONS HAAK

FRINGE

Met **Kristi Steyn** (sang), **Christian van Zyl** (klavier), **Krayno Lategan** (tjello)

As die mooi aan ons haak is 'n ode aan die stories wat 'n mens vorm. Dié produksie, met sy unieke jazz- en *big band*-klank, ondersoek kreatiwiteit, inspirasie en die mens se behoefte om te skep. Saam met haar oorspronklike musiek, begelei deur klavier en tjello, verweef Kristi stories en gedigte om stukkies van haarself weg te gee sodat die gehoor hulleself daarin kan vind. Dit is nie net die lelik wat 'n mens vorm nie, maar ook die mooi wat aan jou haak.

3 OKT 19:00 | **5 OKT** 16:00
60 min | Paul Roos-teater
R120 | R150 by die deur

LAUDO LIEBENBERG EN FRANK FREEMAN: KOM WAT WIL

Met **Dillon Myburgh** (tromme), **Mika Burger** (baskitaar), **André Hough** (klank)

Laudo en Frank se show *Kom wat wil* bring twee besonderse stemme saam op een verhoog. Ná die sukses van die bekroonde produksie *Eet kreef! Herleef* keer dié duo terug met 'n vertoning vol nuwe musiek en stories. Dit beloof om 'n onvergeetlike aand van nostalgie te wees, maar bring ook nuwe perspektiewe.

9 OKT 20:30
70 min | Drostdy-teater
R180-R260 | R210-R290 by die deur Ⓐ



LIEDJIES VAN LAURIKA

Met **Daniel Anderson, Paul Ferreira**

Laurika Rauch is vir Afrikaans wat Piaf was vir Frans: uniek, aangrypend, onmiskenbaar anders. *Liedjies van Laurika* is 'n ondersoek na die skeppers en skrywers agter haar unieke musikale styl. Hoe het haar man, Christopher Torr, begin skryf? En waarom was dit Laurika se stem wat Koos du Plessis se "Kinders van die wind" volksbesit gemaak het? Kom geniet Daniel Anderson en Paul Ferraira se unieke blik op Laurika se werk.

Regisseur en skrywer **Amanda Bothma**
Komposisie en musikale verwerking **Paul Ferreira**

5 OKT 12:00 | **6 OKT** 19:30
80 min | Drostdy-teater
R180-R260 | R210-R290 by die deur

Ⓐ Ⓔ

NEIL DIAMOND ONDER DIE PLATESPELER

Met **Koos van der Merwe** (stem en kitaar), **Ryno Grobbelaar** (kitaar), **Hanley Jumat** (kitaar)

In die middel van die 1970's lê 'n jong verliefde wat tot dusver die koue skouer gekry het, onder 'n Philips-platespeler na die album *Hot August Night* en luister, want Neil Diamond verstaan... Koos van der Merwe vertel stories en sing oor die hart se hunkerings en herinneringe – van treffers deur Neil Diamond, Leonard Cohen, Jacques Brel en Bob Dylan tot sy eie wysies en gedigte uit sy nuwe digbundel, *Die arm kant van rykdom*.

9 OKT 19:30
90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R200-R320 | R230-R350 by die deur

Ⓐ

MEESTERS EN MELTDOWNS

KABARET

Met **Lucinda Rosa Bosch** (sang, verteller), **Wesley van der Westhuizen** (klavier)

Kunstenaars is net soos ons – selfs die groot meesters was nie verhewe bo 'n goeie ou *meltdown* nie! Lucinda Rosa Bosch (Die Melktert Kommissie) kombineer haar musiektalent en visuele verbeelding om episodes in die kunsgeskiedenis uit die verf te laat kom. Onder haar komiese vergrootglas is 12 meesters, onder andere Frida Kahlo, Pablo Picasso, Vincent van Gogh, Vladimir Tretchikoff. Dié speelse produksie onthul die menslikheid agter die genialiteit – die passies, frustrasies en krake in hulle briljantheid – want uiteindelik is ons almal kunstenaars... en soms is 'n ineenstorting presies wat ons nodig het.

Komposisies en musikale verwerking **Lucinda Rosa Bosch, Wesley van der Westhuizen**

7 OKT 19:00 | **10 OKT** 16:00
75 min | Paul Roos-teater
R200 | R230 by die deur
Geen o.16 (T)

Ⓐ



OOS WES, TUIS BES

Met **Jacobi de Villiers, Eben Genis, Olga Leonard**

Wat gebeur as jy jou drome in Europa gaan soek en jouself dan weer in Suid-Afrika bevind? In die selfspotryke *Oos wes, tuis bes* neem Jacobi de Villiers en die pianis Olga Leonard die gehoor pad-, liedjie- en laglangs na plekke soos Parys en Berlyn en onderwerpe soos ambisie, ompaaie en tuiskoms. Dié musiekproduksie verweef kabaret en Afrikaanse gunstelinge tot 'n warm, herkenbare verhaal oor "wat ek gedink het sou wees" en "wat is". Dis snaaks, raak, en uiteindelik bevrydend, want soms is die plek waar jy eindig, presies waar jy hoort.

Musiekregisseur **Olga Leonard**

11 OKT 17:30
60 min | Drostdy-teater
R165-R250 | R195-R280 by die deur

Ⓐ Ⓔ

PIETMAN GELDENHUYS: KAMPVUUR TOT KITAAR

Pietman Geldenhuys was al *Oppiestoep*, Oppiewater, Oppikoppi, Oppikoffie en Oppiplaas, maar langs 'n kampvuur is waar hy waarlik tuis is. Dis hier waar sy stories en liedjies gebore en getoets word. Kom luister na hoe vuur insypel in sy stories en liedjies wat jou sal laat glo jy ruik die braaivleis.

10 OKT 20:00
75 min | Drostdy-teater
R180-R260 | R210-R290 by die deur Ⓐ




PLEKTRUM

Met **Mauritz Lotz, Schalk Joubert, Anjulie Nock, Kevin Gibson**

Mauritz Lotz het meer as 4 000 opnames op sy kerfstok, spog met twee Grammy-pryse en is self 'n beoordelaar van die Grammy's. Hy is 'n kitaargenie, komponis en verwerker wat plaaslik en internasionaal respek afdwing. Maar van dié legende se lewe weet musiekliefhebbers min. Nou lig Lotz vir die heel eerste keer die sluier op sy merkwaardige loopbaan en sonderlinge talent. *Plektrum* is 'n intieme, persoonlike produksie waarin hy vir die eerste keer oor sy komvandaan praat. Die verhale, beeldmateriaal en musiek is roerend, insiggewend, briljant, onthutsend eerlik en verruimend. Die musikante wat die verhoog met hom deel, is die room van ons bedryf.

Vervaardiger **Tale Be Told-produksies**
Regisseur en skrywer **Ingrid Howard**
Komposisie en musiekverwerking **Mauritz Lotz**

3 OKT 11:00 | **9 OKT** 11:00
75 min | Drostdy-teater
R230-R300 | R260-R330 by die deur Ⓐ



PRIMA!

Prima! is 'n musikale ontploffing wat die Koning van Swing – Louis Prima – vier. Hierdie produksie, uitgevoer deur die bekroonde duo **Dean Balie** en **Bianca Flanders** en ondersteun deur die skitterende **US-blaasorkes** onder leiding van **Ramon Alexander,** bring hulde aan Prima se Siciliaanse en Italiaanse erfenis en vermeng elemente van sy identiteit met jazz, swing en bop.

Regisseur en dirigent **Dean Balie**
Komposisie en musiekverwerking **Janine Neethling**


'n Koproduksie van die **Toyota Stellenbosch Woordfees, KKNK** en **Suidoosterfees**, ondersteun deur **NATi**

8 OKT 16:00 | **10 OKT** 17:00
65 min | Drostdy-teater
R165-R250 | R195-R280 by die deur

Ⓔ







RAAF: VAN TOE TOT NOU

Kom ervaar waar alles begin het vir Lourens en Esté van **RAAF.** As twee jong universiteitstudente begin hulle In 2010 die Bottomless Coffee Band in Lourens se koshuiskamer. In 2022 vier hulle by die Toyota Stellenbosch Woordfees 'n volsirkeloomblik toe hulle hulle naam verander na die betekenis van hulle van, RAAF. Kom beleef dié lewensveranderende energie en nostalgie van toe tot nou by 'n gesellige konsert vol sameswyn vir almal wat glo die goeie ou dae is nóú.

Produksiebestuur **El Vannemé-Bekink**
Klankingenieur en verhoogbestuur **Rodger Lionel Bruiners**
Beligtingsontwerp en tegniese bestuur **Reinhardt Coetzee**

9 OKT 13:00
80 min | The Daisy Jones Bar
R350 | R380 by die deur
Geen o.16 Ⓐ

SCHALK & RAMON: AS DIE DROMME DAAR IS

Met **Ramon Alexander** (klavier), **Schalk Joubert** (baskitaar en sang), **Annemie Nel** (tromme)

Die titel speel tong-in-die-kies met die Drommedaris, die skip waarop Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het. Tog gaan dié vertoning oor veel meer as een aankoms; dit gaan oor die ritmes, stories en mense wat oor eeue heen in die Kaap bymekaargekom het en hoe die ghoema-trom en ander Kaapse ritmes steeds daardie geskiedenisse in hulle klank saamdra. *As die dromme daar is* verken identiteit, herinnering, vriendskap en die ritmes wat ons saambind, 'n viering van broederskap oor grense heen, en van die unieke musikale erfenis van die Kaap.

3 OKT 16:00
65 min | The Daisy Jones Bar
R220 | R250 by die deur Ⓐ

STADSKOOR: SOEKENJIN

Met **Stadskoor | -Choir | -iKwayara**

Stadskoor | -Choir | -iKwayara beloof 'n onvergeetlike ervaring met dié nuwe produksie wat Bibi Slippers se digbundel *Soekenjin* as bronteks gebruik. Deur 'n kombinasie van nuwe gekomponeerde koormusiek en evokatiewe klankland-skappe verander Slippers se woorde in 'n ryk tapisserie van klank, ritme en emosie. 'n Keur van haar gedigte word voorgedra, gesing en gelees, wat 'n dinamiese dialoog tussen stem, musiek en teks skep. Die produksie put inspirasie uit Suid-Afrika se populêre musiekkultuur van die afgelope twee dekades.

Dirigent, komponis en musikale verwerking **Pieter Bezuidenhout**
Teks **Bibi Slippers**
Pianis **Johan Swanepoel**
Regisseur **Nini Conradie**
Vervaardiger **Thank You Kindly Bobby**

10 OKT 12:00 | **11 OKT** 19:00
50 min | Fismer
R180-R250 | R210-R280 by die deur
Ⓐ Ⓔ



TAALGENOOT-RUK EN RYM-FINAAL MET VAN PLETZEN

Taalgenoot-Ruk en rym is 'n kompetisie vir alternatiewe kunstenaars en groepe wat musiek met Afrikaanse lirieke maak. Verwag 'n *battle-of-the-bands*-styl-kompetisie waartydens jy van die varsste en mees progressiewe musiek in Afrikaans sal hoor. Die gaskunstenaars **Van Pletzen** lewer 'n volle vertoning net voor die wenners aangekondig word. Besoek www.rukenrym.co.za vir meer inligting. **Jaco van der Merwe** en **Angie Gallagher** is die aanbieders.

In samewerking met **ATKV, Taalgenoot, WÊRELD, Spotify, kykNET, Locally Yellow**

4 OKT 13:00
600 min | The Daisy Jones Bar
R250 | R280 by die deur Ⓐ

THE DAISY JONES BAR: JAN BLOHM LIVE

Na drie jaar is **Jan Blohm** uiteindelik weer terug by Daisy Jones, en hierdie keer bring hy die hele band saam vir 'n volbloed rock show as deel van die Toyota Stellenbosch Woordfees-program. Blohm is een van daai kunstenaars wat jy nie sommer met iemand anders kan verwar nie. Vir meer as twee dekades meng hy blues, rock, poësie en rou emosie in songs wat jou soms hard tref en soms net lekker saam met jou sit.

3 OKT 20:00
90 min | The Daisy Jones Bar
R295 | R300 by die deur

STILLE VUUR

Met **Frieda van den Heever, Coenie de Villiers, Mauritz Lotz, Deon Meyer**

Die wêreld het, meer as ooit tevore, vrede nodig. Elkeen van ons het 'n versugting daarna. Die enigste manier om vrede in 'n gebroke wêreld te bewerkstellig is om dit met passie na te jaag: om 'n stille vuur van skoonheid te skep. Vier kunstenaars steek deur middel van musiek, liriek en vertelkuns hierdie vredesvlam aan. Frieda van den Heever en Coenie de Villiers skuif voor die klawers in met nuwe komposisies en bekende musiek in 'n ander gedaante. Die kitaargenie Mauritz Lotz bring as volwaardige komponis en medeskepper sy orkestrale werk na die verhoog en, les bes, Suid-Afrika se bekroonde en geliefde skrywer Deon Meyer sluit hom as gasverteller op die verhoog aan met nuwe werk uit sy pen. Kom beleef hoe warm 'n stille vuur kán brand.

Vervaardiger **CDV Market Ideation**
Skrywers **Deon Meyer, Frieda van den Heever, Coenie de Villiers**
Musiek **Frieda van den Heever, Coenie de Villiers, Mauritz Lotz**
Beligtings- en stelontwerp **Pieter-Jan Kapp**

4 OKT 18:30 | **8 OKT** 11:00
70 min | HMS Bloemhof-sentrum
R220-R340 | R250-R370 by die deur Ⓐ



THE DAISY JONES BAR: LOUIS MHLANGA LIVE

'n Reus van die Afrika-kitaar bygestaan deur 'n vol band. **Louis Mhlanga** is nie net 'n kitaar-speler nie, maar ook 'n komponis, vervaardiger en liedjieskrywer. Sy unieke klank is die samevoeging van Afrika-ritmes, jazz, blues, rock, rumba, funk en meer tradisionele musiekvorme.

7 OKT | 20:00
90 min | The Daisy Jones Bar
R200 | R230 by die deur



SPOEGWOLF
TOYOTA BUITELUGKONSERT

Die Stellenbosse sensasie **Spoegwolf** het die musiekwêreld 15 jaar gelede soos 'n bom getref, en sedertdien is hulle liedjies al meer as 214 miljoen keer op stromingsdienste geluister. Hulle was die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaars wat in 2019 die topposisie op die Apple-trefferparade beklee het. Hulle optrede by die Woordfees – op hulle tuisdorp – beloof om jou mee te sleur met onvergeetlike melodieë, poëtiese lirieke en bruisende energie. Die alternatiewe rockgroep **Van Der Aven,** bekend vir liedjies soos "Die Here weet" en "Heimwee", tree om 18:00 in die voorprogram op.

8 OKT 18:00
150 min | Jan Marais-natuurreservaat
(Hekke maak 17:00 oop)
R210-R280 | R240-R310 by die hek Ⓐ



VUSI MAHLASELA LIVE AT WOORDFEES

Met **Vusi Mahlasela** (stem, kitaar), **Tsholofelo Papo** (kitaar)

Vusi Mahlasela, 'n internasionaal gevierde en bekroonde kunstenaar en Suid-Afrikaanse nasionale skat, met 'n loopbaan wat oor drie dekades en 10 albums strek, maak vir die eerste keer sy buiging by die Toyota Stellenbosch Woordfees. In hierdie intieme vertoning gaan hy en sy protégé, Tsholofelo Papo, sy geliefde treffers uitvoer. Mahlasela se musiek is geïnspireer deur Westerse folk, township-jazz en kwela-kitaarritmes. Mahlasela is oral ewe gemaklik – van Mamelodi tot optredes op internasionale verhoë saam met kunstenaars soos Sting en Paul Simon. Sy storievertelling, poëtiese lirieke, warmte en liefde vir Suid-Afrika is aansteeklik en sy boodskap van hoop, versoening en alledaagse goedhartigheid inspirerend en sielsverheffend.

11 OKT 16:00
60 min | The Daisy Jones Bar
R300 | R330 by die deur Ⓔ





Zoid: Spawn

WIE IS BERNOLDUS NIEMAND?

Met **VOLK: Frank Freeman** (kitaar en sang), **Dillon Myburgh** (tromme), **Mika Burger** (baskitaar), **André Hough** (klank), **Duncan Johnson** (saxofoon & klavier)

Wie Is Bernoldus Niemand? Dié titel verwys natuurlik na Bernoldus Niemand se kultusalbum uit 1985 wat met snitte soos "Hou my vas, korporaal" en "Snor City" die Voëlvry-beweging geïnspireer het. Met een oog op die verlede en een oog op die toekoms gee VOLK nuwe lewe aan dié legendariese album wat in die politieke klimaat van Suid-Afrika in die middel-1980's geweldige dapperheid geverg het om op te neem en uit te reik.

8 OKT 20:00
60 min | The Daisy Jones Bar
R250 | R280 by die deur
Geen o.16 (T) Ⓐ

WOW-MARDI GRAS

Kom kuier saam by die WOW-Mardi Gras – 'n naweek lange fees vol musiek, vermaak en lekker eetgoed. Bekende plaaslike kunstenaars sorg vir vermaak op die verhoog, terwyl die klanke en gees van die fees regdeur die naweek leef. Geniet die vrolike atmosfeer met mallemeules, stalletjies en 'n verskeidenheid smullekker kos en lekkernye. 'n Onvergeetlike naweek waar vriende en familie saamkom om die WOW-fees op 'n hoë noot af te sluit!

9 OKT 16:00-23:00 | **10 OKT** 10:00-23:00
Idasvallei-sportterrein
R20 vir leerders, R50 vir volwassenes

ZOID: SPAWN

Met **Karen Zoid, Ben Francis, Anton Eloff**

Zoid: Spawn ontvou as 'n lewende gesprek tussen Karen en haar seun, Ben Francis, en ook tussen musiek en kuns, drama en werklikheid. Zoid se liedjies, Anton Eloff se energieke klavierspel en Ben se visuele landskappe laat die grense tussen konsert, teater en werklikheid vervaag. 'n Speelse besinning oor bloedbande, musiek en spangees.

5 OKT 19:00
110 min | HMS Bloemhof-sentrum
R150-R350 | R180-R380 by die deur
Ⓐ Ⓔ

ZAAN & TASCHÉ

TOYOTA BUITELUGKONSERT

Zaan Sonnekus beskryf sy werk as "alternatiewe rock met 'n sielvolle ruggraat". Sy treffer, "Dood", is 'n duet met **Tasché,** wat in 2019 op 18-jarige ouderdom die jongste (en eerste vroulike) wenner van *The Voice SA* was. Zaan en Tasché se musiek word gekenmerk deur emosionele eerlikheid, rou intensiteit en 'n moderne klank. Die konsert gaan die sterre oor die Jan Marais-natuurreservaat laat verskiet. Kom reeds om 18:00 vir **Sossi** (Augusta Zietsman) se "Oerkoek"-energie wat jou sal opwarm vir Zaan en Tasché om 19:00.

7 OKT 18:00
150 min | Jan Marais-natuurreservaat
(Hekke maak om 17:00 oop)
R180-R250 | R210-R280 by die hek

VISUELE KUNS

II



FEESKUNSTENAAR



Daniel Naudé het kuns aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer, en sedertdien het sy werk as fotograaf hom reg oor die wêreld geneem. Hy is veral bekend vir die oomblikke van stilte wat hy op sy ontdekkingstogte vasvang.

As feeskunstenaar bied hy aan besoekers 'n eerste kykie na *Still Life*, 'n mikroskopiese diorama-projek waaraan hy sedert 2018 werk. Geïnspireer deur sy besoeke aan museums as kind, word insekte uit die versameling van die US se departement bewaringsekologie en entomologie sorgvuldig op handgemaakte stelle geposisioneer en afgeneem. Elke stel is gebou uit kwarts, kristalle of koraal wat deur die kunstenaar self versamel is. 'n Olieverf-agtergrond rond die toneel af. Dit word in verstommende besonderhede afgeneem deur gebruik te maak van die jongste fotografietegnieke. Die resultaat is anderwêreldse uitbeeldings van insekte wat nuwe lewe gee aan die entomoloog se eksemplaar.


Die uitstalling bring ook werk uit Naudé se vorige projekte byeen, sedert sy eerste ontmoeting met africanis-honde: *Africanis* (2007-2010), *Animal Farm* (2009-2011), *Sightings of the Sacred: Cattle in Uganda, Madagascar and India* (2012-2014), *Bowers in Australia* (2014), *Pigeon Project* (2016), *Bovine Prophecy* (2018-2019), *Cattle of the Ages* saam met pres. Cyril Ramaphosa (2019), en *Malagasy Cockerels of Madagascar* (2023). Besoekers aan die uitstalling kan die ontwikkeling van Naudé se belangstellings en styl volg, en sien hoe dit opbou tot die monumentale insekte van *Still Life* (2018-2026).

UITSTALLING
3 tot 11 OKT 09:00-18:00

RONDLEIDING
8 OKT 11:00
60 min | US Museum
Gratis



US MUSEUM-UITSTALLINGS



MAGGIE LAUBSER OP 140

Dié tentoonstelling is 'n viering van Maggie Laubser (1886-1973) se lewe en werk. Laubser en Irma Stern word algemeen beskou as die kunstenaars wat die Ekspressionisme aan Suid-Afrika bekend gestel het. Laubser, wat sterk aanklank gevind het by die Duitse Ekspressioniste, het vanaf die jare vyftig van die vorige eeu 'n sterk band met die US gehad en ook ongeveer 140 kunswerke aan die universiteit bemaak. Hierdie is een van die grootste versamelings van haar werk in openbare besit.

UITSTALLING
3 tot 11 OKT 09:00-18:00

RONDLEIDING Ulrich Wolff
7 OKT 13:00
60 min | US Museum
Gratis

STRAUSS & CO: AANBIEDINGS

FEESKUNSVEILING EN -UITSTALLING

Die vyfde jaarlikse Toyota Stellenbosch Woordfees-kunsveiling word weer aangebied in samewerking met Strauss & Co, wie se spesialiste kunswerke deur opkomende en gevestigde kunstenaars gekies het. Die veiling plaas artistieke uitnemendheid op die voorgrond, terwyl dit sigbaarheid en erkenning van kontemporêre praktyke beklemtoon. Die doel is om nuwe en ervare versamelaars aan te moedig om in kuns te belê, die mark uit te brei en toegang te verbeter tot die werk van vooraanstaande plaaslike kunstenaars.

KUNSUITSTALLING
3 tot 11 OKT 10:00-18:00
Stadsaal
Gratis

KUNSVEILING
Kom beleef die opwinding van 'n kunsveiling in lewende lywe.

10 OKT 11:00 | Stadsaal
Besoek **www.straussart.co.za** om die kunswerke te besigtig en as bieër te registreer, of maak 'n draai by die Stadsaal om die werke te sien en daar te registreer.

RONDLEIDING DEUR DIE KURATORS

Elmarie van Straten, Strauss & Co se senior kunsspesialis, lei jou deur van die hoogtepunte van die kunsveiling en bied insig in die kunstenaars se praktyke en die simboliek agter hulle werke.

6 & 8 OKT 14:00
60 min | Stadsaal
Gratis


Elmarie van Straten


Ashley Walters "Flowers, Lantana Road, Uitsig" | Sanlam-kunsversameling

ANYTHING BUT STATIC
'N KEUR VAN MODERNE EN KONTEMPORÊRE STILLEWES

Hierdie **uitstalling** oorbrug die gaping tussen historiese tradisie en kontemporêre ondersoek. Die konsep van 'n stillewe word vandag steeds verken. Hoewel die klassieke motiewe van blomme, materiale en kos behoue bly, kan die onderwerp ook persoonlike, kulturele, mitologiese, religieuse en filosofiese temas verteenwoordig. Die uitstalling bring 'n besondere keur van kunswerke uit die Kilbourn-versameling, die Caro Wiese-versameling, die Sanlam-kunsversameling en ander belangrike kunsversamelings byeen.

UITSTALLING
3 tot 11 OKT 09:00-17:00
60 min | Oude Leeskamer
Gratis



Nel Erasmus "Still Life with Yellow Jug"
Kilbourn-versameling

ART CLASS

In hierdie kunsklas word die tasbare en visuele kompleksiteite van 'n fisieke stillewe-installasie in die spasie verken. Dit dien as 'n lewendige anker om vorm, lig en ruimtelike verhoudings te ondersoek. Dit is 'n meesleurende ervaring waarin deelnemers met 'n verskeidenheid mediums kan werk om die driedimensionele wêreld na 'n tweedimensionele oppervlak oor te bring.

9 OKT 10:00
120 min | Oude Leeskamer
R350 | R380 by die deur

Ⓔ

WAAR KUNSJUWELE EN STILLEWE ONTMOET

Hierdie uitstalling en veiling posisioneer kuns-geïnspireerde juweliersware as 'n dinamiese eweknie van stilleweskilderye. Waar skilderkuns 'n oomblik vasvang, stel juwelierskuns dit in beweging; waar stillewes stilte suggereer, bring juweliersware gebare, tydelikheid en interaksie. Deur dié twee dissiplines met mekaar in gesprek te laat tree word 'n verskuiwing voorgestel – van waarneming na deelname, van beeld na objek, van stilstand na beweging – met kontemporêre kunsjuweliersontwerpers wat met drabare ontwerpe op stillewekunswerke reageer.

UITSTALLING
3 tot 11 OKT 09:00-17:00
Oude Leeskamer | Gratis
JUWELIERSWARE: VEILING
23 SEPT tot 14 OKT
Besigtiging en om as bieër te registreer, besoek www.strauss.co.za.

AANBIEDING
'n Interaktiewe aanbieding wat gaste uitnooi om kunsjuweliersware as 'n lewende kunsvorm te ervaar, waar uitgesoekte stukke deur beweging en deelname tot lewe gebring word.

7 OKT 13:00
60 min | Stadsaal
Gratis

VERBORGE STORIES:
MAGGIE LAUBSER EN DIE KUNSHANDELAAR

Met **Amanda Botha**


Maggie Laubser ontvang in 1946 'n erepenning vir kuns van die Suid-Afrikaanse Adademie vir Wetenskap en Kuns. In dieselfde maand ontmoet sy die kunshandelaar, dr. Helmut Silberberg. Met gelang van tyd hanteer hy haar sake. Uitendelik word hy die enigste koper van byna 100 van haar skilderye - in een transaksie. Wat was die impak daarvan op die lewe en werk van die kunstenaar? Tot wie se voordeel was dit?

7 OKT 15:30
60 min | Stadsaal
R130 | R150 by die deur

JUWELIERSWARE-VOORSKOU

Strauss & Co bied 'n spesiale voorskou aan ter viering van die opening van vanjaar se juweliersware-uitstalling. Dit word gehou saam met die Stillewe-tentoonstelling, waarmee dit 'n gesprek aanknoop.

5 OKT 15:00
60 min | Oude Leeskamer
Gratis


Strauss&co
Africa's Leading Art Auction House
Georgina Gratrix, Lawley Rd Flowers (2015)
The Wiese Collection
Trotse borg van die
Toyota Stellenbosch Woordfees 2026
www.straussart.co.za



WHEN STILL LIFE BREATHES

By hierdie meesleurende laatmiddag-teaterskildery deur **Gabrielle Kruger** in samewerking met **Cape Ballet Africa** verskuif die stillewe van die doek na 'n ervaring waaraan die gehoor meedoen. Die gedekte tafel word met kuns, musiek, wyn en kos tot 'n lewende komposisie omtower. Objekte wat eens in stille afwagting vasgevang was, begin asemhaal en nooi gaste uit na 'n sintuiglike onthulling waar sig, klank, smaak en herinneringe saamvloei. Aangebied deur La Motte en Strauss & Co.

9 OKT 15:00
120 min | Oude Leeskamer
R500 | R600 by die deur Ⓔ

STRAUSS & CO SE KOFFIE-RAVES

Begin jou dag anders met Strauss & Co se koffie-raves. Sluit by ons aan vir heerlike koffie, opbeurende ritmes en 'n lewendige samekoms voor die werksdag begin.

5 OKT 07:00
De Warenmarkt | 60 min | Gratis
7 OKT 07:00
Eerste Kafee
60 min | Gratis (koffie is te koop)

STRAUSS & CO-WAARDASIES

Wonder jy hoeveel jou kuns en juweliersware werd is? Strauss & Co nooi jou uit na ons waardasiedae waar ons spesialiste vertroulike waardasies aanbied sonder enige verpligting. Ons is op soek na kuns en ander items vir ons eerskomende veilings wat in Kaapstad en Johannesburg plaasvind.

6 OKT 09:00 | **8 OKT** 09:00
180 min | Oude Leeskamer
Gratis

Kontak haneem@straussart.co.za vir besprekings Ⓐ Ⓔ

STRAUSS & CO: LESINGS EN GESPREKKE





IMPRESSIONS OF VENICE BIENNALE 2026

Sluit aan by **Lizelle Kilbourn,** kunsversamelaar en filantroop, en **Bina Genovese,** direkteur en senior afslaer van Strauss & Co, wanneer hulle hul indrukke van die 61ste Venesiese Biënnale deel. Vanuit 'n persoonlike perspektief ondersoek die gesprek die internasionale kunslandskap, met die fokus op die teenwoordigheid en rol van Afrikakuns binne hierdie globale konteks.

5 OKT 11:00
60 min | Stadsaal
R130 | R150 by die deur Ⓐ Ⓔ

SA ART VS THE WORLD

Sluit aan by **dr. Alastair Meredith,** direkteur, kunsdepartementshoof, senior kunsspesialis en senior afslaer van Strauss & Co, vir 'n praatjie wat ondersoek hoe die Suid-Afrikaanse mark sy eie sterre, tendense, rekords en eienaardighede geskep het. Die Suid-Afrikaanse sekondêre mark het dekades lank in relatiewe isolasie ontwikkel, maar word gedefinieer deur sy veerkragtigheid, deursigtigheid en 'n magdom geleenthede. Hierdie selfregulerende mark, gedryf deur 'n klein maar kundige groep private, institusionele en korporatiewe versamelaars, is oor die jare goed ondersteun en het konsekwent in elke pryskategorie gegroei.

6 OKT 12:00
60 min | Stadsaal
R130 | R150 by die deur (E)




Alastair Meredith

THE COLLECTOR'S LENS

Sluit aan by **Frank Kilbourn,** ywerige versamelaar en uitvoerende voorsitter van Strauss & Co, **dr. Alastair Meredith,** hoof van Strauss & Co se kunsafdeling, en **Carel Nolte,** hoof van sakebemagtiging by EasyEquities, wanneer hulle gesels oor die liefde vir en waarde van oordeelkundige versameling. Die skrywer en kurator **Sean O'Toole** gesels met die paneel oor waarom dit so vervullende en lonende kan wees om kuns te versamel.

6 OKT 16:30 vir 17:00
60 min | Stadsaal
R130 | R150 by die deur (E)



TRUSTS AND ESTATES WORKSHOP ON ART

In dié werksessie kyk ons na die rol van kuns in trusts en boedels en bied praktiese insigte vir welvaartbestuurders, trustees en boedelbeplanners. Die sessie word gelei deur spesialiste van Strauss & Co en ontleed hoe kuns as 'n kulturele bate én 'n komponent van langtermyn-welvaartbeplanning kan funksioneer. Onderwerpe soos waardasie, eienaarskapstrukture, opvolging en nalatenskap-oorwegings word gedek.

7 OKT 10:00
120 min | Stadsaal
R130 | R150 by die deur Ⓔ

DECONSTRUCTING THE STILL LIFE: MASTERCLASS

Hierdie paneelbespreking, wat voortvloei uit Strauss & Co se tentoonstelling *Anything but Static: A Selection of Modern and Contemporary Still Life*, ondersoek hoe dié genre voortdurend buite sy tradisionele grense ontwikkel. Van historiese konvensies tot kontemporêre interpretasies bly die stillewe 'n kragtige manier om na te dink oor identiteit, kultuur en die wêreld om ons. Sluit by ons aan om verby die alledaagse te kyk na hoe die stillewe die persoonlike wêreld van die kunstenaar weerspieël en die kern van ons huidige tye vasvang.

8 **OKT** 13:00
60 min | Stadsaal
R130 | R150 by die deur Ⓔ

SONONDER-RONDLEIDING MET FRANK KILBOURN

Frank Kilbourn, uitvoerende voorsitter van Strauss & Co, deel sy liefde vir en uitgebreide kennis van kuns in 'n rondleiding deur die tentoonstelling *Anything but Static: A Selection of Modern and Contemporary Still Life*. Dit sluit werke in wat gekies is vir die komende Strauss & Co-vlagskipveilings.





Stanley Pinker "The Chameleon"
Caro Wiese-versameling

8 OKT 17:00
60 min | Oude Leeskamer
R130 | R150 by die deur Ⓔ

WOORDFEES-ATELIER

Woordfees-atelier is 'n oorsig-tentoonstelling van werk deur deelnemers aan vanjaar se Ateljeebesoeke-program. Hierdie uitstalling is 'n nuttige vertrekpunt om jou ateljeebesoeke te beplan, aangesien verteenwoordigende werk uitgestal word van al die plaaslike kunstenaars waar jy besoek kan aflê. Uiteenlopende mediums, style, onderwerpe en benaderings gee jou 'n unieke blik op dit waarmee Stellenbosch se kunstenaars besig is. Besoekers kan uitsien na werke van onder andere Strijdom van der Merwe, Marié Stander en Shany van den Berg. Die tentoonstelling is byeengebring deur Ilse Schermers van IS ART.

UITSTALLING
3 tot 11 OKT 10:00-17:00
De Hoek Manor
Gratis

OPENING
4 OKT 18:00
90min | De Hoek Manor
Gratis



ATELJEEBESOEKE

Die inisiatief gee aan feesgangers toegang tot plaaslike kunstenaars se skeppende ruimte.

R40 | R70 by die deur
60 min

DANIEL NAUDÉ
Yonder Hill-wynplaas, R44

Besoek die ateljee van ons feeskunstenaar, **Daniel Naudé.** Dit is hier waar die werke geskep is wat deel vorm van *Still Life*, die uitstalling wat in die US Museum te sien is. Daniel se vorige projekte het hom die wye wêreld ingestuur, maar om die insekte vir *Still Life* af te neem het hy diorama-stelle gebou en dit onder beheerde omstandighede gefotografeer met hoogs gevorderde kameratoerusting. Elkeen van die reusefoto's is saamgestel uit duisende



nabyfoto's wat geneem is met 'n kamera wat op 'n spoor gemonteer is. In die ateljeebesoek verduidelik hy presies hoe hierdie proses gewerk het.

9 OKT 11:00

FRANCÉ BEYERS
Van der Stelstraat 49

Francé Beyers is bekend vir haar lang verbintenis as redakteur van die tydskrif *Stellenbosch Visio* en haar passie vir die bevordering van kuns en kultuur. Beyers beskou keramiek as 'n wonderlike avontuur en geniet dit om in hierdie nuwe medium te leer en te eksperimenteer.

9 & 10 OKT 13:00



HÉNI ANDRAG
Brandwachtstraat 9

Héni Andrag is 'n Stellenbosse afdrukkunstenaar en oppervlakontwerper wat botaniese vorme en tekstuur ondersoek deur middel van kunsdrukwerk, tekstiele en houtskooltekeninge op hout. Sy is ook die eienaar van Elsje Designs in die Jonkershoekvallei, waar sy produkte skep wat deur Suid-Afrikaanse erfenis en flora geïnspireer word.

8 & 9 OKT 15:00

KATIE FERRINGER
Mountain Wood-plaas, Banhoek

Katie Farringer se onlangse werk verken die tussenspel van water en die menslike vorm. Sy het ook begin om dit in nuwe rigtings te stuur met studies van lig, vlug en gewigloosheid – en die eindelose moontlikhede van die lugruim. Vir haar kan die kreatiewe proses nooit voorafbepaal word nie: Dit is 'n reis na verkenning en selfontdekking.

3 & 4 OKT 10:00

IZETTE ROOS
Culemborgsingel 19, Die Boord

Izette Roos gebruik gewone, alledaagse voorwerpe in haar beeldhoukuns. Sy ondersoek wat ons glo ons is, en wat ons glo ons toekom. Die werk bestaan uit plat vlakke wat driedimensioneel aanmekaargesit word om beeldhouwerke te vorm.

7 & 8 OKT 10:00

KLARA-MARIÉ DEN HEIJER
Formosastraat 24, Die Boord

Klara-Marié den Heijer nooi jou na die plek waar sy pigment en verf en kuns maak. Kom kyk waar sy haar alchemiese prosesse uitvoer: waar sy klip, klei, roes, as, plant en gogga tot kleurstof fynmaal, olie-papperye tot verf transformeer, en onverwoordbare gedagtes aan oppervlakke afsmeer.

6 OKT 12:00 | **10 OKT** 13:00


Lunga Kama

LUNGA KAMA
Victoria Hub, US-kampus

Lunga Kama is 'n fotograaf met 'n graad in die visuele kunste. Hy werk hoofsaaklik in die medium van fotografie en sy hoof-fokus is portrette. Hy maak portrette van plante, maar ook selfportrette binnens- en buitenshuis.

3, 4, 10 OKT 12:00

MARIANNE BURGER
Patrysvlei-plaas 4, Stellenbosch

Marianne Burger bied kunsklasse aan in haar ateljee op Patrysvlei, maar ook slypskole in olieverf en drukmetodes. Besoekers sal haar skilderye op linne en wit doek kan besigtig, maar ook linosnee-, droëpunt- en etsafdrukke. Tans verf sy hoofsaaklik voëls in hulle fynbosomgewing asook landskappe.

5 & 6 OKT 11:00

MARIÉ STANDER
Ostarastraat 47, Jamestown


As portret- en figuratiewe kunstenaar verbeeld Marié Stander mense met karakter en stories wat haar pad kruis, dikwels met voorwerpe of kostuums wat sosiale en maatskaplike kommentaar lewer. Haar tekeninge is lewensgroot of groter, en sy teken graag met houtskool, soms in kombinasie met kleurryke elemente in ink of pastel, wat 'n kontras vorm met die sterk tonale eienskappe van houtskool.

5 & 6 OKT 13:00

MONA HAUMANN
Keetweg 9

Haumann is 'n Stellenbosse kunstenaar wat die lewe deur kuns ervaar. Sy skep werk en idees wat wentel om herinneringe uit haar onderbewuste, maar werk ook met visuele elemente van haar onmiddellike hier en nou.

10 & 11 OKT 09:00





SHANY VAN DEN BERG
Saxenhof 2, Dorpstraat 159

Shany van den Berg ondersoek al die afgelope 30 jaar die formele en simboliese dialoog tussen die menslike vorm en die natuurlike wêreld. Sy benader stillewes en figuurkomposisies met dieselfde oog vir vorm en negatiewe ruimte, en bring die kurwes van 'n vaas in verband met die menslike liggaam. Deur historiese genres soos stillewes en naakstudies te herverbeel, plaas sy dit binne 'n kontemporêre en diep persoonlike konteks.

7 & 8 OKT 11:30

STRIJDOM VAN DER MERWE
Du Toitstraat 12

Strijdom van der Merwe se kuns is opsetlik verganklik – vlugtige gebare eerder as konvensionele beeldhouwerke. Hulle word ter plaatse geskep, met slegs materiaal wat in die omgewing gevind word, en is bestem om net vir 'n breukdeel van tyd te bestaan voordat hulle as 't ware oorgegee word aan die elemente. Die resultate is speels en diepsinnig, efemeer dog blywend. Afhangende van die aard van die werk of die opdrag, kan die kunswerk ook meer permanent wees, maar hy maak dit altyd om die skoonheid van die natuur te vier.

5 & 9 OKT 11:00



TRUDE GUNTHER

44 Skirts Fine Art Studio, Plaas 350 deel 4, Jonkershoek

Trude Gunther stel belang in die magiese en die bestaan van menswees. Sy het 'n meestersgraad in illlustrasie, asook verdere kwalifikasies in beeldende kunste en teater. Vanuit 'n hoogs persoonlike en eksperimentele perspektief ondersoek haar kuns temas van bestaan, katarsis en die skoonheid van alledaagse oomblikke. Sy gebruik 'n uiteenlopende mengsel van materiale en gelaagde narratiewe tekeninge om haar daaglikse gedagtes uit te druk.

10 OKT 11:00 & 14:00

VIVIAN VAN DER MERWE

Tiobellesingel 59, Jamestown

Wanneer taal tot by die uiterste grense van sy uitdrukkingsvermoë gedwing word, bereik dit 'n drempel waar dit nie meer kan byhou nie. "As skilder is dit my oortuiging dat dit juis in hierdie stilte – anderkant taal, konsepte en retoriek – is waar wiskunde, musiek en skilderkuns begin, en waar die gekondisioneerde perspektiewe van geskiedenis, betekenis en styl oorskry en afgewerp word," sê Van der Merwe. "Dit is die leitmotief wat my werk al vir meer as 50 jaar onderlê."

3 & 4 OKT 14:00

ZONIA SCHEFFER

Jonkershoekweg 28

Zonia Scheffer het haar honneursgraad in die skone kunste aan die Universiteit van Pretoria verwerf. In 1998, twee jaar ná die voltooiing van haar graad, ontvang sy 'n merieteprys by die Sasol Nuwe Handtekeninge-kompetisie. Sy het sedertdien ses solotentoonstellings gehou en aan talle groepsuitstallings deelgeneem. Haar unieke styl kombineer alledaagse voorwerpe op onverwagse maniere – dit gee haar skilderye 'n dromerige kwaliteit wat die oog betower.

6 & 8 OKT 14:00



ATELJEEBESOEKE: GUS-GALERY



Vier van ons plaaslike kunstenaars stal hulle werk by die GUS-galery uit en al vier kunstenaars se werk kan hier besigtig word.

RONDLEIDINGS vir al vier uitstallings

8 OKT 17:00 | **10 OKT** 11:00
60 min | GUS-galery,
hoek van Dorp- en Birdstraat
R120 | R150 by die deur

KABOUS HANSLAM

Kabous Hanslam is 'n kontemporêre kunstenaar wat spesialiseer in skilderkuns en beeldhou. Sy werk ondersoek die queer liggaam as "houkamer" met ingangswonde na herinnering, begeerte en skaamte.

RON SAUERMAN

Ron Sauerman is 'n boekbinder en kunstenaar wat meestal met skilderkuns en boekmaak werk. Sy praktyk ondersoek die liggaam deur middel van gevonde materiale, voorwerpe en boekstrukture. Sy werk is gewortel in sy transmanlike ervaring en ondersoek hoe liggame gelees en beleef word deur vel, tekstuur, kwesbaarheid en die ruimtes wat ons lywe inneem.

ULRICHE JANTJES

Ulriche Jantjes gebruik skilderkuns en drukwerk om te besin oor erfenis en identiteit soos dit in plek manifesteer. Met haar wortels in Elim, 'n Morawiese sendingdorp in die Overberg, trek sy blywende dog vloeibare verbindings tussen dié landskap en haar gevoel van erfenis en behoort. Jantjes se werk is diep persoonlik, maar deur haar peinsende uitbeeldings in olieverf bereik dit ook 'n gevoel van die universele en byna mitiese, en nooi die kyker om oor hulle eie plek, verlede en hede na te dink.

VINCENT ENGELBRECHT

Vincent Engelbrecht gee sy idees lewe deur drukkuns en sketse, veral deur koperplaat-etswerk. Sy werk ondersoek die droomwêreld en magiese realisme. Hy maak sy idees 'n werklikheid met liggaamlike ervarings en glo aan die geïnternaliseerde wysheid van die hand.

UITSTALLINGS



RUPERT-MUSEUM UITSTALLINGS

Sluit aan by **Eliz-Marie Schoonbee,** kunskurator van die Rupert-museum, vir 'n begeleide staptoer deur die jongste uitstallings by die museum. Die rondleiding sal fokus op die verskeidenheid genres en Suid-Afrikaanse kunstenaars wat deel vorm van die uitstallings en die kunsversameling en sluit in J.H. Pierneef se befaamde Johannesburg-stasiepanele.

Let wel: Sitplek is beperk en deelnemers moet bereid wees om vir 'n uur te stap en te staan. Elke bespreking sluit 'n koffie-/teebewys in wat op die dag voor of ná die toer by die museumkafee gebruik kan word.

UITSTALLING
3, 4, 6 tot 11 OKT 10:00-16:00
Free Ⓐ Ⓔ

BEGELEIDE TOER
7 OKT 11:00 & 13:00 | **9 OKT** 11:00 & 13:00
60 min | Rupert-museum
R50 | R80 by die deur
(sluit tee of koffie in) Ⓐ Ⓔ

AFRIKAANS 101: AS WOORDE KON VERF

Die **Kunsvereniging Stellenbosch** nooi jou hartlik uit na die tentoonstelling *As woorde kon verf* waarvoor verskeie talentvolle plaaslike kunstenaars kleurvolle vlae geskep het wat hulde bring aan die ryk erfenis van Afrikaans. Dié unieke uitstalling ondersoek die verhouding tussen taal en beeldende kuns – hoe woorde gevoelens, herinneringe, stories en identiteit kan oproep, en hoe kunstenaars dié emosies visueel interpreteer.

3 tot 11 OKT 10:00-17:00
Blomstraat 3 | P.J. Olivier-kunssentrum
Gratis

DIE BLOU ARGIEF

In hierdie multidissiplinêre uitstalling word die brose skoonheid van Suid-Afrika se onderwater-ekostelsels verken. Met Freda Theron se mariene sianotipes, Ceramic Matters se keramiek- en glasriwwe en Hanlé Hill se tekstiel-kelpwoude duik die versameling diep om ons inheemse korale en seegras te huldig. Saam met gaskunstenaars dien hierdie visuele argief as 'n viering van onsigbare biodiversiteit – van strukturele koraalglans tot suurstofgewende kelp – maar dis ook 'n dringende oproep om getuie te wees van ons veranderende kuswildernis.

3 tot 9 OKT 09:00-16:00
10 OKT 09:00-14:00
Stellenbosch Museum, Voorgelegen, Dorpstraat 116
Gratis



BEGELEIDE TOER DYLAN LEWIS-BEELDETUIN

Kom geniet die wonderlike tuin van die beeldhouer Dylan Lewis waar meer as 60 van sy werke in 'n pragtige natuuromgewing ten toon gestel word en 'n magiese ervaring skep. Die toer word gelei deur **Hanlé Hill**, wat haar kennis van kunstenaars, ateljees en tuine deel.

Let wel: Die tuinpaadjies is ongelyk en met los gruis bedek – en dus gevaarlik vir diegene wat onvas is op hulle voete. Daar is geen parkeerplek by die tuin nie. Gaste vertrek 'n halfuur voor elke toer per bussie van die Kochstraat-pendeldienshalte.

6 tot 9 OKT 09:30 | **10 OKT** 09:30 & 15:00 | **11 OKT** 09:30 & 12:00
90 min | Ontmoet 30 min voor die aanvang van die toer by die Kochstraat-pendeldienshalte. Geen parkering by die beeldetuin.
R360 | R390 by die deur

KLEIN WÊRELD!


Klein wêreld! nooi jou na 'n betowerende wêreld van klein kunswerke. Kom ontdek meer as 500 unieke kunswerke in klein formaat deur meer as 100 opkomende en gevestigde Suid-Afrikaanse visuele kunstenaars. In dié ontspanne, toeganklike ruimte word kuns deel van die feeservaring, en alles is onmiddellik beskikbaar teen bekostigbare pryse.

Aangebied deur **WÊRELD** (Jaco van der Merwe en Christa Badenhorst)

3 tot 11 OKT 10:00–18:00
Stadsaal
Gratis







KUNS OP STRAAT

Kuns in openbare ruimtes is deel van Stellenbosch se ryke kultuuromgewing, en vanjaar kry besoekers die geleentheid om dié skat te voet te verken saam met **Hanlé Hill.** Hier word wêreldbekende kunstenaars se handewerk nie beperk tot die ruimtes in geboue nie; dit kan deur almal op ons sypaadjies en in ons parke besigtig word – gratis. Op dié begeleide toer sien jy beelde van nader en hoor meer oor die agtergrond van elke werk.

5 OKT 10:30
90 min | Ontmoet by Erfurthuis, Ryneveldstraat
Begeleide toer: R165 | R195 by die deur

#PJOkunsspore26

Die P.J. Olivier-kunssentrum bied jaarliks 'n straatkunskompetisie vir gr. 11-leerlinge aan, en vanjaar vier hulle hul 10de jaar van straatkunstentoonstellings! Die werk van vanjaar se finaliste sal ten toon gestel word op die staproete wat bekend staan as #PJOkunsspore26. Dit begin by die Kunssentrum in Blomstraat en kronkel deur die dorp. Kaarte vir die staproete sal by die Toyota Stellenbosch Woordfeeskantoor en by die Kunssentrum beskikbaar wees.

3 tot 11 OKT | Gratis

RHYTHMS OF NATURE

Dié tentoonstelling verken die veronderstelling dat menslikheid nie losstaan van die natuur nie, maar diep verweef is daarmee. Deur besinnings oor landskappe, riviere, berge, bome en die ritmes van die natuur nooi die werke kykers uit om na te dink oor hulle verhouding met die aarde. Met 'n hernude verbintenis tot die natuurlike wêreld as 'n verlengstuk van onsself kan ons begin leef met groter sorg, balans en eerbied vir die omgewings wat lewe onderhou. In die tentoonstelling kry besoekers ook die geleentheid om die kunstenaars **Lily Maas, Ros Koch** en **Stephen J. Quirke** te ontmoet en hulle uit te vra oor die stories agter hulle werke.

3 OKT 12:00 **OPENING**
4 OKT 14:00 | **5 OKT** 12:00 **RONDLEIDING**
6 OKT 10:00–12:00 **WATERVERF-DEMO**
7 OKT 12:00 **PRAATJIE: "Clean Energy and the Future of Wild Places"**
3 tot 11 OKT 09:00–16:00
Stellenbosch Museum Voorgelegen, Dorpstraat 116 | Gratis

SAVAC

STELLENBOSCH ACADEMY VISUAL ARTS-KOMPETISIE

Suid-Afrika bruis van onontginde kreatiewe talent. Die **Stellenbosch Academy of Design and Photography** se nasionale kompetisie vir hoërskole is 'n toonvenster vir en viering van ons land se opkomende jong kunstenaars. Dié uitstalling wys die finaliste se werk – vars stemme van reg oor die land. Ontdek hoe visuele kuns jong mense help om hulself uit te druk en hulle plek in die wêreld te vind.

3 tot 11 OKT 09:00–17:00
Stellenbosch Academy of Design and Photography
Gratis



SPIER CREATIVE BLOCK

Creative Block deur die Spier-kunstetrust bied 'n unieke manier om na die werk van kontemporêre kunstenaars te kyk en dit te koop. Al die kunswerke het dieselfde vasgestelde formaat, en almal is beskikbaar teen dieselfde billike prys, maar die stories, style en mediums verskil hemelsbreed. Meer as 400 kunstenaars se werk vorm deel van die projek, en 'n groot verskeidenheid word by die fees uitgestal. Dis 'n goeie manier om aan jou kunsversameling te bou, terwyl jy terselfdertyd ook die ontwikkeling van kunstenaars ondersteun.

UITSTALLING Adam Small-ouditorium
3 tot 11 OKT 10:00–17:00

THE STONEMASON: DIE POPPE

The Stonemason is 'n stopraam-animasiekortfilm wat bynа vier jaar geneem het om te maak. Dié tentoons[illegible]ng bestaan uit die handgr[illegible]tpoppe wat in die film gebru[illegible]e stelle waarop die rolpre[illegible]is met die hand gemaak. [illegible]**Trentia Bedeker** en **Luan P[illegible]** moontlik natuurlike mate[illegible]and, gras, plante en hout gebruik o[illegible]e stelle af te rond. Geen KI of digitale tegnologie is gebruik nie, en op dié uitstalling sien jy al die bewyse.

GEKANSELLEER

UITSTALLING Stadsaal
3 tot 11 OKT 10:00–18:00



TWENTY + ONE

Ter viering van 21 jaar van die Stellenbosch Atelier in Jamestown word hierdie uitstalling met **Vivian van der Merwe** en **Fiona Metcalfe** as kurators in die geskiedkundige Rhenish-kerksaal aangebied. Die uitstalling bring 'n keur van werke byeen, insluitend 'n retrospektiewe element wat die ontwikkeling van die Atelier naspeur, saam met nuwe werke wat die voortgesette kreatiewe energie daarvan toon. In 'n kulturele landskap wat oorversadig is van nuwe media, konseptuele raamwerke en algoritmiese geraas, bied die blywende praktyke van teken- en skilderkuns en beeldhouwerk 'n onvervangbare, diepgesetelde belewenis van menslike kreatiwiteit.

3 tot 11 OKT 10:00-17:00
UITSTALLING Rhenish-kerksaal, Webersvalleiweg 36



VERWEEFDE WANDELING

STAPTOER OP DIE STELLENBOSCH-KUNSMYL

Ervaar die Stellenbosch-kunsmyl deur 'n stadiger, meer sintuiglike ontmoeting met kuns, ekologie en plek. Vanjaar se uitstalling, *Entangled Ground*, verken gemeenskap as 'n lewende ekologie – 'n netwerk van water, grond, plante, diere, materiale, weersomstandighede en menslike teenwoordigheid. Feesgangers word genooi om in dié begeleide staptog te luister, kyk, aan te raak, stil te word en op te let. Deur die tydelike en permanente kunswerke en interaktiewe installasies langs die roete word die kunsmyl 'n ruimte vir nuuskierigheid en konneksie.



7, 8 en 9 OKT 08:30
120 min | Eerste Kafee
R250 (maksimum 20 mense)
Aankoms en parkering: Meld aan en parkeer by Eerste Kafee, hoek van Koch- en Suidwalweg, Krigeville



WERKSESSIES EN ERVARINGS




'N LEWENDE TAFEL

ART MILE-TAFELLANDSKAP-ERVARING

Die Stellenbosch-kunsmyl nooi jou om jou plek in te neem by iets werklik besonders: die voltooiing van 'n kollektiewe kunswerk op 'n tafeldoek van 50 meter. Met seisoenale blominstallasies wat gaan dien as inspirasie in kleur, tekstuur en vorm, asook professionele kunstenaars wat sal help en begelei, word deelnemers genooi om saam te kom verf, teken en al spelend by te dra tot 'n gedeelde visuele verhaal.

3 OKT 10:00–12:00
120 min | Eerste Kafee,
hoek van Koch- en Suidwalweg
R250 | R280 by die deur
(sluit kunsmateriaal, koek en vonkelwyn in)



RITES OF PASSAGE

THE ART OF HOUGAARD WINTERBACH

Die kunstenaar **Hougaard Winterbach** skep al vir vyf dekades lank werk wat die grense tussen sogenaamde "hoë kuns" en popkultuur laat vervaag. In sy werk sien 'n mens die invloed van die Westerse kunstradisie, maar ook merkers van strokiesprente, rock-ikonografie ensomeer. Die boek *Rites of Passage – The Art of Hougaard Winterbach* is deels 'n kunstenaarsbiografie en deels 'n bestekopname, 'n dokument wat die kunstenaar se ontwikkeling oor 50 jaar opteken, met afbeeldings van tekeninge, juweliersware en beeldhouwerke. **Anton Kannemeyer,** 'n jare lange vriend van Winterbach, sal met hom gesels oor sy werk en oor hierdie publikasie waarin sy reis as kunstenaar, sy belangstellings, invloede en hartstogte byeengebring word.

Ondersteun deur **Naledi**

8 OKT 14:30
60 min | Festivalstraat 42
R50 | R80 by die deur

Ⓐ Ⓔ

WRITE A RIVER. PAINT A POEM

In hierdie werksessie met **Diane Harper** word verskeie vorme van visuele taal gekom[GEKANSELLEER]om 'n persoonlike respons te gee o[GEKANSELLEER]e element van die Dylan Lewis[GEKANSELLEER]aemers sal hulle eie konser[GEKANSELLEER]amstel waarin geskrewe uitdr[GEKANSELLEER]met ander soorte merkte[GEKANSELLEER]ord, met natuurlike en meer k[GEKANSELLEER]ele materiale. Die doel is om die ek[GEKANSELLEER]ressiewe repertorium te verdiep en uit te brei, terwyl deelnemers dit ook gate uit geniet.

3 OKT 14:00
Dylan Lewis-beeldetuin
180 min | Ontmoet 30 minute voor die aanvang van die toer by die Kochstraat-pendeldienshalte
R1 100 (koffie en tee asook alle materiaal word verskaf)

DISKOERS



GESPREKKE EN MENINGS



FILOSOFIEKAFEE

Met **Stan du Plessis, Vasti Roodt, Hannes Smit, Susan Hall, Amy Daniels, Dawid de Villiers, Marius Swart** en ander

Filosowe, woordsmede en wysgere span woorde in om mekaar om die bos te lei, spek te skiet of ekonomies met die waarheid om te gaan. Dit alles in die altyd sneluitverkoopte Filosofiekafee. Wie gaan vir wie ore aansit? Stem agterna vir jou gunstelingbogprater. Bestel iets te ete vanaf 18:00.

Ondersteun deur die
Universiteit Stellenbosch

5 OKT 19:00
120 min | The Daisy Jones Bar
R175 | R205 by die deur Ⓐ Ⓔ

AFRIKAANS: BRUGBOUER OF REMSKOEN?

Afrikaans word in ons toenemend verengelsende samelewing deur baie mense beskou as 'n taal wat nie noodwendig hulle geleenthede bevorder nie, maar dit soms selfs kan belemmer. Hierdie persepsie word weerspieël in ouers se taalkeuses vir hulle kinders in 'n opvoedkundige en sosiale konteks. Dít terwyl Afrikaans vir miljoene mense 'n draer van identiteit en kultuur is en vir hulle 'n tuiste bied. Die gesprek sal fokus op die waarde van Afrikaans as 'n brugbou- en lewensbevorderende taal – 'n taal wat in 'n diverse samelewing bydra tot bemagtiging, verbondenheid en verhoogde lewenskanse.

10 OKT 09:00
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ

DIE GROOT AFRIKAANSE DIKTEE: FINAAL

Die wenners word gekroon ná hierdie eindronde van die Groot Afrikaanse Diktee. Dié kompetisie is geskoei op die Groot Dictee der Nederlandse Taal wat sedert 1990 in Nederland en Vlaandere aangebied word. Die konsep is eenvoudig: 'n Teks van 250 tot 300 woorde word verskeie keer voorgelees en leerlinge moet mooi luister en dit so akkuraat as moontlik neerskryf. In die proses word woordeskat, taalgebruik en kennis oor leestekens getoets. Een woord. Een komma. Een kans.

'n **SASNEV**-inisiatief in samewerking met die **Nederlandse Taalunie, Wes-Kaapse onderwysdepartement, Penguin Random House**

10 OKT 11:00
180 min | Adam Small-seminaarkamer
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ





HYSTERIA: VROUE- EN MENOPOUSEMITES

Met **Elsabé Brits** (fasiliteerder), **proff. Lizette Rabe** (emeritus professor in joernalistiek), **Renata Schoeman** (psigiater en medeprofessor, US), **dr. Liana Roodt** (borskankerspesialis)

Die woord "histerie" kom van die Griekse "hystera", wat "uterus" beteken. Millennia al is vroue se pyn as blote emosie afgemaak. Ons praat eerlik oor hoe 'n studie in 2002 die reputasie van hormoonvervangingsterapie verpletter het. Ook oor mites, vrese en hoe hormonale veranderinge jou psigiese gesondheid beïnvloed – deur die lens van die komende kykNET-dokumentêr *Meer as warmgloede – Wetenskap, waardigheid en vrouestemme*.

4 OKT 10:00
60 min | Paul Roos-teater
Gratis | Bespreek op Quicket

Ⓐ Ⓔ

INGRID JONKER SE ERFENIS

In November 2025 is 'n krat met 'n baie spesiale versameling dokumente by die US se Dokumentesentrum afgelewer: Die versameling – die dokumentêre nalatenskap van Ingrid Jonker – het ná 'n lang reis uit Den Haag, Nederland, by die US-biblioteek aangekom. Hierdie bespreking oor Ingrid Jonker se dokumentêre erfenis bied 'n platform om dié waardevolle manuskripversameling ten toon te stel, terwyl verskeie sprekers die hedendaagse relevansie daarvan en die interdissiplinêre navorsingsgeleenthede wat dit bied, sal ondersoek.

Aangebied deur **Spesiale Versamelings van die US Biblioteek-en-inligtingsdiens**

5 OKT 12:00
60 min | US Biblioteek-ouditorium
Gratis | Bespreek op Quicket

Ⓐ



HOOGSOMER: DIE NUWE PSIGEDELIESE SEISOEN

Sluit aan by ons feesdigter, **Tom Dreyer,** vir 'n gesprek oor die jongste navorsing rondom psigedeliese middels soos psilocybin (sampioene), DMT en ayahuasca. Hy en die beeldhouer **Gerhard van Niekerk** gesels oor die onomstootlike bewyse oor hoe doeltreffend dié middels is om depressie te beveg, kreatiwiteit te ontsluit en nuwe maniere te vind om te dink oor die menslike bewussyn en intermenslike verhoudings. Hulle kyk na harde data, die mistieke ervaring en kreatiwiteit as nuwe lewensoriëntasie.

5 OKT 17:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis | Bespreek op Quicket
Geen o.18 Ⓐ Ⓔ

RSG: KUNS MET KONTANT

Waar roem en finansies byeenkom met **Henco Kruger**

Terwyl geld dikwels as 'n taboe onderwerp beskou word, verskuif hierdie program die grense deur ikone van die sport-, vermaak- en sakewêreld te nooi om hulle persoonlike stories, filosofieë en selfs struwelinge met geld te deel. Dit skep 'n program wat nie net hoogs relevant is nie, maar ook diep opvoedkundig. *Kuns met kontant* (die RSG-insetsel) is aangewys as die beste finansiële program op Suid-Afrikaanse radio by die 2025 Telkom-radiotoekennings.

Vervaardiger **Carla Mackenzie**

6 OKT 15:30 | **7 OKT** 15:30
90 min | RSG/ATKV-vierkant
Gratis Ⓐ

OM DIE ONSÊBARE TE SÊ

Danie Marais beskryf **Tom Dreyer** se jongste bundel as "'n herbetowering van die wêreld". Vir **Herman Wasserman** word gedigte sy reddingsboei, skryf Valda Jansen. In hierdie gesprek vra Dreyer en Wasserman of poësie, wat anders kyk as die wetenskap en anders weet as die maklike sekerhede van die teologie, dalk uniek geposisioneer is om iets van die geheimsinnigheid, luisterrykheid en selfs heiligheid – die Engelse praat van "the sacred" – van die wêreld raak te sien en raak te sê.

8 OKT 17:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ





Peach van Pletzen

STEMME UIT DIE VERLEDE: MY EIE WYSIE – ANNALISE WIID

Met **prof. Elna Mouton, Helena Conradie, dr. Lizelle Smit, dr. Diederick Basson**

Die geliefde Afrikaanse sangeres, liedjieskrywer, skrywer en spreker Annalise Wiid was 'n kind van die Kaap – altyd op soek na 'n wysie vir die musiek in haar hart. Agt jaar gelede, op 57-jarige ouderdom, het haar stem stil geword. Haar werk leef egter voort. In November 2025 is haar persoonlike argief deur die NG Kerk Argief op Stellenbosch in ontvangs geneem. In hierdie aanbieding bring dr. Diederick Basson, bestuurder van die NG Kerk Argief, haar musiek en haar skryfwerk saam in 'n huldiging wat die gehoor uitnooi om weer te luister, te onthou en nuut te ontdek sodat Annalise se wysie steeds gehoor kan word.

7 OKT 10:30
60 min | Kapel, fakulteit teologie
Gratis

Ⓐ



Uit die skadu van die skrum

PRAATING LIVE

Peach van Pletzen bring sy webreeks *Praating* na die Toyota Stellenbosch Woordfees. **Sandra Prinsloo** is sy gas vir *Praating Live*, waar wysheid, waarheid en WTF in ewe groot dosisse toegedien word. Die mengels gaan loop en jy kan jou regmaak vir stories, lewenslesse en humor in tipiese *Praating*-styl. Leer vir Prinsloo op 'n heel ander manier ken wanneer Van Pletzen begin delf in die dieper dinge, en Prinsloo met elke tongval wys waarom sy al soveel dekades die land se liefling is.

5 OKT 20:00
90 min | Fismer
R160 | R190 by die deur
OB (T, D)

Ⓐ Ⓔ

UIT DIE SKADU VAN DIE SKRUM

'HERSTORY' VAN SUID-AFRIKAANSE VROUERUGBY

Met **Ingrid Botha, Natascha Louw, prof. Francois Cleophas**

Vrouerugby is die wêreld se snelgroeiendste spansport. Met meer as 2,7 miljoen spelers reg oor die wêreld brei dit vinnniger uit as die manspel. Tog skuil daar 'n merkwaardige paradoks: In 'n land waar rugby diep in die nasionale identitieit ingegraveer is en deeglik geboekstaaf is, bly die argief sonder die stories van vroue. Is vrouerugby werklik iets nuuts of is dit bloot onsigbaar gemaak? Kom luister hoe die sporthistorikus prof. Francois Cleophas en navorser Natascha Louw gesels met voormalige Springbokkaptein Ingrid Botha en só die swye verbreek. Kom vier die skraapmerke, die vuil truie en die triomf. 'n Reis na die hart van die skrum.

9 OKT 14:30
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket

Ⓐ Ⓔ

EasyEquities
FINANSIËLE GESPREKSREEKS

BELEGGINGSRAAD VIR MA'S

Carly Barnes, hoof van bemarking by EasyEquities en ma van 'n babaseun en peuterdogter, gesels oor hoe jy as ma vir jouself en jou kinders belê. Is dit moontlik om jou kinders te leer om finansieel onafhanklik te wees en vir hulle eie studies te betaal teen die ouderdom van 18? Hoe balanseer jy werk, ouerskap en finansies?

5 OKT 13:00
50 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis | Bespreek op Quicket (A) (E)

VROUE EN ENTREPRENEURSKAP

Met **Rose Jordaan, Carel Nolte** en **Carly Barnes** (gespreksleiers)

Jordaan gesels oor entrepreneurskap, wynmaak, bemarking, natuurbewaring, velddraf en nog meer. Sy is die eienaar van Plaisir waar sy haar rol sien as bewaker en bewaarder vir toekomstige geslagte. As argitek en natuurliefhebber het sy al verskeie projekte in en om Stellenbosch aangepak om die gebied vir almal beter te maak.

6 OKT 13:00
50 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis | Bespreek op Quicket (A) (E)

SAVING SMART: FROM SCHOOL FEES TO SOMEDAY

Met **Kelly Goldsworthy, Carly Barnes** en **Carel Nolte** (gespreksleiers)

Carly Barnes praat met Kelly Goldsworthy, Hoof van Live Better Rewards by Capitec Bank. Hulle bespreek maniere om slim te spaar, ongeag waarvoor jy spaar: korttermyn-uitgawes soos skoolgeld, of 'n langtermyndoelwit of droomfonds vir eendag.

7 OKT 13:00
50 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis | Bespreek op Quicket (A) (E)


Paul Roux en Ingrid Klückow

MONEYMOVES

Die welvaartbestuurders **Paul Roux** en **Ingrid Klückow** bied 'n gespreksreeks aan vir mense wat hulle geldbesluite met groter insig en meer selfvertroue wil neem. Elke gesprek is daarop gemik om finansiële onderwerpe prakties en relevant te maak vir die regte lewe.

8, 9, 10 OKT 13:00
8 OKT Waar om te belê: SA vs. die buiteland
9 OKT Hoe om belastingvry af te tree
10 OKT Die kuns van beskerm en bou

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis | Bespreek op Quicket (A) (E)

GESKIEDENIS-GESPREKSREEKS



OORLOGSDIGTERS EN MUSIKANTE

Met **Fransjohan Pretorius, Schalk van der Merwe, Kabous Meiring** (gespreksleier)

F.W. Reitz en Jan F.E. Celliers was digters van die Anglo-Boereoorlog. In hierdie bespreking word met 'n geskiedkundige invalshoek na hulle poësie gekyk eerder as net letterkundig. Die oorspong van die gedigte sê baie oor die verskrikking van die oorlog.

5 OKT 10:30
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ

INNOVASIE IN TYE VAN OORLOG

Met **Arnold van Dyk, Fransjohan Pretorius, Albert Grundlingh, Kabous Meiring** (gespreksleier)

Oorloë is 'n ongelooflike bron vir navorsing wat die mediese geskiedenis betref. Dr. Hermann Küttner het besonderse werk gelewer aan die Westelike front en 'n hospitaal gevestig wat destyds aan internasionale standaarde voldoen het. Hy het 'n X-straalmasjien saamgebring uit Duitsland en aangedring op elektriese lig. Sy pionierswerk gedurende die Anglo-Boereoorlog het daartoe gelei dat hy as leier beskou kan word op die gebied van traumachirurgie van daardie tyd.

6 OKT 10:30
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ

HELDE OF SLAGOFFERS?

Met **Fransjohan Pretorius, Lindie Koorts, Ruhan Fourie, Arnold van Dyk, Kabous Meiring** (gespreksleier)

Wat het diegene wat in die Anglo-Boereoorlog geveg het aangetref toe hulle huiswaarts keer? En hoe het dié geskiedenis ons bygebly? Hoe het nasionalisme sy vastrapplek gekry met die oorlog ingeprent in ons kollektiewe psige, en wat van vandag? Ry ons op die rug van slagofferskap of word dit misbruik om 'n nuwe volksgesindheid te kweek?

7 OKT 10:30
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ

DIE BITTEREINDERS EN GIDEON SCHEEPERS

Met **Arnold van Dyk, Lindie Koorts, Peter Greeff, Schalk van der Merwe, Kabous Meiring** (gespreksleier)

Die bittereinders word in die moderne konteks dikwels verkwalik omdat hulle tot die einde geveg het in die Anglo-Boereoorlog. Sommige revisionêre en leunstoel-historici is van mening dat hulle daardeur net die lyding van vroue en kinders in die konsentrasiekampe verleng het. Maar wat van verbete aanhouers soos Gideon Scheepers? Hoe raak die lens waardeur ons na hulle kyk die Afrikaner-psige? Trauma, verset of heldhaftigheid?

8 OKT 10:30
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ

WAS DAAR DEMOKRATIESE MURG IN ONS PYPE?

Met **Ruhan Fourie, Lindie Koorts, Schalk van der Merwe, Kabous Meiring** (gespreksleier)

Het Afrikaners 'n demokratiese geskiedenis? Voor 1994 was daar 'n sterk tradisie van republikeinisme, verkose regerings en selfbeskikking. Van die ZAR en Vrystaatse republieke tot die Kaapse liberale tradisie en weerstand teen veraf magte was plaaslike besluitneming sentraal. Die deelnemers vra indringende vrae oor hierdie komplekse verhouding met demokrasie. Hulle ondersoek die Groot Trek, burgerkommando's en selfs die stemme van Afrikaners teen apartheid om ons politieke erfenis te herdefinieer.

9 OKT 10:30
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket

Ⓐ

NAGGESPREKKE




Kabous Meiring

HOE LATER HOE TEATER

Hoe gaan dit met teater in Suid-Afrika? Is dit nag of gaan dit eintlik lekker? Is die revolusie met kunsmatige intelligensie besig om teater te herposisioneer vir 'n inspirerende renaissance? Feeste probeer hulle bes, maar staatsfinansiering is skaars. Op grondvlak bly die passie hoog brand. **Cornelia Faasen** lei 'n eerlike, onverskrokke kykie na die stand van ons teaterbedryf. Wat moet ons doen om aan te hou geleenthede skep en hoe kan ons teatermakers in uitdagende tye beskerm? Kom deel jou gedagtes.

5 OKT 21:00
60 min | Die Khaya-kafee
Gratis

Ⓐ Ⓔ

DIE PRYS VAN APPLOUS

Wat is die koste wanneer die *show* eenvoudig móét aangaan? Agter die staande toejuigings en glansryke openingsaande skuil 'n strawwe werklikheid van uitbranding, finansiële onsekerheid en intense emosionele spanning. Die uitvoerendekunstesektor word deur 'n stille geestesgesondheidskrisis in die gesig gestaar. **Kabous Meiring** open die gesprek vir 'n uiters noodsaaklike, stigmavrye bespreking oor die sielkundige tol van 'n lewe op die verhoog en skerm.

6 OKT 21:00
60 min | Die Khaya-kafee
Gratis

Ⓐ Ⓔ

KLEIN SKERM, GROOT PROBLEME?

Die landskap van Suid-Afrikaanse televisie verander vinniger as wat ons van kanaal kan verwissel. Tussen die meedoënlose opkoms van wêreldwye stromingsreuse en die voortdurende finansiële stryd van plaaslike uitsaaiers – waar laat dit ons eie talent en stories? **Kabous Meiring** probeer uitpluis wat werklik agter die skerms van die TV-bedryf gebeur. Is dinge so kommerwekkend soos dit voel, of loop ons iewers 'n geleentheid mis? Trek 'n stoel nader en laat ons gesels.

7 OKT 21:00
60 min | Die Khaya-kafee
Gratis

Ⓐ Ⓔ

NABYSKOOT OP DIE FILMBEDRYF

Kabous Meiring lei 'n laatnagsessie waarin die struikelblokke van ons grootskerm-storievertellers ontleed word. Geleenthede raak minder en werk het byna heeltemal opgedroog. Ons vra 'n paar moeilike vrae en soek antwoorde by dié wat weet. Wat gebeur werklik agter die skerms, en moet ons van loopbaan verander of bloot vasbyt tot die moeilike tye oorwaai? Is onafhanklike rolprentvervaardiging die antwoord in die huidige ekonomiese klimaat, of moet ons die draaiboek vir die plaaslike bedryf heeltemal oorskryf?

8 OKT 21:00
60 min | Die Khaya-kafee
Gratis

Ⓐ Ⓔ

NETWERK24-GESPREKSREEKS



Netwerk24 nooi jou na aktuele gesprekke wat gelei word deur **Gert van der Westhuizen,** Netwerk24 se politieke redakteur. **5 tot 9 OKT**
60 min | Netwerk24-diskoerstent | Gratis | Bespreek op Quicket

PROFESSIONELE SKOLERUGBY

SA skolerugby het van 'n tradisionele sportaktiwiteit tot 'n semi-professionele bedryf ontwikkel. Is die manier waarop skolerugby tans bedryf word voor- of nadelig vir ons seuns? Skolerugbyspelers word as 'n inkomstebron gebruik en die kloof tussen voorheen benadeelde en gevestigde skole word groter. Wat is die impak op akademiese prestasie? Gert gesels met **Drikus Hancke** en **Kervin Grove.**

5 OKT 09:00

GESKIEDENIS VIR DIE TOEKOMS

Hoe lyk die ideale geskiedeniskurrikulum en wat sê dit van ons eie belewenis van die geskiedenis en hoe ons na geskiedenis behoort te kyk? Gert gesels met **proff. Jonathan Jansen, Nomalanga Mkhize** en **Albert Grundling.**



6 OKT 09:00

DIE BRUIN STEM

Hoe bepalend gaan bruin kiesers se kruisies op 4 November wees? En wie is die nuwe geslag bruin leiers? Gert gesels met **prof. Christi van der Westhuizen** en **dr. Christo van de Rheede.**

7 OKT 09:00

ONS VOLGENDE PRESIDENT?

Wie is die beste mens om ons volgende president te word? Oor watter eienskappe en ervaring moet die ideale leier beskik – spesifiek om SA se uitdagings aan te pak? En wie is die kandidate? Gert gesels met **prof. William Gumede** en **Willem Jordaan.**

8 OKT 09:00

VIR EWIG JONK

GLP1's, peptiede en 'n nuwegeslag-middels wat veroudering kan keer: Wat is waar en wat is wolhaar? Werk dit of werk dit nie, en waar is die gevare? Wat is die verantwoordelike manier om dit te gebruik (of nie)? Wat is "micro-dosing"? Hoe is hierdie middels besig om die mediese wetenskap en mense se leefstyl te verander?

9 OKT 09:00

NETWERK24: DIE ONDERHOUD MET MIA SPIES





Die multimediajoernalis en TV-aanbieder Mia Spies gesels met vyf inspirerende Suid-Afrikaners. Dié gespreksreeks word gratis in die Netwerk24-diskoerstent agter die US Museum aangebied.
5 tot 9 OKT 16:00
60 min | Netwerk24-diskoerstent | Gratis
Bespreek op Quicket

GEORDIN HILL-LEWIS

Geordin Hill-Lewis word as Kaapstadse burgemeester en nou ook DA-leier deur reuse-uitdagings in die gesig gestaar. Wat gaan by die stembus gebeur, en hoe sien hy die toekoms van die regering van nasionale eenheid? Hy gesels ook oor leierskap, kritiek oor tariewe in Kaapstad en die DA se omkeerstrategie.

5 OKT 16:00





MICHIEL LE ROUX

Michiel le Roux, die stigter van Capitec-bank, is een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde sakeleiers. Hy is ook 'n filantroop wat aktief betrokke is by verskeie gemeenskapsprojekte en opvoedkundige inisiatiewe. Hy gesels oor besigheid, politiek en wat vir Suid-Afrika voorlê.

6 OKT 16:00



FRANK OPPERMAN

Van Ouboet in *Orkney snork nie* tot Lourens Adendorff in *Nêrens, Noord-Kaap* – **Frank Opperman** het karakters vertolk wat van hom volksbesit gemaak het, en sy teaterwerk is ewe indrukwekkend. Hy gesels oor sy loopbaan, sy passie vir musiek en wat hy nog alles wil doen.

7 OKT 16:00



PROF. DERESH RAMJUGERNATH

As dertiende rektor en visekanselier van die US is **prof. Deresh Ramjugernath** se taak enorm: die bevordering van inklusiwiteit en transformasie, die balans tussen akademiese uitnemendheid, en finansiële volhoubaarheid. Om van die bestuur van politieke en gemeenskapsverwagtinge asook kunsmatige intelligensie nie eens te praat nie... Hy gesels oor al die uitdagings wat hy takel.

8 OKT 16:00

DR. ELNA RUDOLPH

Hoe plesierig is Afrikaners in die kooi? Het ons volkie voorkeure wanneer dit kom by kafoefel? As daar een mens is wat weet, is dit waarskynlik die seksuoloog **dr. Elna Rudolph**. Spies vra haar uit oor haar werk en wat haar na dié professie gelei het, en waarom ons steeds so ongemaklik voel om reguit oor seks te praat.

9 OKT 16:00



ONGEHOORD



5 tot 9 OKT 60 min De Hoek Manor | Gratis | Bespreek op Quicket

HIGH TIDE AT HIGH NOON

Met **Tammy Shefer, Traci Kwaai, Joanne Peers, Louise du Toit** (gespreksleier)

High tide at high noon: Reflections on and in water. Ons het óf te veel water óf te min – of, baie dikwels, albei op een slag. Oorstroomde huise en paaie beteken nie noodwendig ons het genoeg skoon water vir huishoudelike, nywerheids- en landbougebruik nie. Ons kyk na die vele kwessies rondom water, insluitend waarom dit vermors en besoedel word. Wat van ons oseane en kuslyn? Ons voorvaders het waterryke plekke as heilig beskou. Het ons hulle wysheid verloor in 'n neoliberale era waarin alles gereduseer word tot gebruik en wins?

5 OKT 09:30

WOEDEND?

Met **Cas Wepener, Juliana Claassens** (gespreksleier)

Juliana Claassens gesels met Cas Wepener, professor in praktiese teologie, oor sy nuwe boek wat handel oor woede. Hulle besin oor wat ons woede van ons sê (en dis oral – op die pad, op sosiale media, in politieke en sosiale bewegings). Dien ons woede as 'n barometer van wat dringend aandag geniet? Kan ons van produktiewe of geregverdigde woede praat? Of vergiftig ons woede ons en ons gemeenskappe?

6 OKT 09:30

UNIVERSITEITSKRISIS?

Met **Ashley Tsabalala, Louise du Toit, Geo Quinot, Amanda Gouws** (gespreksleier)

Die meeste tersiêre instellings verkeer in 'n krisis. Van die bydraende faktore is neoliberale en/of tegnokratiese bestuur, KI en 'n aanslag op die kurrikulum (byvoorbeeld vakke wat handel oor diversiteit, inklusiwiteit en gelykheid). Neo-librale bestuur is meer gefokus op uitsette wat in geldterme verreken kan word. Dit dra by tot die minagting en onderfinansiering van die sosiale wetenskappe. Die aanslag op die kurrikulum het weer 'n invloed op gender-, queer- en kritiese rasstudies. Donald Trump se opskorting van finansiering aan dié velde maak die impak ook in ander lande voelbaar. KI dra by tot 'n krisis met assessering. Iets wat ons almal bekommerd moet maak, is die impak op die universiteitswese.

7 OKT 09:30

THE REVOLUTION WILL BE TELEVISED

Met **prof. Mehita Iqani, dr. Gibson Ncube, dr. Riaan Oppelt, prof. Pieter Fourie, prof. Stella Viljoen** (gespreksleier)

Manhood & The Media: 'n Mediakenner, genderteoretikus, literêre kenner en politieke wetenskaplike word ondervra oor die verskillende vorme van manlikheid wat op ons skerms verskyn, en hoe ons dit moontlik kan genees of herskep. Wat is die oorheersende narratief? Hoe kan ons op 'n herstellende wyse oor manlikhede in die manosfeer dink, en wat is 'n opponerende blik?

8 OKT 09:30

IMAGINING A NEW MASCULINITY

Met **Tema Maphosa, Charla Smith** (gespreksleier)

Seuns en mans voer 'n stryd wat betref opvoeding, die gesinslewe en arbeidsmark. Dis asof hulle te min ontologiese sekerheid het, 'n gebrek aan 'n stabiele sosiale anker wat vir hulle 'n positiewe verhaal vertel oor wie hulle is of moet strewe om te wees. Die "manosfeer" vul hierdie gaping deur aan seuns en mans narratiewe aan te bied wat vrouehaat aanwakker en vroue en feminisme blameer vir hulle stryd. Charla Smith gesels met Tema Maphosa oor sy werk met post-patriargale idees. Hierin stel hy voor mans en seuns is wel in staat om ander wêrelde te betree wat die patriargie uitdaag.

9 OKT 09:30

RESONANS-GESPREKSREEKS



Aangebied deur Stellenbosch Moederkerk
5 tot 7 OKT | 50 min Netwerk24-diskoers-tent | Gratis | Bespreek op Quicket

WIE PRAAT NAMENS GOD?

Met **Rudi Swanepoel, Heinz Winckler, Llewellyn MacMaster, Johan van der Merwe** (gespreksleier)

Christelike Nasionalisme steek op verskillende plekke en maniere kop uit. In die jare tagtig het die Kerk se profetiese stem hoogty gevier – hetsy in die fundering van apartheid of die opponering daarvan. Ons is aan die vooraand van munisipale verkiesings. Wie praat namens God? Wanneer word geloof 'n politieke wapen? En wat gebeur as die Kerk nie meer profeet is nie, maar propagandis? Is dit hoog tyd dat die kerk weer profeties praat?

5 OKT 14:30

HOOG TYD DAT DIE WAARHEID OPSTAAN

Met **Herman Wasserman, Cas Wepener, Vasti Roodt, Stella Viljoen, Johan van der Merwe** (gespreksleier)

Niks is meer seker nie. Wat is nog waar? "Deepfakes" maak dit onmoontlik om jou oë te glo. KI skryf preke, maak kuns en boots menslike denke na. Ons leef in 'n tyd waar die grens tussen eg en vals vervaag. As niemand meer weet wat waar is nie, wat beteken dit om te sê "Ek is die Waarheid"? Is geloof die laaste vesting van die waarheid of nog 'n bron van illusie?

6 OKT 14:30

DIE GROOT STILTE

Met **Chris van den Berg, Elmarie van Huyssteen, Barnard Steyn, Johan van der Merwe** (gespreksleier)

Die WGO noem eensaamheid 'n pandemie. "Die Groot Stilte", word dit soms genoem. En hierdie pandemie moet beveg word. Mense is elektronies meer verbind as ooit tevore... en meer as ooit alleen. Jeugwerkloosheid, vervreemding deur sosiale media en die ineenstorting van gemeenskappe is aan die orde van die dag. In 'n wêreld waar alles vinniger en meer digitaal word, vra al hoe meer mense: Waarvoor leef ek eintlik? Het die Kerk 'n antwoord – of is die Kerk self deel van die stilte? Is ons gedoem tot isolasie?

7 OKT 14:30



Of jy draf, braai, fees vier of die wêreld platry–neem die hele RSG saam met jou.

Laai vandag nog die RSG App af.

RSG 100 - 104 fm
DIS DIE EEN

SCIENCE CAFÉ

Met **Engela Duvenage, prof. Thulani Makhalanyane, Isabella Blommerus, Nosipho Hlalukane**. 'n Inisiatief van die US se fakulteit natuurwetenskappe wat openbare gesprekke oor wetenskapskwessies aanmoedig. **6 tot 8 OKT** 18:30
60 min | EasyEquities Skrywerskamer



FROM AFRICA'S MICROBES TO PLANETARY HEALTH

Afrika is die tuiste van unieke mikrobiome wat moontlik die sleutel kan inhou tot grensverskuiwende ontdekkings in die veld van gesondheid en siekte. In hierdie gesprek stel **Engela Duvenage** ondersoek in na wat 'n mikrobioom is en waarom een navorsingsgroep beplan om 10 miljoen monsters van Afrika-herkoms se volgorde te bepaal. Hierdie monsters is afkomstig van riviere en afvalwater-suiweringsaanlegte en selfs jong kinders uit kwesbare gemeenskappe én Antarktika. Uiteindelik is dit dié mikro-organismes wat almal met mekaar verbind.

6 OKT 18:30

LASERS - DIE TOPPUNT VAN TEGNOLOGIE WAT BEMAGTIG

Net 'n speelding. 'n Oplossing op soek na 'n probleem. Só is die uitvinding van die eerste werkende laser in 1960 beskryf. Vandag vorm hierdie ongelooflike tegnologie 'n hoeksteen van die moderne tegnologie – van telekommunikasie, gesigsherkenning en outonome motors tot die neerskiet van hommeltuie in oorlogsgebiede. In hierdie gesprek verken die wetenskapsjoernalis en skrywer **Engela Duvenage** die grense van die (on)moontlike saam met laserfisici van die Stellenbosse Fotonika-instituut.

7 OKT 18:30

PRESISIEGENEESKUNDE EN BORSKANKER

Gegewe die kompleksiteit en veranderlikheid van borskanker, is 'n tradisionele een-behandeling-vir-almal dikwels ontoereikend. In hierdie gesprek bekyk **Engela Duvenage** die konsep van "presisiegeneeskunde" as belowende benadering wat pasiëntprognose en -sorg aansienlik kan verbeter deur voorkomings- en behandelingstrategieë aan te pas op grond van individuele genetiese, patalogiese, omgewings-, en leefstylfaktore. Iemand wat drie soorte kanker oorleef het, sal haar ervaring van hierdie behandelingsbenadering met ons deel.

8 OKT 18:30

STELLENBOSCH-DORPSGESPREKKE



NUWE BESEMS IN STELLENBOSCH-SKOLE

TWat is die grootste uitdagings waarmee skole en skoolhoofde vandag gekonfronteer word? Hoe prestasiegedrewe moet 'n skool wees en hoe vind jy die balans tussen akademiese uitnemendheid en die breër behoeftes van leerders?

8 OKT 12:00
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ Ⓔ

S'BOSCH CORRIDOR: HOE GAAN DIE DORP OOR 30 JAAR LYK?

Met **Annemie Liebenberg, Hannes van Zyl en Jeremy Fassler**

Die paneel ondersoek die uitdagings en verken hoe stedelike beplanning verhoudings tussen mense, plekke en gemeenskappe kan hervorm.

9 OKT 12:00
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ Ⓔ

JAMESTOWN – WAAR GESKIEDENIS 'N TOEKOMS WORD

Jamestown, 'n histories landelike dorpie aan die buitewyke van Stellenbosch, dra 'n unieke erfenis van meer as 124 jaar. Gestel dié gemeenskap kan 'n bloudruk wees vir maatskaplike kohesie in Suid-Afrika – terwyl inwoners die hedendaagse uitdagings van saamleef hanteer. **Melanie du Bois** en ander inwoners van Jamestown gesels saam.

10 OKT 10:30
60 min | Netwerk24-diskoerstent
Gratis | Bespreek op Quicket Ⓐ Ⓔ

STUDENTEDISKOERS



Stellenbosch 6 tot 8 OKT 17:15
50 min | Die Khaya-kafee | Gratis

KI PRAAT ALMAL SE TAAL ÉN NIEMAND S'N

Taal is mag en identiteit, maar nie almal het gelyke geleenthede nie. KI-modelle word grotendeels in dominante wêreldtale gebruik en ontwikkel, terwyl plaaslike tale sukkel om tred te hou. Wie se woorde oorleef en hoe lyk die taalatlas van die toekoms?

6 OKT 17:15

DINK VIR JOUSELF

Ons toets idees, bevestig gevoelens en soek rigting by kunsmatige agente – maar het ons daardeur ons eie mag begin prysgee? As ons ophou om ons eie gedagtes te vertrou, hoe betree ons die arbeidsmark, waar selfstandigheid die koring van die kaf skei?

7 OKT 17:15

KYK MY IN DIE OË

Datatendense dui daarop dat jong mense minder drink en meer oefen – en koffie-raves word al hoe gewilder. In 'n wêreld vol skerms en algoritmes soek ons na nuwe maniere om mense te ontmoet. Is dit 'n doelbewuste keuse teen kunsmatige intimiteit of net 'n ander vorm van ontvlugting?

8 OKT 17:15

TEATERGESPREKKE



In dié gratis gesprekke gesels die Toyota Stellenbosch Woordfees-direkteur en dramaturg **Saartjie Botha** met teatermakers en kunstenaars wat gesorg het vir van die opwindendste produksies op vanjaar se fees. **5 tot 9 OKT**
60 min | Netwerk24-diskoerstent | Gratis | Bespreek op Quicket

FAUSTX

Brett Bailey herinterpreteer Goethe se *Faust II* as 'n kragtige surrealistiese visuele fabel. Dit ondersoek mag, tegnologie en kapitalisme deur 'n moderne lens en beeld dr. Faustus uit as 'n tegnologie-magnaat wat inmeng met wêreldgeopolitiek en klimaatschaos. Bailey deel sy insigte en visie.

5 OKT 13:30 Ⓔ

SKANSE

Skanse is 'n nuwe toneelstuk uit die pen van **Deon Opperman** en gaan oor twee broers wat herenig word – en die ou wonde wat oopgeskeur word met die reünie. Simons se huis agter hoë mure is vol kameras en alarms – maar niks kan die onsekerheid buite hou nie. Opperman en die **geselskap** praat oor hoe om te lewe sonder om aan dinge vas te klou.

7 OKT 13:30 Ⓐ

GROOTMEISIE

Rachelle Greeff se *Grootmeisie* is vanjaar se wenner van die Reinet Nagtegaal-teksprys, die grootste teatertekspris in Suid-Afrika. Sy het die prys vantevore gewen vir *Die naaimasjien*. Greeff, **Lee-Ann van Rooi** (die regisseur) en **die geselskap** vertel meer oor die wenteks, verwerping, vervreemding en vergifnis.

6 OKT 12:00 Ⓐ



Grootmeisie

DIE ANDER DOGTER

Die immergroen ikoon **Sandra Prinsloo** is te sien in die verwerking van die Nobelprys-wenner Annie Ernaux se *l'Autre Fille*, uit die Frans vertaal deur **Naòmi Morgan.** Op 10-jarige ouderdom vind 'n dogter uit sy het 'n ouer suster gehad wat oorlede is. In 'n aangrypende brief aan dié suster besin Ernaux oor verlies, ouers en sibbe. Prinsloo en Morgan vertel meer.

7 OKT 12:00 Ⓐ

ATROPA

Atropa verken 'n wêreld wat verskeur is deur oorlog, ongelykheid en die nalatenskap van kolonialisme. Tom Lanoye se herbesinning van die Trojaanse oorlog is 'n radikale aanklag teen die hedendaagse magsug, patriargie en die politiek van geweld. Die regisseur, **Marthinus Basson,** en **die geselskap** deel hulle insigte.



9 OKT 13:30 Ⓐ

RADIO



BOK RADIO

Op Vrydag **9 Oktober** kuier die span van Bok Radio regstreeks by die Toyota Stellenbosch Woordfees, en tussen 10:00 en 16:00 kan jy vir jou gunsteling-omroeper van Bok Radio kom dagsê by by die BokWa voor die Erfurthuis. Sien jou daar!

RSG

Ons praat met mense wat 'n verskil maak, hou jou op die hoogte van sake, hoor jou menings en vertel interessante stories. RSG saai regstreeks uit vanaf die RSG/ATKV-vierkant by die US Museum. Kom kyk en luister gratis na jou gunsteling-aanbieders in lewende lywe. Toegang is gratis. **4 tot 11 OKT**

RADIO TYGERBERG 104FM

Radio Tygerberg 104FM saai van **3 tot 8 Oktober** sekere programme regstreeks uit van die Toyota Stellenbosch Woordfees. Maak seker jy is ingeskakel om op die hoogte te bly van feesgebeure en te luister na onderhoude en insiggewende gesprekke met van die akteurs en kunstenaars wat by vanjaar se fees optree. Laai gerus die app af om enige plek, sonder moeite, na Radio Tygerberg 104FM te luister.





RSG/ATKV-vierkant

Die RSG/ATKV-vierkant is 'n hoogtepunt by die 2026 Toyota Stellenbosch Woordfees. Dit is 'n gesellige kuierplek by die Universiteit Stellenbosch-museum waar stories, musiek en mense saamkom. Van 3 Oktober tot 10 Oktober is daar daagliks storietyd vir jong lesers met Lalla Lees, terwyl geliefde en bekende kunstenaars soos Jak de Priester, Anna Davel, Joshua na die Reën en vele meer daagliks optree.. RSG saai regstreeks vanaf die vierkant uit met gewilde programme soos *Op en Wakker, Spektrum, Kommentaar, Driesestig, Naweekaktueel* en *RSG-Landbou*.

Kom luister, kuier en ontmoet bekende RSG-stemme soos Martelize Brink, Christelle Webb-Joubert, Carla Mackenzie, Gustav Greyling, Renske Jacobs en Suzanne Paxton.





RSG/ATKV-vierkant

Kom luister, kuier en ontmoet bekende RSG-stemme soos Martelize Brink, Christelle Webb-Joubert, Carla Mackenzie, Gustav Greyling, Renske Jacobs en Suzanne Paxton.

Saterdag 3 Oktober

10:00	Christelle Webb-Joubert gesels met verskeie gaste
13:00	RSG: *Naweekaktueel*
14:00	Jak de Priester

Sondag 4 Oktober

10:00	*Die Reine Wynheid* met Martelize Brink, gaste en verskeie kunstenaars
14:00	Deon Meiring
20:00	RSG: *Kommentaar*

Maandag 5 Oktober

07:00	RSG: *Op en Wakker*
10:00	Deon Meiring
11:00	Selby Williams
12:00	RSG: *Spektrum*
13:00	RSG: *Driesestig*
17:15	VIA: *Bier-uur*

Dinsdag 6 Oktober

07:00	RSG: *Op en Wakker*
10:00	Frieda van den Heever
11:00	Christelle Webb-Joubert
12:00	RSG: *Spektrum*
13:00	RSG: *Driesestig*
15:30	RSG: *Kuns met kontant*
17:15	VIA: *Bier-uur*

Woensdag 7 Oktober

07:00	RSG: *Op en Wakker*
10:00	Anna Davel
11:00	Konstant Wiesner en Mark Pekeur
12:00	RSG: *Spektrum*
13:00	RSG: *Driesestig*
15:30	RSG: *Kuns met Kontant*
17:15	VIA: *Bier-uur*

Donderdag 8 Oktober

07:00	RSG: *Op en Wakker*
10:00	Joshua na die Reën
11:00	Jak de Priester
12:00	RSG: *Spektrum*
13:00	RSG: *Driesestig*
17:15	VIA: *Bier-uur*

Vrydag 9 Oktober

07:00	RSG: *Op en Wakker*
10:00	*RSG-Landbou*
11:00	Stephanie Baartman
12:00	RSG: *Spektrum*
13:00	RSG: *Driesestig*



Saterdag 10 Oktober

10:00	*RSG-Landbou*
11:00	Almero Welgemoed
12:00	Leon Ferreira
13:00	RSG: *Naweekaktueel*
14:00	Petronel Baard















LEEFSTYL
II
IV



TOYOTA STELLENBOSCH WOORDFEES LANGTAFEL

Die Langtafel word weer onder die eike – tussen die pragtige ou geboue van Ryneveld-straat – gedek met feestelike kos, musiek en samesyn. Vanjaar is **Mynhardt Joubert** se spyskaart geïnspireer deur die feestema: Dis hoog tyd dat ons weer saam aan tafel mekaar in die oë kyk en die glase hoog lig op hierdie mooi lewe. Gaste ontvang by hulle aankoms 'n komplimentêre glas wyn of vonkelwyn. Bespreek vroegtydig jou plek aan dié tafel.

Ondersteun deur **Stellenbosch-wynroetes, Deli-Co, Fairview, Rijk Zwaan**

2 OKT 18:30
240 min | Ryneveldstraat
R1 300-R1 650



AANDWANDELING

Pietman Retief neem feesgangers namens die Stellenbosch-museum op 'n lieflike aandwandeling deur die middedorp. Soos hy deelnemers deur die bekende strate begelei, gesels hy oor die geskiedenis van die historiese geboue en vertel interessante staaltjies oor die dorp. Bring gemaklike stapskoene en 'n trui.

6 OKT 18:00
120 min | Vertrek vanaf die Dorpmuseum, Ryneveldstraat 18
R150 | R180 by die deur Ⓐ

ARGITEKTONIESE WANDELING

Wil jy self beleef hoe opwindend-interessant geboue die storie van 'n dorp kan vertel? Die kultuur-historikus **Matilda Burden** sal jou met nuwe oë laat kyk na die hart van die Eikestad met sy argitektoniese juwele. Twee verskillende roetes word op alternatiewe dae aangebied:

ROETE 1: OM DIE BRAAK
3 OKT 17:00 | **6 OKT** 17:00
8 OKT 10:00 & 17:00
50 min | Vertrek vanaf Erfurthuis, Ryneveldstraat
R60 | R90 by die deur

ROETE 2: MIDDEDORP
5 OKT 17:00 | **6 OKT** 10:00
7 OKT 17:00 | **9 OKT** 10:00
80 min | Vertrek vanaf Erfurthuis, Ryneveldstraat
R60 | R90 by die deur Ⓐ

BOTANIESE GELLIPLAAT-DRUKWERKSESSIE

Die kunstenaar en fasiliteerder **Carol Strydom** nooi jou om 'n wêreld van tekstuur en lig te betree terwyl jy die kuns van gelliplaat-drukwerk bemeester. Jy sal leer hoe om dié unieke medium te gebruik en met 'n spesiale buigsame plaat fyn botaniese besonderhede en gelaagde pigmente op papier oor te dra. Die werksessie bied die perfekte balans tussen tegniese vaardigheid, kreatiewe vloei en pret, en stel jou in staat om die tydlose essensie van die natuur vas te vang deur 'n praktiese drukproses. Alle materiaal word voorsien en geen ervaring is nodig nie.

7 OKT 10:00
180 min | Rupert-museum
R1 200 | Geen o.18 Ⓐ Ⓔ

AN EVENING OF ELEGANCE: A TASTE OF HISTORY WITH ANNANDALE WINES


Keer terug na die vroeë 1800's by die Stellenbosch-museum se pragtig bewaarde Grosvenor-huis vir 'n aand van onvergeetlike kulinêre en kulturele bederf. Sluit by ons aan vir 'n tradisionele tweegangmaaltyd, met vyf voortreflike wyne van die historiese Annandale wynlandgoed as pasmaats en omring deur die tydlose elegansie van 19de eeuse dekor. Verwag veel meer as 'n feesmaal – dis 'n sjarmante reis deur tyd en smake.

7 OKT 18:00
240 min | Grosvenor-huis
R1200

BILTONG & DIOR EN BALLADES MET RAAF

As grootoogseun in die ou Oos-Transvaal het **Louis Jansen van Vuuren** nooit kon dink hy sal eendag 'n château in die Franse platteland besit nie. Kom luister na sy kostelike vertellings oor sy lewe in Frankryk, terwyl jy smul aan uithang sjefsete met heerlike wyn op Die Stoep by die wonderskone Vriesenhof-wynplaas. **Esté Raaf** vra Van Vuuren uit oor die Franse se vreemde gewoontes en ander brokkies uit sy jongste boek, *Biltong en Dior*. Daarna is dit balke toe met 'n paar lekker musikale ballades deur **Raaf**.

11 OKT 11:30
180 min | Die Stoep, Vriesenhof-wynplaas
R750



EERSTE LIG

Met **Zorada Temmingh**

Begin die dag met stilword by strelende orrelmusiek terwyl die eerste lig deur die kleurglasvensters van die Moederkerk val. Steek 'n kersie aan vir 'n geliefde of 'n gedagte. Op Vrydag 9 Oktober sal Nagmaal bedien word. Die koffiestalletjie sal elke dag oop wees.

6, 8 & 9 OKT 06:30
45 min | Moederkerk
Gratis

FEES VAN DIE WOORD: MOEDERKERK-EREDIENSTE

Die **Moederkerk Stellenbosch** neem deel aan die Toyota Stellenbosch Woordfees met twee besonderse eredienste wat fokus op die volheid van tyd en ruimte.

4 OKT Die volheid van tyd
In die Pleroma van tyd is die kernvraag: Wanneer word tyd hoog tyd? Tyd is gewoonlik net chronologie – minute en dae. Maar soms gebeur iets anders – die tyd word ryp, of soos Galasiërs 4:4 dit stel: "Toe die volheid van die tyd gekom het…" Die koor Viva Cantare onder leiding van Xander Kritzinger sluit by ons aan.

11 OKT Die volheid van ruimte
In die Pleroma van ruimte is die kernvraag: Waarmee vul ons ruimte? Die Bybel begin met ruimte wat leeg is: "woes en leeg". Die hele Bybelse verhaal is eintlik hoe God ruimte vul: lig vul duisternis, lewe vul aarde, Gees vul mense. Kom luister hoe woord en musiek die ruimte van die Moederkerk vul. Efesiërs 1:23 lui: "Die volheid van Hom wat alles in almal vervul."

4 & 11 OKT 09:30
60 min | Moederkerk
Gratis

DAGBREEK-STRAATMYL

Die 15de Dagbreek-straatmyl word vanjaar weer in die boomryke Victoriastraat gehardloop. Daar is 7 wedlope met altesame 17 afdelings – van o.10 tot Meesters. Kom neem deel of kyk hoe ander hardloop by hierdie prettige geleentheid met musiek, vermaak en pryse. Vanjaar vereer ons die middelafstand-legende Sydney Maree, wat op 28 Augustus 1983 die wêreldrekord vir die 1 500 m opgestel het. Bel Francois by 083 368 5948 vir meer inligting, of stuur e-pos na francois_fouche@hotmail.com.

Ondersteun deur **Sportmans Warehouse, Seeff Stellenbosch**

7 OKT 16:30
120 min | Victoriastraat
Gratis vir toeskouers





FEESHONDE

Met die **Dierewelsynvereniging Stellenbosch (AWSS)**

Mahatma Gandhi se beroemde woorde “Die grootsheid van ’n nasie en sy morele vooruitgang kan gemeet word aan die manier waarop hy sy diere behandel”, is ook die oortuiging waarvolgens die AWSS optree. Hulle stalletjie by die Khaya-kafee verteenwoordig die werk wat hulle in die plaaslike gemeenskap doen om die slegte behandeling van diere te voorkom, goedhartigheid en bedagsaamheid teenoor diere aan te moedig, die gesondheid van diere te verbeter, en die gemeenskap op te voed. Besoek die stalletjie om van hulle oulike honde te ontmoet wat beskikbaar is vir aanneming en kom woon een van ons hondvriendelike geleenthede en hondestaptogte by met ’n viervoet aan jou sy.

5 tot 10 OKT | Die Khaya-kafee
Gratis





HANNONS ROADSHOW

Suid-Afrika se eie Glam Guru, **Hannon Bothma,** k wys vir vroue hoe maklik dit is om elk asties te lyk. Hy glo elke vrou is t gewys word hoe om dit uit t *Roadshow* is ’n mooimaak- t sy produkreeks. Hy kies oor en wys hoe elkeen sogge p met ’n volumehaarstyl, versorg , en glansgrimering haar dag beter kan begin.

GEKANSELLEER

7 OKT 10:00
60 min | Drostdy-teater
R200 | R230 by die deur

Ⓐ

HANNONS: VARS GESPYKER

’n Uur van **Hannon Bothma** se stories, staaltjies mooimaakwenke. Kom beleef hom wa sy tipiese lekkerlag-styl ’n k der kant van sy wêreld. Ve fiasko’s in salonne en op t oor hoe om sy “vars gespy te bemeester.

GEKANSELLEER

8 OKT 10:00
60 min | Drostdy-teater
R200 | R230 by die deur


Ⓐ



JOHNMAN-TUINTOER

Ontdek die sjarme en inspirasie van die geskiedkundige Johnman-tuin agter die witgekalkte mure in Hertestraat. Water uit die leiwatersloot gee al dekades lank lewe aan dié tuin – kom beleef die ouwêreldse karakter daarvan in die hart van Stellenbosch, en geniet die pragtige ou bome en beddings vol snyblomme. Die tuinier hier, **Pietman Diener,** vertel meer oor die geskiedenis van die tuin. Stap saam en geniet tee en skons as deel van die tuintoer.

6 OKT 10:00
120 min | Johnman-tuin
R310 Ⓐ Ⓔ



KLEURGLASVENSTERS VAN DIE MOEDERKERK

Oor son en sterre, duiwe en druiwe, visse en vlamme, windpomp en weerlig, kandelaar en kers... watter verhale vertel die vensters? Die kleurglasvensters van die Stellenbosse Moederkerk is kunswerke wat ryk is aan simbole. **Zorada Temmingh** se blik op die simboliek in die vensters ontsluit verrassende interpretasiemoontlikhede – veel meer as dié wat opgeskryf is sedert die installasie van die eerste vensters ongeveer 50 jaar gelede. Kom stap saam met Zorada en en ontdek 'n diepte van betekenis en inspirasie binne die ikoniese vensters se stories.

4 OKT 11:00 | **7 OKT** 09:00
11 OKT 11:30
60 min | Moederkerk
R120 | R150 by die deur Ⓐ Ⓔ



’N LAVENTEL-ERVARING

Kom beleef Canettevallei se laventel-landerye in volle blom! Die laventelboer **Ingrid de Waal** vertel meer oor laventelsoorte, laventelprodukte en die helende waarde daarvan. Na afloop van die praatjie demonstreer sy hoe om jou eie bossie laventel te pluk en te laat hou. Gedurende dié sensoriese en terapeutiese ondervinding wat jou in Moeder Natuur anker, sal jy oorrompel word deur die geur en kleur van die blomme en die klanke van die plaas – en vir ’n oomblik van die alledaagse of jou troebel gemoed vergeet. Alle toerusting word verskaf; bring slegs ’n sonhoed en kamera saam. Die prys sluit ’n laventel-latte in.

5 OKT 09:00 | **7 OKT** 09:00
8 OKT 09:00
75 min | Canettevallei-laventel-en-wynplaas, Stellenboschkloofpad, Vlottenburg
R185 Ⓐ Ⓔ





MAAK BOERSEEP MET CANETTEVALLEI

Leer saam met die ervare seepmaker **Ingrid de Waal** die geheime van tradisionele boerseepmaak volgens die kouewatermetode. Die kursus is bedoel vir beginners en is volgeprop met inligting en wenke. Jy gaan huis toe met jou eie boersepie en ’n bossie laventel wat jy self na afloop van die werksessie in ons laventellandery kan pluk. Alle gereedskap word verskaf. Bring ’n handdoekie saam waarin jy jou sepie kan toe draai om dit huis toe te vat.

3, 6 & 10 OKT 09:00
240 min | Canettevallei-laventel-en-wynplaas, Stellenboschkloof-pad, Vlottenburg
R1 200 Ⓐ Ⓔ



MEDITASIE IN DIE DYLAN LEWIS-BEELDETUIN

Dylan Lewis het gesê: "Nature is church without dogma, connecting us with our authentic self." Kom word saam stil tussen die imposante beeldhouwerke in die kunstenaar se fynbostuin, omring deur die grootse Stellenbosch- en Helderberg. **Jan van Zyl,** predikant en mindfulness-fasiliteerder, maak die deure van die natuurkerk oop om ons in stilte en meditasie deur hierdie katedraal te begelei. Trek gemaklik aan en bring 'n hoed, jogamat en waterbottel saam.

7 OKT 08:00
150 min | Ontmoet 30 minute voor die aanvang van die toer by die Kochstraat-pendeldienshalte
R380 Ⓐ Ⓔ



MEER AS WARMGLOEDE

JOU LIGGAAM, JOU BREIN, JOU HORMONE

Hierdie gesprek, wat voortbou op die kykNET-dokumentêr *Meer as warmgloede*, bring toonaangewende mediese kenners bymekaar om oop en eerlik te gesels oor wat werklik in 'n vrou se liggaam en brein gebeur tydens peri-menopouse en menopouse. Van hormonale verskuiwings en breinwaas tot slaap, gemoed en seksuele gesondheid – ons verhelder die wetenskap sonder sensasie. Saam met die kenners herinner **Tillie Smit** ons daaraan dat daar agter elke mediese feit ook 'n geleefde ervaring is. Die gesprek word gefasiliteer deur **Antoinette Louw,** wie se eie ontdekkingsreis die hart van die dokumentêr vorm. Hierdie is die gesprek wat vroue lank reeds in die openbaar wil voer – in Afrikaans, met helderheid en sonder skaamte.

Ondersteun deur **kykNET, MrsKing Productions**

6 OKT 10:00
60 min | Hofmeyrsaal
R200 | Geen o.14 Ⓐ


Antoinette Louw

MEER AS HORMONE

Om te weet wat in jou liggaam gebeur, is slegs die begin. Hierdie gesprek verken die voller prentjie van wat dit beteken om in die middeljare te floreer, van *mindfulness*, beweging en kreatiwiteit tot die rol wat ondersteuningsgroepe speel. **Antoinette Louw** word vergesel deur **Winnie Nel** wat gesels oor die krag van stilte en meditasie, **Karin Struwig** oor menopouse-afrigting en doelbewus lewe, en **Amelia van Zyl** (fasiliteerder), 'n lewensafrigter wat vroue help om mekaar te ondersteun.

Ondersteun deur **kykNET, MrsKing Productions**

8 OKT 10:00
60 min | Hofmeyrsaal
R200 | Geen o.14 Ⓐ

MIXED MEDIA ART WORKSHOP

Sluit aan by die kunstenaar **Carol Strydom** vir 'n gemengdemedia-kunswerksessie waar jy jou krea[illegible] vonk in 'n atmosfeer van sa[illegible]ie kan herontdek. D[illegible] aangebied binne[illegible] vorderlik is vir selfonta[illegible]u om tekstures, kleure[illegible] in lae saam te voeg [illegible]le weerspieëling van jou pe[illegible]like verhaal. Sluit aan by 'n gemeenskap van geesgenote terwyl ons intuïsie omskep in pragtige, tydlose kuns. Alle materiaal word verskaf en geen ervaring is nodig nie.

GEKANSELLEER


6 OKT 10:00
180 min | Rupert-museum
R900 | Geen o.18 Ⓐ Ⓔ

MÔRESTOND HET GOUD IN DIE MOND

Die waarde van stilte en asemhaling word al hoe meer erken, iets wat dui op 'n groeiende behoefte aan gesonde spiritualiteit. Gaan op 'n begeleide staptog teen Stellenboschberg saam met **Jan van Zyl,** predikant en mindfulness-fasiliteerder, en **Naudé Jordaan,** fiksheidspesialis. Almal stap in stilte tot op 'n gegewe punt, waar Jan deelnemers in 'n meditasie sal begelei. Die berg word ons leermeester wanneer ons die dag sien breek en dinge uit 'n ander perspektief sien.

Bergpad: Ontmoet in Parkstraat by die ingang na die proefplaas. Bring 'n kopflits saam.

7 OKT 05:00
105 min | Ontmoet in Parkstraat by die ingang na proefplaas
Gratis



NOT JUST A PRETTY SPACE

Die US Botaniese Tuin is bekend en geliefd as 'n groen long, ontspanningsruimte en 'n droomplek vir plantkykers. Meer onlangs het die tuin ook internasionale erkenning gekry vir sy bewaringswerk. Die plantkundige **Rupert Koopman** wys hulle innoverende uitstallings wat bedreigde fynbos-ekosisteme belig, die spesiale botaniese kuns-en-fotografietentoonstelling (van 3 Oktober tot 1 November) en die prag van die laatlente-blomme in die tuin.

3 OKT 10:30 | **7 OKT** 13:30
90 min | US Botaniese Tuin
R365 Ⓔ

ONTGIN JOU DROME

Ontdek die rykdom van jou innerlike wêreld in hierdie praktiese werksessie deur die Bloemfonteinse skrywer en retreat-fasiliteerder **Zarine Roodt.** Met haar passie vir Jungiaanse beginsels leer sy jou om die "goudstof" van jou drome te ontgin vir groter selfinsig. Leer eenvoudige tegnieke om drome te onthou, aan te teken en kreatief te ontsluit. Of jy gereeld droom of sukkel om te onthou, hierdie sessie bied praktiese riglyne vir persoonlike betekenis. Bring 'n pen, notaboek, skêr, gom en 'n paar tydskrifte saam vir dié kreatiewe ontdekkingsreis.

7 OKT 10:00
180 min | Rupert-museum
R450 Ⓐ

STAP IN IDASVALLEI

Kom verken Idasvallei op 'n staptoer saam met die mense van dié buurt. Ons gaan gesels oor die natuur en ons taal en kultuur – terwyl ons die sonopkoms geniet met 'n koffie en 'n lekker koesister of roosterkoek in die hand. Wie was Ida? Wie was Francois Villion en wat het jare gelede aan die voet van Simonsberg gebeur? Waar kom die mense van dié buurt vandaan? Kom vind uit waarom Idasvallei 'n kernrol speel in die ontwikkeling van Stellenbosch en waarom die erfenis en geskiedenis van hierdie gemeenskap bewaar moet word.

Ondersteun deur **Barends&Barends, Predestined Coffee, Stellenbosch-munisipaliteit, Sifra Moda, Johannes Lakeman**

3, 6, 9 & 10 OKT | 07:30
90 min | Ontmoet 30 minute voor die aanvang van die toer by die HS Stellenbosch-padelbane in Merrimanlaan
R185

Ⓐ Ⓔ

VELDDRAF MET WOORDE

Trek jou tekkies aan en kies die hasepad in Afrikaans. By die Velddraf is jy meer as net 'n nommer: Deelnemers draf of stap met 'n unieke Afrikaanse woord uit die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) as registrasienommer. Almal is welkom – van "doekvoet" tot "donderweer" en "blitsig" tot "baanbreker"! Jy kan stap, draf of strompel, en as jy nie juis pure perd voel nie, kan jy die 100 m eeuloop teen enige pas oorweeg om 100 jaar van die WAT te vier.

11 OKT 08:00 | R200 Vastrap 10 km
08:15 | R150 Japtrap 5 km
09:15 | R50 WAT-eeuloop 100 m
09:30 Prysuitdeling

Dornier-wynlandgoed

Moontlik gemaak deur **EasyEquities, CN&CO**

STYLVOL MET SELFVERTROUE

Met **Annelize Kotze** van **A Look and Feel Styling @alookandfeel**

Nuttige raad vir almal wat wil goed voel in hulle klere. Het jy al ooit voor 'n vol klerekas gestaan en gevoel jy het niks om aan te trek nie? Sluit dan aan by **Annelize Kotze** vir 'n praktiese en inspirerende stylwerksessie vir vroue wat vasgevang voel in 'n groef en nie meer seker is hoe om hulle klerekas vir hulle te laat werk nie. Die fokus is op eenvoudige, alledaagse styltruuks wat jou meer selfversekerd laat voel. Verwag praktiese raad en wenke, maar ook stylinspirasie wat jy dadelik kan begin toepas.

9 OKT 18:00
60 min | Hofmeyrsaal
R295 | R325 by die deur

Ⓐ Ⓔ

WHERE TRIPLE THREE SPIRITS MEET THE PLATE

Sluit aan by meester-distilleerder **Rolf Zeitvogel** en sjef **Tiaan Langenegger** vir 'n insiggewende gesprek waar spiritualieë en kos bymekaarkom. Terwyl hulle kook, stories deel en idees uitruil, sal hulle kreatiewe maniere demonstreer om drie Triple Three-spiritualieë in kos te gebruik – nie net as drankies nie. Gaste sal ook die geleentheid kry om die geurige eindprodukte te proe.

10 OKT 18:00
60 min | Hofmeyrsaal
R260

WAAG JOU HAND AAN MEMOIRES SKRYF

Droom jy daarvan om jou lewensverhaal as nalatenskap vas te lê? Sluit aan by die Bloemfonteinse skrywer en *retreat*-fasiliteerder **Zarine Roodt** vir 'n praktiese memoires-werksessie wat ideaal is vir beginners. Ontdek hoe om herinneringe te ontsluit, jou unieke stem te vind en struikelblokke soos sensitiewe inligting te hanteer. Jy leer om 'n tydlyn te skep en die kern van jou storie te kies. Bring jou skootrekenaar of joernaal, 'n pen en 'n kosbare kleintydfoto saam om hierdie kreatiewe reis te begin. Geen vorige skryfervaring is nodig nie.

6 & 8 OKT 10:00
180 min | Rupert-museum
R450 Ⓐ

WRITE A RIVER. PAINT A POEM

GEKANSELLEER

In hierdie werksessie met **Diane Harper** word ve orme van visuele taal gekor persoonlike respons te gee op ent van die Dylan Lewis-beelde sal hulle eie konsertina-ske waarin geskrewe uitdrukking i ander soorte merktegnieke y word, met natuurlike en meer konvensionele materiale. Die doel is om die ekspressiewe repertorium te verdiep en uit te brei, terwyl deelnemers dit ook gate uit geniet.

3 OKT 14:00
180 min | Dylan Lewis-beeldetuin
Ontmoet 30 minute voor die aanvang van die toer by die Kochstraat-pendeldienshalte
R1 100 (tee en koffie asook alle materiaal word verskaf)

KOSERVARINGS




BELLA'S KITCHEN

Aangebied deur
Penguin Random House

Bella's Kitchen is **Isabella Niehaus** se liefdesbrief aan die mense wat belangrik is in haar lewe, maar ook aan haarself. Dit is deels 'n kookboek en deels 'n oordenking van elke stadium van haar lewe – van haar grootworddae op die Vrystaatse platteland en haar tyd as glansryke moderedakteur en liefdevolle moeder tot suksesvolle restaurantgasvrou en bekroonde skrywer. **Reuben Riffel** sal met Bella gesels. Sluit by ons aan vir haar stories en 'n demonstrasie van 'n paar heerlike resepte.

7 OKT 10:00
90 min | Hofmeyrsaal
R250 Ⓐ Ⓔ



BILTONG, DIOR EN BAGUETTE

Aangebied deur **Tafelberg-uitgewers**

As grootoogseun in die ou Oos-Transvaal het **Louis Jansen van Vuuren** nooit kon dink hy sou eendag 'n château in die Franse platteland besit nie. Kom luister na sy kostelike vertellings oor sy lewe in Frankryk, terwyl jy weglê aan varsgebakte baguettes met fynproewersvulsels en heerlike wyn by die wonderskone KleinBlouKlip-landgoed. **Jak de Priester** vra Van Vuuren uit oor die Franse se vreemde gewoontes en ander brokkies uit sy jongste boek, *Biltong en Dior*.

7 OKT 11:30
180 min | KleinBlouKlip-plaas
R500 Ⓐ

ELMARIE BERRY KOOK

Sluit oor middagete aan by die bekroonde kosboekskrywer, stilis en resepontwikkelaar **Elmarie Berry** vir 'n voorsmakie van alles wat haar wêreld mooi en lekker maak. Berry is die skrywer van *Kosbaar* (2024) en *The Table* (2025), wat verlede jaar by die Gourmand-toekennings bekroon is as die beste Mediterreense kookboek ter wêreld. Haar kookkuns is 'n vermenging van haar Suid-Afrikaanse en Libanese koserfenis, en sy is bekend vir hoe sy elke ete in 'n onvergeetlike ervaring omskep. In hierdie demonstrasie wys sy jou hoe – en jy kan na hartelus proe!

10 OKT 12:30
90 min | Hofmeyrsaal
R350 Ⓐ Ⓔ

DIE HISTORIESE BRAAIBROODJIE

Kom proe en luister hoe 'n resep wat uit meer as 300 jaar se gekiedenis ontwikkel is. **Frans de Villiers**, skrywer van *Die geskiedenis van braaibroodjies*, vertel hoe hy vir sy boek 'n braaibroodjie ontwikkel het waarvan elke bestanddeel aan 'n historiese resep, gebruik of verhaal uit ons verlede gekoppel is. Van brood en kaas tot tamatie, ui, blatjang en vuur, elke laag het sy eie geskiedenis. Frans maak die historiese braaibroodjie en vertel terselfdertyd die verrassende stories agter die bestanddele.

9 OKT 10:00
60 min | Hofmeyrsaal
R100 | R130 by die deur

FIRE FOR LIFE: GUT HEALTH

Aangebied deur
Human & Rousseau en **FIRE**

Sluit aan by die gesondheidsafrigters van *Fire for Life* vir 'n insiggewende gesprek oor *Gut Health – The South African Guide*, met **dr. Stef Snyman** en **dr. Stephen Schmidt** oor Schmidt en Vickie de Beer se boek met praktiese wenke oor hoe jy jou gesondheid kan verbeter deur gefermenteerde kos te eet. Fermentasie verhoog mikrobioomdiversiteit en ondersteun die immuunfunksie, en in hierdie praktiese demonstrasie sal jy leer hoe om suurkool, gefermenteerde groente en kefir te maak. Proe ook aan lekker gefermenteerde happies en gebruik die geleentheid om die kenners uit te vra.

6 OKT 15:30
90 min | Hofmeyrsaal
R250 Ⓐ Ⓔ

JENNY MORRIS: GREEDY GIRL

Aangebied deur **Penguin Random House**

Die geliefde TV-sjef **Jenny Morris**, wat in die volksmond bekend staan as die Giggling Gourmet, kook uit haar sewende boek, *Greedy Girl*. Die resepte is geskryf in haar kenmerkende styl – soms soet, soms stout, maar altyd spitsvondig – en gegeur met Griekse, Marokkaanse, Franse en Suid-Afrikaanse invloede. Jenny gaan met haar lewensmaat, **Gordon Hiles,** gesels en van haar persoonlike gunstelinge uit *Greedy Girl* voorsit. Bespreek jou kaartjie en sluit aan by die geledere van bekendes soos prins Charles, Graham Norton en Thabo Mbeki wat almal al Jenny se fantastiese kookkuns geniet het.

8 OKT 15:30
90 min | Hofmeyrsaal
R250 (E)

KNUPPELDIK AAN KINKELKOS

Sluit aan by die *Kokkedoor*-wenners **Hanna** en **Dirk van der Westhuizen** vir 'n onvergeetlike langtafelervaring by KleinBlouKlip. Vier die bekendstelling van hulle nuwe resepteboek, *Knuppeldik aan kinkelkos*, met 'n vyfgang-feesmaal geïnspireer deur die Karoo, familieherinneringe en kreatiewe kinkelkos. Verwag hartlike stories, verrassende geregte, uitstekende wyne en 'n aand vol musiek, nostalgie en moderne Suid-Afrikaanse kook-kuns. 'n Eksklusiewe viering van kos, wyn, kultuur en die geure wat mense om 'n tafel saambring.

Ondersteun deur **KleinBlouKlip** en die eienaars, **Carel Nolte** en **Rikus Kok**

10 OKT 18:00
180 min | KleinBlouKlip-plaas
R1 500
Geen o.18 (A)

LIVING THE ULTIMATE CARNIVORE LIFESTYLE

Aangebied deur **Penguin Random House**

Die karnivoor-dieet word bemark as 'n radikale benadering tot gesondheid, genesing en vetverlies. In werklikheid is dit bloot 'n kragtige, gestroopte vorm van ketogenies eet (keto): basies geen koolhidrate nie, voedingstofdig, vry van gemorskos en verfrissend eenvoudig. Die skrywer **Hendrik Marais** sal jou help om hierdie leefstyl te bemeester. Kom luister hoe hy die wetenskap en sielkunde daaragter verduidelik, aangevul deur sy eie praktiese ervaring, en kom proe aan happies wat inpas in die karnivoorleefstyl.

6 OKT 12:30
90 min | Hofmeyrsaal
R250 (A) (E)

MONDVOL MET ANDRIETTE GEORGIOU

Kom geniet 'n heerlik bak-ervaring vol koekies, stories, proeë en geheime bakwenke saam met **Andriette Georgiou,** stigter van die koekiemaatskappy Mondvol. Geniet varsgebakte lekkernye en leer 'n paar van Mondvol se geheime in 'n warm, vrolike atmosfeer.

Ondersteun deur **Mondvol**

9 OKT 12:30 & 15:30
45 min | Hofmeyrsaal
R210 (A) (E)



Andriette Georgiou

NO THANK YOU TO OBESITY

Marinda Engelbrecht was oorgewig – tot sy reg leer kook en eet en in die proses 53 kg verloor het. Kom proe lekker happies uit haar wetenskaplik gefundeerde kookboek *No Thank You to Obesity* wat sy met die hulp van twee dieetkundiges en 'n internis geskryf het. Leer om praktiese, volhoubare veranderinge aan te bring terwyl jy steeds smaaklike geregte soos kaaskoek, smoothies en pasta kan geniet. Marinda gesels met die dieetkundiges **Lindie Mosehuus** en **Chané Bothma** asook **dr. Rust Theron.**

7 OKT 15:30
90 min | Hofmeyrsaal
R150

Ⓐ Ⓔ



PARADISE

Aangebied deur **Penguin Random House**

Kos gaan oor soveel meer as bloot voeding. Dit gaan ook oor genot, oor troos en verbintenis. Oor kultuur en tradisie. Dis 'n kookboek vir diegene wat nie net te leef nie, maar ook lekker wil dekadent en lewendig en oorspronklik wil eet. Dit is tropies. Dit is Afrika, met Sluit aan by **Kenneth Tebogo Seleteton** vir 'n demonstrasie uit die boek en 'n proeseltjie van die paradys.

GEKANSELLEER

9 OKT 10:00
90 min | Hofmeyrsaal
R350

Ⓔ



PASTA, POËSIE EN DIE PLATTELAND

Kom sit aan by 'n intieme langtafel op die pragtige plaas KleinBlouKlip, waar kos, liefde en woorde saamvloei in 'n onvergeetlike plattelandse ervaring. **Sean van Noordwyk** en **Armand Aucamp** verweef die kuns van vars pasta maak met voorlesings van hulle gunsteling-liefdesgedigte. Terwyl die deeg geknie en geure stadig ontwikkel, word stories gedeel. 'n Viering van eenvoud, samesyn en die mooi van die alledaagse. Verwag langtafels, goeie wyn, sagte lig en die ritme van die plaaslewe as agtergrond vir elke woord en happie.

9 OKT 18:00
180 min | KleinBlouKlip-plaas
R660

Ⓐ



RECIPES TO LIVE FOR

'N TANNIE MARIA-RESEPTEBOEK

Aangebied deur **Penguin Random House**

Die Gourmand-bekroonde *Recipes to Live For* bevat resepte uit **Sally Andrew** se eerste vier *Tannie Maria*-blitsverkopers, asook 'n paar splinternuwe byvoegings. Baie van die geregte is tradisionele Suid-Afrikaanse resepte wat stadig berei word, maar daar is ook vinnige etes en nuwe uitvindsels – van weerligkoek tot spekboomroomys. Sluit aan by Andrew vir sappige agter-die-skerms-inligting, en proe dan van 'n paar kulinêre bederfies, waaronder Tannie Maria se beroemde Venus-koek wat op die voorblad van *Recipes to Live For* pryk.

5 OKT 12:30
90 min | Hofmeyrsaal
R250 (E)

RETRO KAROO FOOD

Aangebied deur **Penguin Random House**

In elke ou Karoohuis lê die herinneringe van dinge wat daar gebeur het. Hulle voordeure is 'n poort tot die misterie wat binne skuil, die lewens wat daar gelei is en die stories wat afgespeel het in die ruim kamers met hulle houtvloere. Kom luister na die skrywer, kosredakteur en dramaturg **Tony Jackman** terwyl hy skaapstertjies en sy spesiale parmesaanskorsies maak, en kom proe die liefde en gees van die Ou Garob.

10 OKT 15:30
90 min | Hofmeyrsaal
R350 (E)

SIMPLY MORE ZOLA

Aangebied deur **Penguin Random House**

Van jou TV-skerm tot die Woordfees-demonstrasiekombuis: **Zola Nene**, *MasterChef SA*-beoordelaar en skrywer van vier kookboeke, maak resepte uit haar nuutste boek, *Simply More Zola*. Nene is bekend vir kos wat soos 'n tuiskoms voel – vrygewig, toeganklik en fyn afgerond. In hierdie intieme demonstrasie met slegs 40 gaste gaan sy kook, stories deel en proe-happies voorsit. Kom vir die kos en vertrek met die beste herinneringe!

10 OKT 10:00
90 min | Hofmeyrsaal
R300 (E)

SPEELKAMERSESSIES MET BERTUS BASSON

Die stersjef **Bertus Basson**, wat bekend is vir sy agt uiteenlopende restaurante en TV-reekse soos *In die sop*, *Ultimate Braaimaster* en *Kokkedoor*, bied vanjaar weer sy gewilde speelkamersessies aan. Kom beleef 'n kookdemonstrasie in sy hoogaangeskrewe Eike-restaurant waar hy spesialiseer in eg Suid-Afrikaanse geregte met 'n kreatiewe kinkel. Hy gaan nie net wys hoe om met kos te toor nie – gaste sit ná die demonstrasie ook aan by 'n heerlike feestafel.

7 tot 10 OKT 12:00
120 min | Basson & Co
R1 400 (A)

TAMATIESTRAAT: TUSSEN-IN-BETWEEN

Tussen-in-Between is meer as net 'n kookboek – dis 'n uitnodiging om die eenvoudige oomblikke van elke dag aan te gryp. In hierdie boek deel **Reinée Terreblanche-Brand** die storie van Tamatiestraat, maar vertel ook meer van hulle persoonlike reis met vrugbaarheidsbehandeling, aanneming en die soeke na balans – alles terwyl sy opgewonde raak oor die perfekte happie, een toebroodjie op 'n slag! Kom proe en kuier saam terwyl Reinée van haar gunstelingresepte uit *Tussen-in-Between* demonstreer.

5 OKT 15:30 | **8 OCT** 20:15
90 min | Hofmeyrsaal
R360 (A) (E)

THE JOURNEY

Aangebied deur **Penguin Random House**

The Jo is 'n viering van **Naqiyah Mayat** se debuutroman die Indiese kookkuns terwyl jy haar unieke styl ontdek. Hierdie ver voudige én dekadente Indie engsel van nostalgie met 'n e, wat wys hoe die kern van die ookkuns oor geslagte (en kulture) heen rgedra kan word – met elkeen wat 'n unieke eie styl, smaak en aanbieding byvoeg. Sluit aan by Mayat vir 'n demonstrasie in haar kenmerkende styl wat luuksheid, elegansie en skoonheid kombineer vir 'n onvergeetlike smaakervaring.

GEKANSELLEER

7 OKT 12:30
90 min | Hofmeyrsaal
R300 (E)

VIA



BIERUUR MET BEER

Aangebied deur **VIA**

VIA se gewilde algemenekennis-speletjie *Slim vang sy baas* is terug. Kom kuier saam, speel saam en geniet 'n gratis bier met VIA se slimste gasheer, **Beer Adriaanse.** Dit is mos 'n wen-kombinasie! Om jou gratis bier te ontvang bespreek op Quicket.

5 tot 8 OKT 17:15
60 min | RSG/ATKV-vierkant
Gratis (A)

DIE GESELS-ONTBYT MET LEANDIE DU RANDT

Aangebied deur **VIA**

Gesels, die gewilde kletsprogrom op VIA, kom maak vanjaar 'n eerste Woordfees-draai. Kom sluit aan by **Leandie du Rand**t vir 'n heerlike ontbytervaring vol koffie, klets en praktiese lewenslesse. Maak jou reg vir eerlike gesprekke en 'n lieflike oggend wat jou sal opkikker.

8 OKT 10:00
180 min | Schoon, Stellenbosch Square
R430
Geen o.18 (A)


Leandie du Randt

STELLENBOSCH WYNROETES



DIE STORIE VAN SAUVIGNON BLANC

Kom luister in hierdie boekgesprek- en-wynproe saam met bekroonde Stellenbosse wynmakers na onvertelde stories van Suid-Afrikaanse sauvignon blanc – van vars kusstyle tot komplekse wyne met uitstekende verouderingspotensiaal. Dit is 'n kultivar wat plek, styl én die wynmaker se hand weerspieël. Die gesprek word geanker deur die koffietafelboek *The Story of South African Sauvignon Blanc*, met honderd stories en die besonderse aromawiel met 72 geurprofiele. Kaartjies sluit 'n boek én proe in.

8 OKT 18:00
60 min | Hofmeyrsaal
R550 | Geen o.18 Ⓐ Ⓔ

FROM BLAAUWKLIPPEN TO BORDEAUX

Die manjifieke wyne van die Bordeaux-streek in Frankryk is wêreldbekend. Suid-Afrika, en veral die Stellenbosch-streek, het oor die afgelope paar dekades ook 'n benydenswaardige reputasie opgebou as 'n bron van Bordeauxstyl-versnitte van hoë gehalte. Sluit aan by **Derek Kilpin,** besturende direkteur van Great Domaines-wyn-verspreiders, vir 'n proereis met voor-beelde van Bordeaux tot Blaauwklippen.

8 OKT 17:00
120 min | KleinBlouKlip-plaas
R600 | Geen o.18 Ⓔ

LEEF JOU DROOM

Herontdek jou drome saam met **Minki van der Westhuizen** by Lanzerac. Put inspirasie uit haar borrelende persoonlikheid en passie vir die lewe terwyl jy 'n feestelike laatontbyt geniet.

8 OKT 10:00
120 min | Lanzerac
R890 Ⓐ

STAPSTORIES EN FOTOGRAFIE

Met **Toast Coetzer, Austin Lawrence**

Ontdek die Dwarsriviervallei deur stories en fotografie. Die ervaring begin by die Le Pommier-wynlandgoed, waarna gaste geneem word na die Dwarsrivier-inligtingsentrum vir die begin van die staptog deur Pniel, Johannesdal en Kylemore. Die roete word weer by Le Pommier afgesluit met 'n ligte middagete. Verversings langs die pad ingesluit.

Ondersteun deur **Visit Stellenbosch**
Let wel Daar is geen pendeldiens-busroete na Pniel nie; gebruik asseblief eie vervoer.

10 OKT 10:00
240 min | Le Pommier-wynlandgoed
R750 | Geen o.18 Ⓐ

VISIT STELLENBOSCH

Onverwagte Eerstes

ONVERGEETLIKE OOMBLIKKE


Spier


Jordan Wine Estate


Stapstories


Stellenbosch Street Soirée

Kelderkuiers, stapstories, straatsoiree en wynskool.
Altyd iets nuuts om te proe en te ontdek.

Est. 1971
STELLENBOSCH
WINE ROUTES

Besoek **www.woordfees.co.za** vir meer inligting



STAPSTORIES EN SONOPKOMS

Met **Sophia van Taak, Austin Lawrence**

Begin die dag tussen die berge van die Dwarsriviervallei. Die sirkelroete loop van Villa Verde in Johannesdal tot by Silvermyn en weer terug. Kom geniet stories, natuurskoon en vars lug. Terug by Villa Verde wag 'n ligte ontbyt. Verversings onderweg is ingesluit.

Ondersteun deur **Visit Stellenbosch Let wel** Daar's geen pendeldiens-busroete na Pniel nie, gebruik asseblief eie vervoer.

10 OKT 06:00
180 min | Le Pommier-wynlandgoed
R750 Ⓐ

SENSORIAL TASTING: JOURNEY THROUGH THE VINE

By hierdie intieme ervaring in die Green Room van die Spier Manor House word gaste genooi om geblinddoek deur die Creative Block-wynreeks te proe deur slegs staat te maak op aroma, klank, gevoel, tekstuur en smaak om die verskillende variëteite, voorgesit met drie snoephappie-pasmaats, te verken. Dit is speels, onverwags en dikwels verrassend wat 'n mens oor die wyne én oor jouself leer.

3 OKT 15:00 | **7 OKT** 15:00
10 OKT 15:00
60 min | Spier Manor House
R450 Ⓐ Ⓔ

WOORDFEES-STRAATSOIRÉE

Aangebied deur
Stellenbosch-wynroetes

By hierdie spesiale straatmakietie wat jaarliks gehou word, kan jy jou verlustig in 'n keurspel van kosstalletjies, druiwegenot, musiek, goeie wynversnitte en Bolandse gasvryheid. Kom skink 'n glasie op die kunste en goeie wyn!

10 OKT 18:00
120 min | Ryneveldstraat
R300 | R330 by die deur (wynglas en 12 wynproe-koepons ingesluit)
Geen o.18





WOORDFEES-WYNSKOOL

Aangebied deur
Stellenbosch-wynroetes

Leer, proe, spoeg of sluk… Die Woordfees-wynskool is 'n gesellige en ontspanne ervaring sonder enige snobisme. Verwag interessante gesprekke oor enigiets van kultivars en style tot geheime uit die kelders, maar ook heelwat lag, verrassende stories en natuurlik uitstekende wyn. Drie unieke klasse word aangebied deur wynmakers en wynpersoonlikhede saam met die omroeper **Martelize Brink.**

5 tot 7 OKT 18:00
90 min | Hofmeyrsaal
R230 | R260 by die deur
Geen o.18 Ⓐ Ⓔ

BORRELS 101

'n Vonkelende kennismaking met die wêreld van *bubbly*. Leer meer oor Cap Classique, borrels in jou glas en hoekom sommige wyne beter sprankel as ander.

5 OKT 18:00

CABERNET SAUVIGNON 101

In samewerking met die Stellenbosch Cabernet Collective ontdek ons waarom Stellenbosch wêreldbekend is vir sy cabernet sauvignon. Proe verskillende style en leer meer oor die koning van die rooiwynkultivars.

6 OKT 18:00

WITWYN 101

In hierdie sessie word die wonderlike wêreld van witwyn verken en hoe elke kultivar – van vars sauvignon blanc tot ryk chardonnay en geliefde chenin blanc – sy eie persoonlikheid in die glas wys.

7 OKT 18:00





FILMFEES
IX
VII

kykNET SILWERSKERMFEES
KORTFILMS & KORTDOKUMENTÊRE

Die **kykNET Silwerskermfees** is 'n gesogte en volwaardige Suid-Afrikaanse en Afrikaanse filmfees wat al meer as 'n dekade lank die plaaslike filmbedryf ondersteun, bemagtig en ontwikkel. Terwyl 'n aantal vollengte speelfims van gesoute filmmakers hulle wêrelddebuut of Suid-Afrikaanse buiging by dié prestige-geleentheid maak, is die fees ook 'n toonvenster vir ontluikende talent: 'n Rits kortflieks wat met die nodige mentorskap onder die feesvaandel vervaardig word, laat jaarliks die kollig op hulle handewerk val. Die Woordfees-filmfees wys met dank **6 kortfilms** van opkomende filmmakers, **4 kortfilms** van gevestigde filmmakers en **5 kortdokumentêre** uit die 2026 kykNET Silwerskermfeesprogram. Volledige inligting oor die kortfilms is beskikbaar by www.woordfees.co.za. Hierdie kortfilms is onder mentorskap van **kykNET** en **M-Net** vervaardig en het by die 2026 kykNET Silwerskermfees in Kampsbaai gepremière.

4 tot 9 OKT 13:00
Road House Cinema | Gratis





KORTFILMS


A FAMILY OF VOICES
2026

Met **André van der Merwe, Grace Bagula, Jordan Cridland, Talyah Greyling, Alungile Mto, Lambert Tuyishime**

In Julie 2025 het die US-koor na Aarhus, Denemarke, getoer om aan die Interkultur Europese Koorspele en die Grand Prix of Nations deel te neem. Dié reis het nie net oor koormusiek gegaan het nie, maar ook lewensveranderende ontdekking vir die studente wat die Universiteit Stellenbosch op die wêreldverhoog verteenwoordig het. Hierdie kortfilm volg die koor se reis terwyl dié familie van studentestemme opklink om gehore te betower en Suid-Afrika op die internasionale verhoog te verteenwoordig.

Regisseur **Wayne Muller**
Kinematograaf **Stefan Els**
Klank **Gerhard Roux**

4 OKT 15:30
24 min | Road House Cinema
Gratis



AMAZEZE (VLOOIE)
2025

Met **Brandon Matizanadzo, Kupakwashe Makhuyana, Warren Masemola, Gcina Mkhize, Mthokozisi Nkabinde, Khanya Ramahalia**

Tonderai, 'n jong Zimbabwiese seun wat in 'n Suid-Afrikaanse township woon, wag angstig teen sononder op sy ma se terugkeer van die werk. 'n Xenofobiese bende vat die strate oor en hy vrees die ergste. Hy waak oor sy ernstige siek en bedlêende jonger broer, wat desperaat raak vir drinkwater. Sonder lopende water in hulle plakkershuis moet Tonderai soos 'n knaagdier in die skaduwees rondbeweeg om veilige drinkwater vir sy broer by die gemeenskaplike kraan te gaan haal. Hy waag sy lewe, want sy bure val buitelanders aan.

Vervaardiger
Gabriella Blumberg
Regisseur en skrywer
Jordy Sank

3 OKT 14:00
16 min | Road House Cinema
Gratis | OB 14

COCONUT
2024

Met **Musawenkosi Sambo, Jordan Weidlich, Nzuluwazi Napakade, Kgomotso Ledwaba, Ronan Assor, Palesa Sadike**

'n Jong swart Suid-Afrikaner wat uit voeling raak met sy wortels, kry stry met sy wit vriend wat beweer dat hy meer afrosentries is as hy.

Vervaardiger, regisseur, skrywer en redigeerder **Moshosho Motlhabane**
Kinematograaf **Khensani Makgatholela**

3 OKT 13:00 | **10 OKT** 11:00
19 min | Road House Cinema
Gratis | OB 14

NET KLIPPE AS WAARNEMERS
2026

'n Verbeelde reis deur die dinamiese stelsels wat gesamentlik die omgewingservaring van die Tankwa-Karoo uitmaak. 'n Krag beweeg deur die landskap, abstrak in vorm en tyd, met klippe die enigstes wat in staat is om van die geheel daarvan te getuig.

Regisseur, kinematograaf, redigeerder en klankontwerp **Matty Roodt**


4 OKT 11:00 | **8 OKT** 15:00
28 min | Road House Cinema
Gratis | OB14

SOIL AND GRASS
2026

Soil and Grass volg drie tradisionele vakarbeiders in KwaZulu-Natal – 'n draadmandjiemaker, pottebakker en palmwewer – wie se praktyke tussen landelike erfenis en stedelike aanpassing beweeg. *Soil and Grass* besin oor wat eensaamheid, onsekerheid en die soeke na 'n ware gevoel van "tuiste" beteken, maar is terselfdertyd 'n roerende meditasie oor vroue wat alleen skep.

Regisseur, skrywer en verteller
Lethokuhle Msimang
Kinematograaf **Thebe Gee**

3 OKT 13:30
34 min | Road House Cinema
Gratis | OB 14




THE STONEMASON
2026

In dié animasieprent ontdek 'n klip-messelaar, verteer deur afguns en 'n honger na erkenning, 'n blok marmer wat hy glo sy waarde as beeldhouer sal bewys. Maar wanneer sy pogings faal en sy ego aan skerwe lê, moet hy leer om nabootsing en ambisie te laat vaar omdat ware kuns – soos die self – nie deur geweld gemaak word nie, maar deur te laat gaan.

Regisseur, skrywer, animasie en redigeerder **Erentia Bedeker**
Stelontwerp **Luan Pienaar**
Kinematograaf en aanlynredakteur **Pieter Lombaard**
Musiek **Wilken Calitz**
Klankontwerp **Charles Badenhorst**

10 OKT 13:00
15 min | Road House Cinema
Gratis




THE WIRE AND THE SKY
2026

Met **Kim Goodwin, Adriaan de la Rey**

The Wire and the Sky is gemaak tydens 'n kunstenaarsresidensie van twee weke in die dorre Tankwa-Karoo, 'n ekostelsel wat erg beskadig is deur oorbeweiding. Die film is geïnspireer deur "The Broken String", 'n |Xam-bydrae tot die Bleek-en-Lloyd-argief deur ǁkabbo, en ondersoek ons verlore verbintenis met die natuurlike wêreld en die grense wat gebou is om die natuur te beheer. Nou droom ons daaroor om hierdie wanbalans tussen die mens en die omgewing te herstel.

Vervaardigers **Tankwa Artscape, Thomas Barry, JP de Villiers**
Regisseur, kinematograaf en redigeerder **Adriaan de la Rey**
Klankopname **Charles Palm, Ben Barry**

4 OKT 11:30 | **8 OKT** 15:30
16 min | Road House Cinema
Gratis | OB 14



TWEE SEUNS SIT OP 'N RUGBYVELD
2026

Met **Lian Strydom, Luan Maartens**

'n Intieme dog rou *coming of age*-drama wat in Suid-Afrika afspeel. Die verhaal volg Alec en Stephan, twee 18-jariges wat worstel met die kompleksiteit van manlikheid, identiteit en intimiteit. Oor die verloop van een nag en een dag beweeg Alec tussen broosheid en intensiteit, terwyl Stephan sy rol as versorger en vertroueling moet balanseer. Soos die twee seuns worstel met onuitgesproke waarhede oor depressie, geweld, seksualiteit en liefde, verdiep hulle band op 'n wyse wat hulle lewens vir altyd sal verander.

Regisseur en skrywer **Armand Rossouw**
Kinematograaf **Ivan Malan**
Redigeerder **Marco Coetzee**

5 OKT 14:30 | **10 OKT** 11:30
29 min | Road House Cinema
Gratis | OB 14

InNoSense



SHOWCASE: InNoSense

InNoSense is 'n versameling kort doku-fiksiefilms wat die absurde, geheimsinnige en teer kant van die dood, eensaamheid, betekenis en vryheid in 'n Suid-Afrikaanse konteks ondersoek. Vir die fees word InNoSense uitgebrei tot 'n filmprogram waarin verskillende Suid-Afrikaanse filmmakers nuwe kortfilms rondom hierdie vier temas ontwikkel. Die films beweeg tussen doccie en fiksie, die alledaagse en die vreemde, en gebruik werklike mense, plekke en ervarings as vertrekpunt. Daar sal elke dag van die Woordfees Filmfees *InNoSense*-vertonings wees, gevolg deur 'n gesprek met die filmmaker.

Vervaardiger, regisseur en redigeerder
Wihann Strauss en kie.

3 tot 10 OKT 12:00 | **11 OKT** 21:00
60 min | Road House Cinema

SPEELFILMS



BLACK BURNS FAST
2025

Met **Esihle Ndleleni, Muadi Ilung, Mila Smith, Khensani Khoza, Ntsimedi Gwangwa, Basetsana Motloung**

Die "adorkable" en leergierige Luthando is op koers vir 'n normale akademiese jaar by die gesogte koshuisskool wat sy met 'n beurs bywoon. Die aankoms van 'n nuwe meisie laat Luthando se onderdrukte begeertes ontvlam en bedreig haar verhoudings en alles wat sy gedink het sy van haarself weet.

Skrywer en regisseur **Sandulela Asanda**
Kinematograaf **Pierre de Villiers**
Redigeerder **Talya Kahan**
Klankontwerp **Michael Botha**
Musiek **Sne Dladla**

5 OKT 16:30 | R60 | R70 by die deur

96 min | Road House Cinema
Gratis | Geen o.16

CARISSA
2024

Met **Gretchen Ramsden, Wilhelmiena Hesselman, Hendrik Kriel, Elton Landrew**

In 'n klein bergdorpie wat op die punt staan om in 'n luukse gholflandgoed ontwikkel te word, moet 'n jong vrou 'n groot keuse maak: Moet sy stad toe gaan om 'n "sukses" in die lewe te word, of moet sy haar oupa se rooibosteeplaas oorneem?

Vervaardigers **Deidré Jantjies, Annemarie du Plessis, Devon Delmar, Jason Jacobs**
Skrywers en regisseurs **Jason Jacobs, Devon Delmar**
Kinematograaf **Gray Kotzé**
Redigeerder **Devon Delmar**

4 OKT 16:00
90 min | Road House Cinema
R60 | R70 by die deur | OB 14

DIE KWIKSILWERS
2024

Met **Lida Botha, June van Merch, Susanne Beyers, Theresa Sedras, Jacques Bessenger**

Elsabe Marais, 'n weduwee in haar tagtigs, en haar drie bejaarde vriendinne vertrek op 'n skreeusnaakse reis deur die Karoo om 'n meteoorreën in Sutherland te ervaar. Hulle het drie dae om daar uit te kom, maar om dié droom te verwesenlik sal hulle Elsabe se oorbeskermende seun, wat op hulle hakke is, moet ontduik en uitoorlê.

Vervaardiger **Gabriella Blumberg**
Regisseur **Jordy Sank**
Skrywers **Gabriella Blumberg, Jordy Sank, Marista van Eeden**
Redigeerder **Esther Badenhorst**
Kinematograaf **Gavin Pincus**
Klankbaan en musiek **Edward George King**

10 OKT 15:00
90 min | Road House Cinema

R60 | R70 by die deur | OB 14

HEN
2025


Met **Dawian van der Westhuizen, Amalia Uys, Stian Bam**

Ná 'n grusame bloedbad ontdek Dawid 'n verwilderde seun wat in 'n kis op 'n afgeleë plaas versteek is. Gedryf deur hul pligsbesef neem Dawid en sy vrou, Hanna, die seun in. Maar Lukas is nie 'n gewone kind nie. Hoewel hy onskuldig voorkom, dra hy 'n onverklaarbare vloek – 'n onsigbare mag wat waansin en wanhoop saai onder dié wat hom liefkry.

Skrywer en regisseur **Nico Scheepers**
Kinematograaf **Chris Lotz SASC**
Klankontwerp **Tim Pringle**
Redigeerder **Regardt Botha**

3 OKT 16:30





NOTES FROM THE UNDERGROUND

2026

Notes from the Underground volg die Hip Hop-beweging oor verskillende geslagte en vier dekades heen – van die 1980's tot vandag. Selfkennis vorm die hart van die beweging. In Kaapstad word dit 'n manier om kultuur terug te eis, uitgewiste geskiedenisse te herskryf en nuwe identiteite te smee in die nadraai van kolonialisme en apartheid. Deur persoonlike verhale uit verskillende geslagte en woonbuurte onthul die film hoe hip hop méér as musiek geword het – 'n kragtige instrument vir selfontdekking, aktivisme, spirituele bewuswording en gemeenskapsbemagtiging.

Regisseurs **Adrian van Wyk, Chris Ketz**



4 OKT 17:30
82 min | Road House Cinema
R60 | R70 by die deur | Geen o.16

STREET TRASH

2024


Met **Sean Cameron Michael, Donna Cormack-Thomson, Joe Vaz, Lloyd Martinez Newkirk, Shuraigh Meyer, Gary Green, Warrick Grier, Andrew Roux, Ryan Kruger**

In die jaar 2050 het wêreldwye ekonomiese onrus die middelklas in Kaapstad vernietig en in ultrarykes en haweloses verdeel. Ronald en 'n groep van sy hawelose buitestandervriende ontdek 'n komplot van die plaaslike regering om met 'n bose chemiese middel genaamd V al die laaste hawelose mense in die stad uit te wis. Die film word gevolg deur 'n V&A met die filmmakers.

Regisseur **Ryan Kruger**
Skrywers **Ryan Kruger, James C. Williamson**
Gegrond op *Street Trash* (1987) deur **J. Michael Muro** en **Roy Frumkes**
Kinematograaf **Fabian Vettiger**
Redigeerder **Stephen du Plessis**
Musiek **Ebenhaezer Smal**

5 OKT 20:00


OPEN WINDOW
IDEAS THAT
SHAPE TOMORROW
The future doesn't happen by accident. It's imagined, designed, written, filmed, animated, and created.
At Open Window, creativity shapes what comes next.
VISIT OUR CAMPUS IN STELLENBOSCH!
Scan these QR Codes for more details on the qualifications we offer:
HIGHER CERTIFICATES
DEGREES
POSTGRAD
THE FUTURE IS WRITTEN BY CREATORS.
OPENWINDOW.CO.ZA
012 648 9200



86 min | Road House Cinema
R60 | R70 by die deur | Geen o.18

THANDA
2026

Dié dokumentêr speel af in Khayelitsha, een van Suid-Afrika se gevaarlikste woonbuurte, waar 'n jeugkoor 'n baken van hoop is. Deur musiek takel hierdie jong stemme armoede en misdaad en vind eenheid, doelwitte en selfuitdrukking. Dit is meer as net 'n fliek oor musiek; dit bied 'n intieme blik op die lewe in Khayelitsha terwyl die koor daarna streef om die narratiewe te herskryf en 'n permanente oefenruimte vir hulle toekoms te verseker.

Regisseur, redigeerder en kinematograaf **Jack Zakrajsek**
Vervaardiger **Jordan Wollman**
Kinematograaf **Ethan Burmeister**

5 OKT 15:00
74 min | Road House Cinema
R60 | R70 by die deur | OB 14

THE HEART IS A MUSCLE
2025

Met **Keenan Arrison, Dean Marais, Melissa de Vries, Danny Ross, Ridaa Adams, Loren Loubser, Robyn Rossouw, Lincoln van Wyk, Troy Paulse, EB Inglis, Marlon Swart, Ayden Croy, Muneel Jacobs**

